
Departement van Kultuursake en Sport
Jaarverslag 2011/2012

Dr IH Meyer

Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport

Ek het die eer om die Jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport vir die tydperk 1 April 2011 tot 31 Maart 2012 voor te lê.



BRENT WALTERS

31 Augustus 2012

Inhoud

DEEL 1: ALGEMENE INLIGTING	1
1.1 Visie, missie en waardes.....	1
1.2 Organisasoriese struktuur	2
1.3 Wetgewende mandaat	3
1.4 Entiteite wat aan die Minister verslag doen	8
1.5 Minister se verklaring.....	9
1.6 Rekenpligtige Beampte se oorsig.....	10
DEEL 2: INLIGTING OOR VOORAFBEPAAALDE DOELWITTE.....	12
2.1 Algehele prestasie	12
2.2 Programprestasie	38
DEEL 3: FINANSIËLE JAARSTATE	68
3.1 Verslag van die Ouditkomitee vir die jaar geëindig 31 Maart 2012	68
3.2 Verslag van die Rekenpligtige Beampte	71
3.3 Verslag van die Ouditeur-General van Suid-Afrika	81
3.4 Finansiële Jaar state	85
• Begrotingstaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2012	85
• Aantekeninge by die Begrotingstaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2012	99
• Staat van finansiële prestasie vir die jaar eindigende 31 Maart 2012.....	101
• Staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2012	102
• Staat van verandering in netto bates vir die jaar geëindig 31 Maart 2012	103
• Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2012.....	104
• Rekeningkundige beleidsrigtings vir die jaar geëindig 31 Maart 2012	105
• Aantekeninge by die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2012.....	111
• Aantekeninge by die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2012.....	121
• Bylae by die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 21 Maart 2012.....	131
DEEL 4: MENSEHULPBRONBESTUUR	142
Akronieme	174
Kontakpersone	176

DEEL 1: ALGEMENE INLIGTING

1.1 Visie, missie en waardes

Visie

'n Sosiaal kohesiewe, kreatiewe en aktiewe Wes-Kaap.


Missie:

Ons bevorder uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur deur die effektiewe, doeltreffende en volhoubare aanwending van ons hulpbronne, en deur kreatiewe vennootskappe met andere. In die skuif na uitmuntendheid, sal ons die toestande skep vir toeganklikheid en massa-deelname, identifikasie van talent en vaardigheidsontwikkeling.

Waardes

- Integriteit;
- Aanspreeklikheid;
- Bevoegdheid;
- Responsiwiteit; en
- Sorgsaamheid.

1.2 Organisasoriese struktuur



1.3 Wetgewende mandaat

Die Departement beskou die wetgewende mandaat waarop sy algehele funksionering gegrond is as bindend, naamlik doelmatige, billike en toeganklike dienslewering, gegrond op die Regering se Witskrif oor Transformasie in Openbare Dienslewering, "Die Batho Pele-Inisiatief".

Die Departement funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate hieronder beskryf.

Grondwetlike mandate

Afdeling	Direkte Verantwoordelikheid van die Departement om Nakoming te verseker
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3) en (4): Taal	Die Wes-Kaapse Regering moet, deur middel van wetgewende en ander maatreëls, sy gebruik van amptelike tale bepaal en monitor. Alle amptelike tale moet gelyke aansien geniet en onpartydig behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee, in samewerking met die Departement van Kultuursake en Sport, het 'n verantwoordelikheid om die implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalbeleid, wat in 2001 aangeneem is, te monitor en moet minstens een keer 'n jaar verslag doen aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer oor hierdie mandaat.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die departement fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat dit aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kultuur, godsdienst- en taalgemeenskappe	Die Departement moet seker maak dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsverhoudings	Die Departement werk saam met alle regeringsfere. Ooreenkomstig sy spesifieke mandate, werk die Departement in noue samewerking met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en die nasionale Departement van Sport en Ontspanning, nasionale en provinsiale openbare entiteite, en munisipaliteite in die Wes-Kaap.
Artikel 156(4): Oordrag van bevoegdheid	Die Departement moet, deur ooreenkoms en onderhewig aan enige voorwaardes, die administrasie van 'n saak wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 gelys word wat noodwendig verband hou met plaaslike regering, aan 'n munisipaliteit oordra of deleger indien- (a) daardie saak plaaslik op die mees effektiewe manier geadminestreer sou word; en (b) die munisipaliteit die bevoegdheid het om dit te administreer. Die Departement fasiliteer die lewering van openbare biblioteekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur gelewer deur die Voorwaardelike Toekenning vir Gemeenskapsbiblioteke, met verdere ondersteuning uit die Provinsiale Tesourie Munisipale Vervangingsfonds.
Bylae 4: Funksionele gebiede van gesamentlike Nasionale en Provinsiale wetgewende bevoegdheid	Kultuursake: • Die Departement werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsorgane betreffende gesamentlike kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede. Taalbeleid en die regulering van amptelike tale in die mate wat die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer verleen: • Die Departement werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsorgane betreffende taalbeleidsake.

Afdeling	Direkte Verantwoordelikheid van die Departement om Nakoming te verseker
<p>Bylae 5: Funksionele gebiede van eksklusiewe Provinsiale wetgewende bevoegdheid</p>	<p>Argiewe behalwe die nasionale argief:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement het 'n mandaat om provinsiale wetgewing betreffende argiewe, behalwe die nasionale argief, op te stel en die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die Provinsiale Argief- en Rekorddiens. <p>Biblioteke buiten nasionale biblioteke:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement het 'n mandaat om provinsiale wetgewing betreffende biblioteke, buiten nasionale biblioteke, op te stel en die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir lewering van die Provinsiale Biblioteek- en Inligtingsdiens en vir noue samewerking met openbare biblioteekowehede vir die lewering van 'n openbare biblioteekdiens. <p>Museums behalwe nasionale museums:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement het 'n mandaat om eksklusiewe provinsiale wetgewing betreffende museums, behalwe nasionale museums, op te stel en die implementering daarvan te bestuur. Die departement is verantwoordelik vir lewering van die provinsiale Museumdiens en vir noue samewerking met geaffilieerde museums om hierdie museums te ondersteun. <p>Provinsiale kultuursake (insluitende erfenishulpbronbestuur en geografiese name):</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement verskaf personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe steun aan Erfenis Wes-Kaap om sy regsmandaat uit te oefen. Die Minister het ook bepaalde regsbevoegdhede en is die benoemde appèlowerheid ingevolge die wetgewing. <p>Die Departement verskaf professionele en ander steun aan die Wes-Kaapse Geografiese Naamkomitee om openbare oorleg in die Wes-Kaap te fasiliteer betreffende die standaardisering van en verandering aan geografiese name en om aanbevelings te doen aan die Suid-Afrikaanse Geografiese Naamkomitee. Die Departement verskaf professionele en ander steun aan hierdie Komitee.</p> <p>Sport: Die Departement se taak is om hulp te verleen met die skepping van 'n omgewing wat voorsiening maak vir provinsiale sport- en ontspanningsaktiwiteite.</p>
<p>Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat Publieke Administrasie reguleer.</p>	<p>Departementele amptenare is verantwoordelik vir voldoening aan die bepalings van artikel 195. Hierdie artikel beskryf die demokratiese waardes en beginsels wat openbare amptenare reguleer. Artikel 195(1)(b) vereis bevordering van die doelmatige, ekonomiese en effektiewe aanwending van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laags moontlike koste moet lewer.</p>
<p>Artikels 92 en 133</p>	<p>Beklemtoon dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is aan die Parlement vir die uitoefening van hulle bevoegdhede en die verrigting van hulle funksies. Dit meld verder dat hulle "volledige en gereelde verslae betreffende sake onder hulle beheer aan die Parlement moet voorlê". Artikel 133 brei hierdie vorm van aanspreeklikheid uit na die LUR van 'n provinsie.</p>
<p>Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998)</p>	
<p>Artikel 5</p>	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering:</p> <p>(a) moet die amptelike tale Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word; en</p> <p>(b) geniet hierdie tale gelyke status.</p> <p>Die Wes-Kaapse Regering moet, deur middel van wetgewende en ander maatreëls, sy gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa bepaal en monitor.</p> <p>Die Wes-Kaapse Regering moet ook praktiese en positiewe maatreëls implementeer om die status te verhoog en die gebruik te bevorder van die inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap waarvan die status en gebruik histories ingekort is.</p>
<p>Artikel 70</p>	<p>Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instel en billike befondsing binne die Provinsie se beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Wes-Kaap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die Departement het toesig oor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie betreffende die implementering van die wetgewing wat vir dié doel gepromulgeer is.</p> <p>Registrasie van en steun aan kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, een van die Provinsiale openbare entiteite waarvoor die Departement van Kultuursake en Sport verantwoordelik is, is belas met die registrasie van, en steun aan, geregistreeerde kultuurrade.

Afdeling	Direkte Verantwoordelikheid van die Departement om Nakoming te verseker
Artikel 81	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet beleidsrigtings aanvaar en aktief implementeer om die welsyn van die mense van die Wes-Kaap te bevorder en te handhaaf, insluitende beleidsrigtings gefokus op die bereiking van:</p> <ul style="list-style-type: none"> die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en die beskerming en bewaring van die natuurlike historiese, kulturele, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. <p>Die Departement implementeer spesifieke beleide om hierdie bepalings te ondersteun.</p>
Artikel 82	<p>Die direkte wese beginsels van provinsiale beleid in Hoofstuk 10 (artikel 81) is nie regtens afdwingbaar nie, maar gee riglyne vir die Wes-Kaapse Regering in die opstel en toepassing van wette.</p>

Wetgewende mandate

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van die Departement
Algemeen		
Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999	Wet 1 van 1999	Departementele bestuur
Wysigingswet op die Staatsdiens, 2007	Wet 30 van 2007	Hierdie Wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die Departement, die regulering van diensvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, affrede en ontslag van lede van die staatsdiens, en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste, 2011	Wet 6 van 2011	Die Departement ontvang voorwaardelike toekennings ooreenkomstig die Wet op die Verdeling van Inkomste (WVI) en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.
Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste		
Wet op Kultuurinstellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die departement moet met nasionaal verklaarde kultuurinstellings skakel en saamwerk betreffende kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Wet op Kultuurbevordering, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap oorgedra en die Departement is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die Wet.
Wet op Kultuursake (Nasionale Vergadering), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap oorgedra en die Departement is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die Wet.
Wet op Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die Departement is verantwoordelik vir benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger in die Advieskomitee vir die Nasionale Argief. Die Departement is verantwoordelik vir nakoming van die nasionale norme en standaarde wat ooreenkomstig hierdie wetgewing gestel word.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die Departement is verantwoordelik vir benoeming van 'n Wes-Kaapse Provinsiale verteenwoordiger in die Nasionale Kunsteraad, vir samewerking en koördinasie met die Nasionale Kunsteraad en vir befondsing van die Nasionale Kunsteraad vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die Departement is verantwoordelik vir benoeming van 'n Wes-Kaapse Provinsiale verteenwoordiger in die Nasionale Erfenisraad (NER), en vir samewerking en koördinering van aktiwiteite in verband met befondsing en projekte wat die NER in die Wes-Kaap aanvoer.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	<p>Die Departement verseker nakoming deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Erfenisraad, Wes-Kaap, in die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA).</p> <p>Die Departement verseker nakoming van wetgewing deurdat die Minister 'n Erfenisraad Wes-Kaap moet aanstel as die Wes-Kaapse provinsiale erfenisowerheid. Die Departement het ook die verantwoordelikheid om met SAEHA, Erfenis Wes-Kaap en munisipaliteite te skakel en saam te werk betreffende die bestuur van erfenishulpbronne. Die Departement lewer ondersteuning in gevalle waar appèl teen besluite van Erfenis Wes-Kaap by die Minister aangeteken word.</p>
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995 (artikel 8(a))	Die Departement het toesig oor die Wes-Kaapse Taalkomitee, wat deur PanSAT as sy provinsiale taalkomitee vir die Wes-Kaap erken word.

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van die Departement
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die Departement is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die wetgewing om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger in die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te benoem, om geografiese name in die Wes-Kaap na te vors ten einde standaardisering te verseker en, waar nodig, om oorlegpleging betreffende voorgestelde veranderings aan hierdie name te fasiliteer.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die Departement is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die wetgewing om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger in die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenis Advieskomitee aan te stel. Dit dra ook die verantwoordelikheid vir nakoming van die bepalings van die Wet en die Wêrelderfeniskonvensie betreffende die benoeming van potensiele terreine op die Suid-Afrikaanse Tentatiewe Lys en die benoeming van terreine op die Suid-Afrikaanse Tentatiewe Lys in UNESCO se Wêrelderfeniskomitee.
Sport		
Wet op Nasionale Sport en Ontspanning, 1998	Wet 110 van 1998	Om voorsiening te maak vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en koördinerende verhoudings tussen SASCOC [<i>South African Sports Confederation and Olympic Committee</i>], Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA), sportfederasies, sportrade en ander agentskappe. Om voorsiening te maak vir maatreëls wat gemik is op die regstel van wanbalanse in sport en ontspanning; om gelykheid en demokrasie in sport te bevorder; en om voorsiening te maak vir geskilbeslegtingsmeganismes in sport en ontspanning ten einde die Minister in staat te stel om regulasies uit te vaardig en vir aangeleenthede in verband daarmee.

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van die Departement
Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste		
Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998	Die Departement het toesig oor die Wes-Kaapse Taalkomitee. Die Minister is verantwoordelik vir die heraanstelling van die Komitee vir elke agtereenvolgende ampstermyn. Dit verskaf ook professionele en ander steun aan die Komitee.
Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurraad, 1998	Wet 14 van 1998	Die Departement het toesig oor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie. Die Minister is verantwoordelik vir die heraanstelling van die Komitee vir elke agtereenvolgende ampstermyn. Dit verskaf ook professionele en ander steun aan die Komitee.
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuurregulasies	PN 336 van 25 Oktober 2002	Die Departement het toesig oor Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbronowerheid. Die Minister is verantwoordelik vir instelling van die owerheid en vir heraanstelling van 'n Raad vir elke agtereenvolgende ampstermyn. Die Departement verskaf professionele en ander steun aan hierdie Komitee.
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuurregulasies, 2003	PN 298 van 29 Augustus 2003	Die Departement het toesig oor Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbronowerheid. Die Minister is verantwoordelik vir instelling van die owerheid. Die Departement verskaf ook professionele en ander steun aan die Raad.
Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005	Die Departement is verantwoordelik vir implementering van die bepalings van hierdie Wet.
Sport		
Geen		
Provinsiale Ordonnansies: Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste		
Museumordonnansie, 1975	Ordonnansie 8 van 1975	Die Departement is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.
Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh) Ordonnansie, 1979	Ordonnansie 11 van 1979	Die Departement is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.
Provinsiale Biblioteekdiensordonnansie, 1981	Ordonnansie 16 van 1981	Die Departement is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Beleidsmandate

Beleid	Sleutelverantwoordelikhede van die Departement
Nasionale beleidsrigtings	
Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis (1996)	Die beleidskrif maak voorsiening vir 'n nasionale raamwerk vir 'n gesamentlike beleid vir beide die nasionale en al nege provinsiale departemente se beleid oor kuns, kultuur en erfenis en biblioteek- en argiefdienste ná omvattende openbare oorlegplegingsprosesse.
Nasionale Taalbeleidraamwerk (2003)	Die beleid maak voorsiening vir 'n nasionale raamwerk vir toepassing van die bepalings van die Grondwet en wetgewende mandate aan alle staatsorgane, insluitende die Departement. Dit detailleer ook die beginsels en implementeringstrategieë wat gevolg moet word.
Nasionale Rekordbestuursbeleid (Rekordbestuursbeleid-handleiding 2007)	Die beleid bepaal die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame moet funksioneer betreffende die bestuur van hul rekords en hoe die Departement oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap toesig moet hou.
Bestuur van Elektroniese Rekords in Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Die beleid gee voorligting aan regeringsliggame om hulle te help om as 'n integrale deel van rekordhulpbronbestuur aan wetgewende vereistes betreffende elektroniese rekords te voldoen. Die Departement moet voldoen aan die voorgeskrewe nasionale en internasionale standaarde, waar toepaslik, op hardeware, sagteware en bewaringsmedia vir argiefbewaring.
Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning	Die beleid verwys na "Om die nasie aan die speel te kry" en beklemtoon die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • Verhoging in vlakke van deelname aan sport en ontspanning; • Verhoging van sport se profiel te midde van botsende prioriteite; • Maksimalisering van die kans op sukses by belangrike gebeurtenisse; en • Plasing van sport aan die voorpunt van pogings om misdaadvlakke af te bring. Die algehele verantwoordelikheid vir beleidsbepaling en lewering van sport en ontspanning ressorteer onder die nasionale Departement van Sport en Ontspanning (Sport en Ontspanning Suid-Afrika).
Wes-Kaapse Skolesportbeleid (2002)	Die Departement sal groter verantwoordelikheid moet aanvaar om die groei en ontwikkeling van skolesport te verseker.
Regeringswye Moniterings- en Ewalueringsbeleidraamwerk	Die doel van die Regeringswye Moniterings- en Ewalueringsstelsel is om by te dra tot verbeterde bestuur en om die doeltreffendheid van organisasies en instellings in die openbare sektor te versterk. Hierdie dokument verskaf die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitering en ewaluering in Suid-Afrika. Dit bepleit ook die ontwikkeling van 'n moniterings- en ewalueringstelsel en bevorder uitkomsgebaseerde bestuur.
Groenskrif oor Prestasiebestuurmonitering en -ewaluering	'n Kernelement van die benadering is 'n fokus op die prioriteite waartoe die Regering in die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk ingestem het. Die oogmerk is om regeringsamptenare en die Uitvoerende Owerheid te mobiliseer om daarop te fokus om die uitkoms en uitsetmaatreëls wat deur die regering gestel is, te behaal. Die proses het ten doel om departementele en individuele prestasie op alle vlakke te lei.
Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die opstel van 'n M- en E-Raamwerk.	Die riglyne maak voorsiening vir die formulering van 'n moniterings- en ewalueringraamwerk in alle regeringsinstellings. Die doel daarvan is om as 'n instrument te dien om instellings se vordering teen hulle gemelde doelwitte te assesser. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelsels en prestasie-aanwysers moet hê. Die aanwysers moet gekoppel word aan spesifieke beleidsopdragte en analise van die stelsel aanwysers moet plaasvind om enige oorsaak-en-gevolgverhoudings vas te stel.
Nasionale Sport en Ontspanning Indaba- Verklaring	Dit vereis dat die Departement se sleuteldeelwitte in lyn gebring moet word met die strategiese stukrag van die verklaring waarin die visie vir sport en ontspanning vir die volgende agt jaar uiteengesit word.
Provinsiale beleidsrigtings	
Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiensbeleid	Die beleid verskaf riglyne vir strategiese beplanningsprosesse en gedetailleerde funksies wat deur die Biblioteekdiens gedoen word. Dit verskaf ook 'n bestuurstelsel aan die komponent.
Wes-Kaapse Taalbeleid (gepubliseer in <i>Provinsiale Staatskoerant</i> as PN369/2001 va 27 November 2001)	Die Departement, tesame met al die ander provinsiale departemente, word verplig om die bepalings van die beleid te implementeer. Daarbenewens is die Departement daarmee belas om deur 'n sentrale taaleenheid taaldienste aan die Wes-Kaapse Regering te verskaf.
Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (2009)	Die befondsingsbeleid rig die toewysing van finansiële bystand aan kultuurorganisasies.
Sport en Ontspanning Befondsingsprogram (2003)	Die befondsingsbeleid rig die toewysing van finansiële bystand aan sportorganisasies.

Beleid	Sleutelverantwoordelikhede van die Departement
Konsepbeleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese Kenmerke (2007)	Die konsepbeleid sit die maatstawwe uiteen wat deur die Departement en die Wes-Kaapse Geografiese Naamkomitee (h adviesliggaam) oorweeg moet word en prosesse wat gevolg moet word by fasilitering en oorlegpleging met belanghebbers en gemeenskappe oor die standaardisering van, herbenoeming van, of veranderings aan, bestaande geografiese name. Hierdie liggame doen aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Geografiese Name en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiewye Moniterings- en Evalueringstelselstrategie (konsep)	Hierdie dokument dien as h Provinsiale reaksie op die regeringswye M- en E-Stelsel. Dit het ten doel om verslagdoening deur die uitvoerende gesag te verbeter en om toenemend bewese besluitneming te gee vir beleidsverfyning en hulpbrontoewysing ten einde bestuur te verbeter.
Konsep Wes-Kaapse Kultuurbeleid (2004)	Die konsepbeleid is wyd bespreek op 'n reeks streekoorlegplegingsessies as h voorloper tot die nasionale beleidsoorsig vir kuns, kultuur en erfenis. Nóg die nasionale beleidsoorsig, nóg die Konsep Wes-Kaapse Kultuurbeleid is al afgehandel.
Konsep Wes-Kaapse Museumbeleid (2012)	Die konsepbeleid gee h grondslag vir individue en gemeenskappe om binne die bepalinge van die Grondwet, museums in die Wes-Kaap te stig en te onderhou. Dit stel ook h raamwerk voor vir die voorgestelde nuwe Wes-Kaapse provinsiale museumwetgewing wat die verouderde Museumordonnansie, 1975 (no. 8 van 1975) vervang.

Strategieë	Sleutelverantwoordelikhede van die Departement
Nasionale strategieë	
Raamwerk vir samewerking oor die organisering, koördinerings en bestuur van skolesport in Suid-Afrika (17 Maart 2004)	Om hulp te verleen met die totstandbrenging van h bemagtigende omgewing vir skolesport.
Voorwaardelike Toekenning: Biblioteek-Herkapitaliseringsprogram vir die verbetering van gemeenskapsbiblioteekdienste.	Die Departement is verantwoordelik vir die geslaagde implementering en bestuur van die voorwaardelike toekenningsprojek in die Wes-Kaap.
Provinsiale strategieë	
Genre-Ontwikkelingsstrategie (2008)	Gee die raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en behoud van kunsvorme in die provinsie.
Kultuurforumstrategie	Om samewerking tussen die Departement en gemeenskappe te verbeter deur die totstandbrenging en bemagtiging van kultuurforums.
Skolesport Akte van Ooreenkoms tussen die Departement van Kultuursake en Sport en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (Mei 2007)	Om met die WKOD saam te werk om te help met die lewering van skolesport in die Wes-Kaap.

1.4 Entiteite wat aan die Minister verslag doen

Onderstaande entiteite doen verslag aan die Minister van Kultuursake en Sport:

Naam van entiteit	Wetgewing	Aard van Onderneming
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	Wes-Kaapse Kultuurkommissies en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998)	Regtens verantwoordelik vir die registrasie en deregistrasie van kultuurrade. Dit is ook deur die Minister belas met die bestuur van bepaalde kultuurfasiliteite wat die Minister onder sy beheer geplaas het.
Wes-Kaapse Taalkomitee	Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1988)	Verantwoordelik vir: formulering van h provinsiale taalbeleid; monitering en evaluering van die implementering van die taalbeleid; en terugrapportering aan die Minister. Die Komitee is ook verantwoordelik vir advies aan ander lede van die Wes-Kaapse Kabinet en provinsiale departemente en instellings oor hierdie aangeleentheid.
Erfenis Wes-Kaap	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)	Die entiteit is ook belas met spesifieke regsverantwoordelikhede synde die provinsiale erfenishulpbronne-owerheid vir die Wes-Kaap.

1.5 Minister se verklaring

Die Wes-Kaapse Regering is verbind tot die totstandbrenging van 'n opegeleentheid-samelewing. Die werk van die Departement gedurende die oorsigtydperk was gerig op stukrag aan hierdie verbintenis en uitvoering van die Departement se visie van 'n "sosiaal-samehorige, kreatiewe en aktiewe Wes-Kaap". Hierdie verslag bied dus insig in die mate waarin die Departement daarin geslaag het om deelname aan sport, ontspanning, kuns en kultuur te verhoog en om groter toeganklikheid tot ons biblioteke, argief, museums en taal- en erfenisdienste te verskaf.

Die Jaarverslag weerspieël ook die mate waarin ons programme die vaardighede uitgebou het van nie slegs diegene wat aan sport en kultuuraktiwiteite deelneem nie, maar ook van diegene wat betrokke is by die administrasie, leierskap en bestuur van ons instellings en sport- en kultuurorganisasies.

'n Kritiese prioriteit gedurende die oorsigjaar was die implementering van ons skolesportstrategie. Die departement gee dus insig in die implementering van strukture soos die MGO- (Massa deelname, Geleentheid en toegang; Ontwikkeling en groei) Sportsentrums, en die SGVOP-(Skolesport; Gesondheidsbevordering; Vooruitgang deur Ontspanningsprogramme) Sentrums wat nie slegs die skool sentraal tot skolesport geplaas het nie, maar ook die begin van groter volhoubaarheid vir skolesport aangedui het.

Die Departement het erkenning gegee aan uitmuntendheid en sosiale insluiting bevorder deur die jaarlikse Wes-Kaapse Sporttoekennings, die jaarlikse Kuns-, Kultuur-, Museum-, Erfenis-, Taal- en Argiefdienstoekennings, en deur die Legende-toekennings aan te bied.

Hierdie Jaarverslag bied ook insig in die mate waarin die Departement kon verseker dat die landelike gebiede van die Wes-Kaap hulle billike deel van die geleenthede wat die sport- en kultuursektore aanbied, ontvang.

Ek spreek my waardering uit teenoor die Premier en kollegas in die Kabinet vir hulle leierskap en ondersteuning, die Staande Komitee vir Kultuursake en Sport, ons belanghebbendes, sowel as vennote in die burgerlike samelewing, die regering en plaaslike owerhede wat ons sukses moontlik gemaak het. Laastens wil ek die Departement se senior bestuur en amptenare bedank vir hulle volgehoue ondersteuning en toewyding in die strewe na uitmuntende dienslewering aan die mense van die Wes-Kaap.



DR. I H MEYER

PROVINSIALE MINISTER: KULTUURSAKE EN SPORT

1.6 Rekenpligtige Beampte se oorsig

1. Dit is my voorreg om hierdie Jaarverslag vir die Departement van Kultuursake en Sport vir die oorsigtydperk voor te lê.
2. Die strategiese stukrag wat vir die 2011/2012-jaar impetus aan die Departement gegee het, was die volgende:
 - om effektiewe en doelmatige administratiewe dienste te lewer;
 - om alle kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap te bevorder, ontwikkel en transformeer ten einde by te dra tot nasiebou, goeie regering en maatskaplike en mensekapitaalontwikkeling; en volhoubare geleenthede vir ekonomiese groei;
 - om volhoubare biblioteek-, inligtings- en argiefdienste te ontwikkel, transformeer en bevorder; en
 - om sosiaal kohesiewe sport en ontspanningstrukture en -aktiwiteite te inisieer en ondersteun.
3. Gedurende die oorsigtydperk het die Kabinet van die Wes-Kaapse Regering die klem verskuif van sosiale kohesie na sosiale insluiting. In lyn met hierdie verskuiwing, het die Departement sy visieverklaring verander na 'n "sosiaal inklusiewe, aktiewe en kreatiewe Wes-Kaap" met ingang 1 April 2012.
4. In die 2011/12-finansiële jaar was daar 'n beduidende verhoging in die begroting vir die Departement van Kultuursake en Sport (DKES), grootliks om die verskaffing van biblioteekdienste in Kategorie B3-munisipaliteite moontlik te maak. Die voorsiening van hierdie munisipale vervangingsbefondsing het die biblioteekuitgawes van hierdie munisipaliteite met tot 95% gesubsidieer. Dit het 'n gedeeltelike oplossing van die onbefondsde mandaatkwessies ten opsigte van munisipale biblioteekdienste teweeg gebring.
5. Die oorsigtydperk het ook finalisering van 'n konsep provinsiale museumbeleid gebring. Hierdie beleid verskaf 'n oorkoepelende raamwerk vir die institusionele argitektuur en vorms van museums. Die Departement is voornemens om voor die einde van die 2013/14-finansiële jaar wetgewing in hierdie verband ter tafel te lê.
6. Die Jaarverslag bevat gedetailleerde inligting oor die Departement se prestasies en aktiwiteite, maar ek wil graag die volgende beklemtoon:
 - Die bekendstelling van die MGO [Massa deelname, Geleentheid en toegang; en Ontwikkeling en groei] -program wat die jeug in staat stel om na normale skoolure deel te neem aan sport- en kultuuraktiwiteite. Gedurende die oorsigjaar was daar altesaam funksionerende 176 MGO-sentrums.
 - 'n Verdere uitbreiding van die plattelandse biblioteekverbindingprojek na plattelandse gemeenskappe in die Wes-Kaap.
 - Ondersteuning aan 111 sportfederasies en 65 kuns- en kultuurfederasies; en
 - Die bekendstelling van drie nuwe museumtentoonstellings.
7. Die DKES se werk het diepte en trefwydte regdeur die provinsie van die Wes-Kaap. Personeel van die Departement verrig hulle werk in 50 openbare instellings en 176 skole om te verseker dat ons inderdaad na 'n meer sosiaal inklusiewe samelewing beweeg.

Ek dank u



MNR. BRENT WALTERS

DEPARTEMENTSHOOF

DEEL 2: INLIGTING OOR VOORAFBEPAALE DOELWITTE

2.1 Algehele prestasie

2.1.1 Bewilligde fondse

R'000			
Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Bedrag werklik bestee	Oor-/Onderbesteding
313 158	352 480	351 888	592
Verantwoordelike LUR	Minister van Kultuursake en Sport		
Besturende departement	Departement van Kultuursake en Sport		
Rekenpligtige Beampte	Departementshoof van Kultuursake en Sport		

2.1.2 Doelwit van die begrotingspos

Ons bevorder uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur deur die effektiewe, doeltreffende en volhoubare aanwending van ons hulpbronne, en deur kreatiewe vennootskappe met andere. In die strewe na uitmuntendheid, sal ons die toestande skep vir toeganklikheid en massadeelname, identifikasie van talent en vaardigheidsontwikkeling.

2.1.3 Strategiese uitkomsgerigte doelwitte

Die Departement se strategiese doelwitte is:

- 'n Effektiewe, doeltreffende, ekonomiese administratiewe diens;
- die bevordering, ontwikkeling en transformasie van alle kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap om by te dra tot nasiebou, goeie regering en maatskaplike ontwikkeling; en volhoubare geleenthede vir ekonomiese groei;
- die bevordering, ontwikkeling en transformasie van volhoubare biblioteek-, inligtings- en argiefdienste; en
- sosiaal kohesiewe sport- en ontspanningstrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en te ondersteun.

2.1.4 Oorsig van die diensleweringssomgewing vir 2011/12

Program 2: Kultuursake

Gedurende die 2011/12 finansiële jaar het die departement projekte onder die banier van die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) geïmplementeer. Dit het die geleentheid gebied vir

innoverende denke en implementering van projekte dwarsoor die Kaapse Metro en in die vyf distriksmunisipaliteite van die Wes-Kaap en werkgeleenthede vir jong mense geskep op die kuns-, kultuur-, erfenis-, museum-, argief- en taalgebiede.

In ooreenstemming met die nasionale visie van die Mzansi Goue Ekonomie-strategie, beskou die Departement kuns en kultuur as veel meer as net 'n ontspanningsaktiwiteit. Kuns, kultuur en erfenis bied geleenthede om vaardighede te werf met die potensiaal om ekonomiese aktiwiteite te genereer. Hierdie aktiwiteite het ook bygedra tot maatskaplike insluiting en gehelp om die stedelike/landelike kloof te oorbrug.

Die Departement het opleidingsessies op verskillende vlakke en oor verskeie aspekte van die kuns gefasiliteer en sodoende die uitbreiding van netwerke aangespoor en talent geïdentifiseer wat gekweek en ontwikkel kon word. Van die belangrike resultate gedurende die jaar was die opvoering van plattelandse toneelproduksies op professionele verhoë in Kaapstad en Oudtshoorn, sowel as geleenthede vir 'n aantal jong akteurs om in visuele media-opvoerings op te tree. Die Departement het daarin geslaag om plattelandse gemeenskapsinisiatiewe met die professionele kunstegemeenskap te verbind en sodoende geleenthede geskep vir interaksie tussen praktisyns uit alle lewensterreine om by mekaar te leer.

Taaldienste kon provinsiale departemente help met redigerings-, vertalings- en tolkdienste in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en het verskeie projekte uitgevoer om implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te bevorder.

Program 3: Biblioteek en Argiefdienste

'n Groot deurbraak is gemaak met betrekking tot befondsing van openbare biblioteekdienste toe die Departement R31 770 000 ontvang het, waarvan R31 268 000 na 15 blootgestelde (Kategorie B3) munisipaliteite in die Wes-Kaap oorgedra is. Hierdie munisipale vervangingsbefondsing het die personeelkoste van 201 biblioteekpersoneellede in hierdie munisipaliteite gedek. Die doel van hierdie fonds is om vervangingsbefondsing aan munisipaliteite te voorsien om sodoende te begin om die las van die onbefondsde biblioteekmandaat te hanteer en om die gehalte van openbare biblioteekdienste in die Wes-Kaap te verbeter.

Instruksies is van Nasionale Tesourie ontvang dat biblioteekboeke herklassifiseer moet word van voorraad na bates. Die gevolg was dat die Biblioteekdiens opdrag van Provinsiale Tesourie gekry het om 'n volledige voorraadopname van al die biblioteekboeke te doen. Hierdie proses is in Augustus 2011 begin en die skandering van ongeveer 6.3 miljoen items by 358 plekke is teen die einde van Februarie 2012 voltooi.

Program 4: Sport en Ontspanning

Die Hoofdirektorat: Sport en Ontspanning is in die oorsigjaar ingestel, met twee Direkorate, naamlik Sportontwikkeling en Sportbevordering. Debatte oor die nuwe nasionale planne vir sport en ontspanning het uitgeloop op 'n Sport- en Ontspanningsindaba in November 2011.

Baie mense word nie aan positiewe ontspanningsaktiwiteite blootgestel nie en dit stel hulle bloot aan anti-sosiale aktiwiteite gekoppel aan misdaad, dwelms en bendes. Die Siyadlala Gemeenskapsmassadeelnameprogram help Ontspanning met hierdie probleem deur befondsing te voorsien uit die nasionale WIV[Wet op die Verdeling van Inkomste] Voorwaardelike Toekenning vir Sport en Ontspanning.

Baie skoolgaande kinders het nie 'n positiewe en aktiewe leefstyl nie en is geneig tot lae selfrespek en swak gesondheid. Toegang tot gestruktureerde vaardigheidsontwikkelingsprogramme deur skolesport gee skoolgaande kinders die geleentheid om deel te neem aan sport en om op hoër vlakke te presteer. Die belowendste van hierdie kinders sou, met die regte ondersteuning, 'n loopbaan in sport kon bou en daardeur hulle sportpotensiaal verwesenlik. Die Skolesport-Massadeelnameprogram help die Skolesport-subprogram om sportgeleenthede aan skoolkinders te gee, ook deur befondsing uit die nasionale WVI-Voorwaardelike Toekenning vir Sport en Ontspanning.

Dit is uiters noodsaaklik om toegang tot sportgeleenthede te verbeter. Oor die algemeen benodig federasies en klubs bystand om toegang tot geleenthede vir hulle spelers te skep. Sport en Ontspanning het ondersteuning aan sportfederasies en klubs gegee deur befondsing en deur die Klubontwikkelingsprogram. Die Klubontwikkelingsprogram se befondsing kom uit die nasionale WVI-Voorwaardelike Toekenning vir Sport en Ontspanning.

2.1.5 Oorsig van die organisatoriese omgewing vir 2011/12

Program 2: Kultuursake

Kuns en Kultuur

Die Organisasoriese omgewing van die komponent het verskuif van 'n silogebaseerde en ad hoc-benadering na 'n meer strategiese benadering. Programme is uitkomsgebaseerd, met duidelike haalbare resultate, en is daarop gemik om die ekonomiese potensiaal van die kunste na vore te bring. Personeellede wat by die komponent aansluit, beskik oor 'n verskeidenheid professionele en akademiese vaardighede wat aangewend word om kreatiewe en innoverende denke te genereer en programkonseptualisering te verbeter.

Daar is 'n behoefte aan meer navorsing en optekening van die beste praktyk wat die operasionele modelle tans in gebruik, sou kon versterk. Die goedkeuring van 'n nuwe personeelaanwinst sal beduidend bydra tot verwesenliking van hierdie doelwit.

Erfenishulpbronbestuursdiens

Die Departement het in Februarie 2012 'n vergadering aangebied om posbeskrywings vir erfenisbeamptes dwarsoor die nege provinsies te koördineer en te standaardiseer. Die vergadering was onder voorsitterskap van die Departement vir Staatsdiens en Administrasie (DSA) en 'n opvolgvergadering word vir later in 2012 geskeduleer.

Taaldienste

Taaldienste had 'n relatief hoë omset van taalpraktisyns wat spesialiseer in vertaling, redigering, tolkdienste en proeflees. Ondanks hierdie personeelveranderinge kon die komponent die situasie hanteer deur personeel op kontrak aan te stel en ook die dienste van deskundige vryskutdiensverskaffers te kontrakteer.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Uitgedunde vaardighede onder bibliotekaris, argief- en rekordbestuurders, sowel as onmededingende salarislakke, het 'n negatiewe impak gehad op die werwing van toepaslik gekwalifiseerde kandidate vir bepaalde kritiese poste in die Direkoraat.

’n Ondersoek na die organisatoriese struktuur en poste in die Direkoraat is in 2011/12 voltooi. ’n Belangrike verandering in die struktuur was die stigting van ’n Munisipale Vervangingsfondsbestuurseenheid. Die Streeksorganisasie se beheergebiede sal van drie tot vyf vermeerder word, en ’n nuwe afdeling, Biblioteekadministrasie-ondersteuning, sal in die Sentrale Organisasie gevestig word.

Die nuwe struktuur maak ook voorsiening daarvoor dat die Argief- en Rekorddiens ’n direkoraat word.

Program 4: Sport en Ontspanning

Nouer bande is gesmee met belanghebbendes regoor nasionale, provinsiale en plaaslike sferes. Nouer oorlegpleging met burgerlike samelewing- en skolesportorganisasies het gereeld plaasgevind.

Voortvloeiend uit ’n nasionale samewerkingsooreenkoms tussen die Departement van Basiese Onderwys en Sport en Ontspanning SA, is ’n nuwe bedeling vir die ondersteuning van skolesport geïnisieer.

Gedurende 2011 is ’n Nasionale Sport en Ontspanningsplan (NSOP) vir die volgende agt jaar deur alle belanghebbendes in sport en ontspanning opgestel en aanvaar. Die NSOP beheer sport en ontspanning oor twee Olimpiese termyne en drie MTIUR- [Mediumtermyn Inkomste- en Uitgawe- raamwerk] termyne. Die NSOP het 12 prioriteitsareas vir 2012 geteiken en 2012 as die Jaar van Skolesport verklaar. In totaal is 76 besluite met gedetailleerde aanwysers opgestel.

Die nuwe Sportontwikkelingsdirekoraat het ’n herskikkingsproses ondergaan en sy twee subdirekorate en operasionele ondersteuningseenheid tot stand gebring. Die Direkoraat het sonder sy twee Adjunktdirekteure gefunksioneer.

Die Nasionale Sport en Ontspanningsplan bepaal dat die toepaslike federasies die administrateurs van elk van die sportkodes is, terwyl die sportrade die monitering- en evalueringsagente is. Dit het ’n fokusverskuiwing vir die Skolesportsprogram tot gevolg gehad.

2.1.6 Kernbeleidsontwikkelings en wetgewende wysigings

Program 1: Administrasie

’n Batebestuursbeleid oor Biblioteekmateriaal is ontwikkel om die verkryging, verspreiding en bedrywighede van biblioteekmateriaal by die onderskeie biblioteekterreine te bestuur. ’n Kleinkasfasiliteit is ingestel en ’n beleid is opgestel en goedgekeur om hierdie behoeftes in die Departement te reguleer. ’n Aanvraagbestuurstrategie is opgestel vir implementering in die volgende finansiële jaar.

’n Rekordbestuurstrategie is opgestel en goedgekeur om die rekords van die Departement in stand te hou en te bestuur. Die Departement het sy Mobiele Telekommunikasiebeleid hersien om dit te struktureer volgens die provinsiale beleid vir die gebruik van selfone, landlyne en datakaarte vir amptelike doeleindes.

Program 2: Kultuursake

Nuwe Konsepmuseumbeleid

Dr. Ivan Meyer, die Wes-Kaapse Minister verantwoordelik vir Kultuursake en Sport, het op 15 Februarie 2012 tydens ’n spesiale Simposium vir Hoofde van Geaffilieerde museums die Wes-Kaapse Konsepmuseumbeleid bekend gestel. Die konsepbeleid het ten doel om die raamwerk te verskaf waarbinne individue en gemeenskappe museums in die Wes-Kaap kan oprig en onderhou. Die publiek

is genooi om kommentaar te lewer oor die konsepbeleid en 15 voorleggings is teen 31 Maart 2012 ontvang. Oorlegpleging oor die beleid het tydens die simposium in Februarie 2012 met verteenwoordigers van geaffilieerde museums plaasgevind. Sodra dit gefinaliseer is, sal die Museumbeleid die beleidsraamwerk vir die voorgestelde Wes-Kaapse Provinsiale Museumwetsontwerp opstel. Dit is die eerste belangrike beleidshersiening vir museums in die provinsie sedert die Kaapse Museumordonnansie in 1975 opgestel is.

Die Wetsontwerp op die Gebruik van Suid-Afrikaanse Tale

Die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Tale, 2011, het ten doel om die gelykmatige gebruik van die amptelike tale van Suid-Afrika te bevorder, met inagneming van artikel 6(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wat erkenning gee aan die verminderde historiese gebruik van inheemse tale. Die Wetsontwerp poog om die behoeftes van die publiek tegemoet te kom deur: praktiese en positiewe maatreëls te tref om die gebruik van amptelike tale te reguleer en te monitor; gelyke aansien en billike behandeling van amptelike tale te bevorder; billike toegang tot dienste en inligting te fasiliteer; en goeie bestuur van tale deur nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale openbare ondernemings te bevorder ten einde die behoeftes van die publiek tegemoet te kom. Die Wetsontwerp poog ook om voorsiening te maak vir die aanvaarding van taalbeleidsrigtings om die nasionale Minister van Kuns en Kultuur te bemagtig om enige nasionale departement, openbare entiteit of openbare onderneming vry te stel van toepassing van die Wetsontwerp. Die Departement het 'n skriftelike voorlegging aan die nasionale Portefeuļjekomitee oor Kuns en Kultuur gedoen oor die inhoud van die Konsepwetsontwerp op Tale.

Nasionale Kultuur- en Erfenistoerismestrategie

Die nasionale Kultuur- en Erfenistoerismestrategie is in Maart 2012 bekend gestel. Dit het ten doel om strategiese rigting en leiding vir die ontwikkeling en bevordering van erfenis- en kultuurtoerisme in Suid-Afrika te bied en om die koördinerende en integrasie van erfenis en kultuur in die hoofstroom van toerisme te verseker. Geaffilieerde museums en die groot getal erfenisterreine in die Wes-Kaap is essensiële hulpbronne vir implementering van die strategie deurdat hulle 'n verskeidenheid temas bied waarop nuwe toerismeprodukte in beide landelike sowel as stedelike dele van die Wes-Kaap gevestig kan word.

Hersiening van Genre-ontwikkelingsstrategie

Die Genre-ontwikkelingsstrategie wat in 2008 ingestel is, het die konteks en raamwerk verskaf vir strategiese en operasionele uitvoering van die bevordering, ontwikkeling en bewaring van verskeie kunsgenres. Ten einde die bedrywighede verder uit te brei en die impak van programme wat tot dusver uitgevoer is, te evalueer, het die Departement met 'n hersieningsproses van die Strategie begin. Die omvang van die proses het noodwendig meegebring dat die hersiening in die nuwe finansiële jaar sal voortduur. Dit is beoog as 'n instrument om beide die Departement en kunsadministrateurs toe te rus om goeie werk te kan doen. Bevindings en aanbevelings sal vervat word in 'n werksmodel wat die Departement oor die volgende drie tot vyf jaar kan gebruik as 'n riglyn vir ontwikkeling van nuwe fokuspunte, of om bestaande praktyke te verfyn.

Program 3: Biblioteek en Argiefdienste

Die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingsdiens was steeds in die oorsigjaar onder bespreking. 'n Konsepbeleid oor die bestuur en verkryging van nie-openbare rekords is gefinaliseer. Die opstel van 'n konsepbeleid oor digitalisering van rekords is aan die gang.

Program 4: Sport en Ontspanning

Voortspruitend uit 'n intensiewe oorlegplegingsproses, is die Nasionale Plan vir Sport en Ontspanning vir die volgende agt jaar aanvaar. Die plan is onder die volgende temas ingedeel: i) transformasie; ii) skolesport; iii) institusionele meganismes; iv) massamobilisering; v) ontspanning en befondsing; en vi) munisipale betrokkenheid.

2.1.7 Departementele Inkomste

R '000						
	2008/09 Weselik	2009/10 Weselik	2010/11 Weselik	2011/12 Teiken	2011/12 Weselik	% Afwyking van teiken
Verkope van goedere en dienste buiten kapitaalbates	230	212	226	187	264	41.2
Oordragte ontvang			3,000	4,250	4,250	-
Boetes, strafbedrae en verbeurings	1,358	779	1,032	528	1,461	176.7
Rente, dividende en huurgeld op grond			1		4	-
Finansiële transaksies in bates en laste	170	52	137		107	-
Totale departementele ontvangste	1,758	1,043	4,396	4,965	6,086	22,6

2.1.8 Departementele Uitgawes

R'000						
Programme	Vir 2011/12 bewillig	Oordragbedrae en Aansuiwerings	Virement	Finale Begroting	Werklike uitgawes	Afwyking
Administrasie	39,566	-111	-2 866	36,589	36,241	348
Kultuursake	70,869	4,027	-36	74,860	74,826	34
Biblioteek- en Argiefdienste	122,945	34,185	540	157,670	157,663	7
Sport en Ontspanning	79,778	1,221	2,362	83,361	83,158	203
Totaal	313,158	39,322	-	352,480	351,888	592

2.1.9 Oordragbetalings

Die Departement het moniteringsvorme en vraelyste uitgestuur aan elk van die partye wat oordragbetalings ontvang het. Die begunstigdes het die vorms voltooi en teruggestuur. In die vierde kwartaal moes elke begunstigde sy verslag oor die befondsing wat hy ontvang het, indien.

Program 2: Kultuursake

Kuns en Kultuur

Gedurende die oorsigjaar is oordragbetalings aan Artscape gedoen vir gewone onderhoudwerk by hierdie provinsiale eiendom. 'n Verhoogde toewysing aan bestemde kuns- en kultuurorganisasies het baie nodige bystand verskaf vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van die kunste. Hulptoelae is ook gegee aan nie-regeringsorganisasies (NRO's) wat aansoek gedoen het vir fondse, reëlingsliggame van kultuurfeeste, en 'n aantal rade wat by die Kaapse Klopse-karnival geaffilieer is. Ooreenkomstig die befondsingsbeleid van die Departement, is 'n hulptoelaag ook gegee vir die ontwikkeling van 'n nuwe werk deur *Dance for All*, getiteld *Woelag*.

Museumdiens

Tesame met die jaarlikse oordragbetalings van subsidies en hulptoelae aan geaffilieerde museums, is oordragbetalings ook aan nege geaffilieerde museums gedoen, synde die implementeringsagente vir die bemarkingsplan van die erfenistoerismeprogram van die Departement se UOWP-program.

Subprogram	Naam van instelling	Bedrag oorgedra R
Bestuur	Kultuurtoerisme	
	<i>Die Burger Suidoosterfees</i>	100,000
	Kaapstad Kunstefees	70,000
	Absa Klein Karoo Nasionale Kunstefees	100,000
	Kaapstad Karnival	70,000
	Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP)	
	Robertson Museum	21,200
	Fransie Pienaar Museum	133,502
	Togryersmuseum	70,741
	Houtbaai Museum	317,424
Bydrae tot die bevordering van 'n argeologiese (insluitende rotskuns en bestuur), paleontologiese of meteorietprojek in die Wes-Kaap	Yvonne Viljoen van die Cederberg Rotskuns-groep van die Wes-Kaapse tak van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging
Taaldiens	
Bevordering van veeltaligheid deur die amptelike tale	Dr. Michael le Cordeur, Wellington
Geografiese Name	
Bydrae tot die standaardisering en openbare bewustheid van geografiese name in die Wes-Kaap	Elsworth McPherson, Universiteit van die Wes-Kaap
Biblioteekdiens	
Openbare Biblioteek van die Jaar in die Wes-Kaap	Rocklands Biblioteek, Michells Plein, Kaapstad
Openbare Biblioteek van die Jaar Beste kinderdienste	Drakenstein Openbare Biblioteek
Argief- en Rekordbestuurdienste	
Bydrae tot die bemerking van argiefdienste en -hulpbronne	Sebastiaan Pistor, Robbeneiland Internasionale Historiese Vereniging
Ministeriële Toekennings	
Uitsonderlike prestasie deur 'n vrou in die kunste, kultuur, erfenis, taal, biblioteke, museums en argiewe	Rhodé Snyman, Bedryfsbestuurder, Absa KKNK
Uitsonderlike prestasie deur 'n jeugdige in die kunste, kultuur, erfenis, taal, biblioteke, museums en argiewe	Brandon Phillips, Wenner van die nasionale 2010 Len van Zyl Dirigeer-kompetisie en lid van die Kaapse Filharmoniese Orkes
Nasionale en internasionale bydrae in die kunste, kultuur, erfenis, taal, biblioteke, museums en argiewe	Prof. Jan du Plessis en prof. Christo Viljoen vir hulle Engels/Afrikaans Woordeboek oor Ruimteterminologie, Stellenbosch
Lewenslange prestasie in die kunste, kultuur, erfenis, taal, biblioteke, museums en argiewe	Prof. JC (Kay) de Villiers, Voorsitter, Kaapse Mediese Museum, Kaapstad

Kuns en Kultuur

Gedurende die 2011/2012-finansiële jaar, het die Kuns en Kultuurkomponent 'n lang en moeilike strewe gevolg om die totstandkoming van inklusiewe gemeenskappe te ondersteun waarin alle individue die geleentheid het om 1) hulle talent te ontwikkel; en 2) hierdie talente aan te wend om 'n produktiewe bydrae tot die samelewing te maak. Hierdie strewe is aangevuur deur die verbintenis en toewyding van personeel om uitdrukking te gee aan die vyfpunt strategiese stukrag van die Departement: vennootskappe; talentontwikkeling; die skep van geleenthede; sosiale insluiting; en verbreding. Die doel van hulle pogings is om die strategiese doelwit te bereik om kunsdissiplines en kultuuraktiwiteite te versterk ten einde die totstandkoming van lewensvatbare geleenthede te ondersteun.

Deur departementele ondersteuning te kry, kon belowende kunstenaars hulle kunste positief aanwend – van ontspanning tot 'n instrument vir selfuitdrukking, waaruit hulle ook direkte ekonomiese voordeel kan trek.

'n Interregeringsbenadering is deur die Stad Kaapstad aanvaar om 'n Wes-Kaapse Provinsiale Inisiasieraamwerk op te stel en dit deur die Minister te laat goedkeur. Die raamwerk ken spesifieke terreine aan die verskeie inisiasieforums toe en vorm die grondslag vir monitering op plaaslike vlak van die UOWP-inisiasieprogramme in die Bitou- en Knysna-munisipaliteite. Die opleiding van versorgers het veiliger praktyke tot gevolg gehad tydens die inisiasieseisoen en geen sterfgevallen is gedurende hierdie tydperk aangemeld nie. Die opleiding wat ooreenkomstig hierdie raamwerk aangebied is, het verbeterde inisiasiepraktyke, die gebruik van opgeleide praktisyns, en samewerking tussen gemeenskapslede, gemeenskapstrukture en die Regering tot gevolg gehad.

Die samewerking met Artscape en Baxter Teater het dit moontlik gemaak vir landelike produksies om op die professionele verhoog opgevoer te word. Dit het landelike kunstenaars blootstelling gegee aan professionele praktisyns wat opleiding gegee het in draaiboekskryf en drama-werk, sowel as opleiding in die tegniese aspekte van klank, beligting en verhoogbestuur. Hierdie inisiatiewe het die bevoegdheid van amateurgemeenskapsteaterpraktisyns versterk, en hulle sodoende in staat gestel om 'n professionele vlak te bereik. Twee plattelandse kunstenaars is die geleentheid gebied om 'n oudisie te doen vir die televisiereeks *7de Laan*, en het later as gaste op die reeks verskyn. 'n Strawwe opleidingsproses het verbeterde teaterstandaarde tot gevolg gehad. 'n Belangrike prestasie in hierdie verband was die opvoering van vier produksies by die *Die Burger* Suidoosterfees in Februarie 2012 en 'n verdere vier produksies by die Zabalaza Dramafees by die Baxter Teater in Maart 2012. Uit die 21 produksies by die Zabalaza Kunstefees, is drie begunstigdes van die departementele inisiatief vir toekennings benoem, naamlik dié van beste akteur, beste aktrise en beste byspeelster. Die impak van hierdie ingrypings was 'n verhoogde vlak van entoesiasme en moraal onder die kunstenaars en die gemeenskappe waar hulle woon.

Die aktiwiteite van die komponent was in ooreenstemming met die raamwerk wat ten doel het om geleenthede te skep terwyl talent uitgebou en gekoester word. Hierdie fokus het die werk van die Departement in gemeenskappe beklemtoon en al die beplande doelwitte is verwesenlik. 'n Onderliggende suksesfaktor is 'n holistiese en geïntegreerde benadering wat op navorsing berus om Kunsteweek in die Sentraal-Karoo te konseptualiseer. Hierdie departementele ingryping was daarop gefokus om die kunstenaars- en organisatoriese bevoegdheid van gemeenskappe in die Sentraal-Karoo op te bou, onder andere in Merweville, Prins Albert, Murraysburg, Laingsburg en Beaufort-Wes. Kunsteweek het 'n nuwe kunsvorm aan die gebied bekend gestel, naamlik skerpskertsery. Dit het 'n groep komediante wat voorheen net hulle talente gebruik het om die mense rondom hulle te vermaak, in staat gestel om ekonomiese voordeel uit hulle komiese vaardigheid te kry.

Die noue werksverhouding tussen die Departement, *Die Burger* se Suidoosterfees en die Zabalaza Kunstefees het 'n leidende rol gespeel om talent in gemarginaliseerde landelike gemeenskappe in die Sentraal-Karoo te identifiseer, te bevorder en te koester. Hierdie inisiatief het hulpbronne uit die privaatsektor, plaaslike regering, plaaslike gedrukte media en Radio Leeu-Gamka gemobiliseer sodat goeie kuns- en kultuurwerk in die plaaslike gemeenskappe gedoen kon word. Een van die sleutelimpakte van hierdie ingryping is deurlopende noue werksverhoudings tussen belanghebbendes in die streek. Die magdom inisiatiewe en programme het die grondslag gelê vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling van die kunste in die Sentraal-Karoo.

Die mosaïekwerkswinkels wat in Laingsburg en Plettenbergbaai aangebied is, dien as verdere bewys van hoe 'n handwerkvaardigheid aangeleer en ontwikkel kan word om later 'n ekonomiese dryfkrag in gemeenskappe te word. Deelnemers aan hierdie program is blootgestel aan produkontwikkeling en bemerking in hierdie kunsvorm. Die mosaïekprodukte is gebruik as geskenke vir die Jaarlikse Toekenningsremonie, 'n geleentheid wat die Departement reël om erkenning te gee aan die bydrae

van kunstenaars en praktisyns op die gebied van die kunste, kultuur, erfenis, taal, biblioteke, argiewe en museums. Die mosaïekkunstenaars wat in hierdie program opgelei is, deel tans na-ure die vaardigheid wat hulle geleer het met skole in die streek.

Die Kreatiewe Ruimtes-program is 'n vennootskap met Metrorail wat behels dat die kunste in openbare oop ruimtes by Kaapstad Stasie vertoon word. Dit het groot belangstelling van pendelaars gelok en was 'n poging deur die komponent om weg te beweeg van die opvatting dat die kunste beperk is tot teaters en ouditoriums. Dit het ook die weg gebaan vir die komponent om sy geleenthede in die weeklikse Metrorail-nuusbrief, *Blitz*, te adverteer en 'n geleentheid geskep vir werk wat in die literêre kunsteprogram geskep is, om in treinwaens vertoon te word.

Ondervinding uit die oorsigjaar het gewys dat gemeenskappe nie slegs in die ontspanningswaarde van die kunste belangstel nie, maar dat hulle ook die instrumente benodig om hulle vaardighede en kundigheid verder uit te brei en te ontwikkel. Die Departement het gereageer deur meer gespesialiseerde opleiding vir kleiner groepe te reël. Voorbeelde sluit in meesterklasse in musiek wat deur die Suid-Atlantiese Kuns en Kultuurtrust aangebied is, sowel as werksinkels oor musiekopname, bemarking, kopiëreg en netwerke in die musiekgemeenskap. Die komponent het tweelingprogramme gefasiliteer om die meer en minder gegoede organisasies bymekaar te bring en dit het die internskapsprogram voortgesit.

Opleiding en vaardighedsontwikkeling het gestrek van vakansieprogramme in die toorkuns tot poppespel en drama, sowel as opleiding in die beeldende kunste. Die getal georganiseerde funksies het die beplande teiken oorskry. Dit was as gevolg van die feit dat meer vennootskappe gewillig was om saam te werk en mense- en finansiële hulpbronne by te dra sodra hulle bewus geraak het van die impak en waarde van die komponent se inisiatiewe in die gemeenskappe.

Die Kaapse Klopse Karnival is een van die sleuteltrekpleisters van kultuurtoerisme en belangrike kultuurgeleenthede in Kaapstad. Dit behels 'n aantal straatoptogte en kompetisies deur verskeie organisasies, insluitende die Klopse, Nagkore (Maleierkore) en Kersfeeskore. Die Departement het 'n totale bedrag van R1 999 931 tot hierdie geleentheid bygedra.

Uit hierdie totale bedrag, en om die verkryging van en reëlings vir vervoer van deelnemers vir die Tweede Nuwejaar Klopsekarnival en ander optogte te koördineer, het die Departement vervoer en mediese bystandsdienste teen 'n koste van R1 034 135 bekom en sodoende 'n aantal van die probleme wat in vorige jare ervaar is, te bowe gekom. Geen van die deelnemende rade het enige ontevredenheid hieroor uitgespreek nie. In der waarheid het hulle die Departement met sy professionele en deursigtige hantering van die proses geluggewens. Daarbenewens het die Departement 'n finansiële bydrae gemaak tot die kompetisies wat die straatoptogte voorafgegaan het.

Die handwerkprogram het in *Die Burger* en op die televisieprogram *Pasella* mediadekking gekry.

Museumdiens

Die oorsigjaar is gekenmerk deur verskeie prestasies wat 'n beduidende bydrae gelewer het tot die lewering van museumdienste in die Wes-Kaap. 'n Paar van die noemenswaardige prestasies word hieronder beskryf.

- *Wes-Kaapse Konsepmuseumbeleid*: Soos hierbo in die afdeling oor beleid genoem, het die Minister vir Kultuursake en Sport in Februarie 2012 die Konsepmuseumbeleid vir die Wes-Kaap bekend gestel.

- *Proklamering van 'n nuwe provinsie-gesteunde museum:* In Februarie 2012 het die Wes-Kaapse Kabinet die proklamasie van die Lwandle Trekarbeidmuseum as 'n provinsiaal gesteunde museum goedgekeur. Dit is die eerste museum wat sedert 1994 in die stelsel opgeneem is. Die tema van trekarbeid open 'n nuwe dimensie vir die Museumdiens en bied 'n geleentheid om 'n nuwe en inklusiewe geskiedenis aan nuwe gehore te bevorder. Die museum het 'n pro rata-subsidie van die Departement ontvang en twee poste by die museum is deur middel van 'n nuwe personeelsterkte in die Departement befonds.
- *Simposia van verteenwoordigers van beheerliggame en museumhoofde:* Die Museumdiens het sy jaarlikse simposium in Junie 2011 gehou. Hierdie geleentheid bied die geleentheid vir interaksie tussen die bestuur van die Departement en die voorsitters van die beheerliggame van die 28 geaffilieerde museums en museumbestuurders oor 'n reeks aangeleenthede wat die sektor raak. 'n Bykomende simposium is in Februarie 2012 gehou om die Wes-Kaapse Konsepmuseumbeleid bekend te stel en oorgangreëlings vir geaffilieerde museums te oorweeg.
- *Sekuriteitsverbeterings by die Worcester Museum:* Weens groot sekuriteitsprobleme by die Worcester Museum, het die Departement sekuriteit by die terrein verbeter. Dit het opgradering van die alarmstelsel ingesluit en installasie van lemmetjiesdraad in gebiede wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid as besonder kwesbaar geïdentifiseer is. Sekuriteit by die museum wek steeds groot kommer.
- *Reisende uitstallings:* Die Museumdiens het 'n nuwe reisende uitstalling geloods wat op die gebruik van medisinale plante in die samelewing fokus. Hierdie uitstalling bevorder biodiversiteit en bewaring van medisinale plante in die Wes-Kaap. Vanweë die Montagu Museum se noue verbintenis met die bevordering van kennis oor en gebruik van medisinale plante, is dit gepas dat die uitstalling by daardie museum bekend gestel is. Die uitstalling is in Mei 2011 op Internasionale Museumdag deur dr. Ivan Meyer, die provinsiale Minister verantwoordelik vir Kultuursake en Sport, geopen.
- *Nuwe permanente uitstalling by die Togryersmuseum in Ceres oor, inter alia, die geskiedenis van gedwonge verskuiwings, die Nduli nedersetting en weerstandspolitiek se geskiedenis van die dorp:* Die Museumdiens het navorsing gedoen en 'n permanente uitstalling opgerig om die gebrek aan inligting aan te vul oor die stories van voorheen benadeelde gemeenskappe in Ceres, hoofsaaklik oor die bydrae van swart Afrikane en bruin mense tot die sosio-ekonomiese en politieke ontwikkeling van die dorp. Hierdie uitstalling bied mondelinge vertellings oor die vroeë geskiedenis van Sakkiesbaai, asook oor die ekonomiese bydrae van die produksie en verwerkingsbedryf van vrugte wat histories met die dorp verbind word. Dit bied ook inligting oor gedwonge verskuiwings en die impak van apartheidswetgewing op Ceres, sowel as die geskiedenis van bevrydings- en weerstandspolitiek van die gebied. Die uitstalling is deur die Nasionale Erfenisraad befonds. Die projek het werksgeleenthede en opleiding vir drie voorheen werklose jeugdiges geskep. Die uitstalling is op 20 Oktober 2011 geopen en die opvoedingsboekie, *Recording your Community History: Nduli, a Case Study* is by dié geleentheid bekend gestel.
- *Nuwe permanente uitstalling by Beaufort-Wes Museum: Mense en godsdiens in Beaufort-Wes:* Die inhoud van die uitstallings by die museum is getransformeer deur die daarstelling van 'n permanente uitstalling wat besoekers inlig en opvoed oor die geskiedenis van Beaufort-Wes se Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en sy gemeente. Die daarstelling van 'n gemeenskapsgebaseerde databasis van plaaslike geskiedenis, genealogie en foto's vorm deel van die projek en sal in samewerking met die mense van Beaufort-Wes deur die museum uitgebrei word.
- *Artefak van die Maand-projek:* Hierdie nuwe inisiatief van die Museumdiens bied 'n geleentheid vir geaffilieerde museums om nuwe artefakte of artefakte wat selde uitgestal word, of klein versamelings, uit te stal. 'n Nuwe uitstalling word gewoonlik elke maand aangebied, wat besoekers wat bekend is met die museum se permanente uitstallings, terug lok. Die museums probeer om die ervaring interaktief te maak deur vreemde artefakte uit te stal en lede van die publiek te vra wat hulle dink die doel of relevansie van die artefak is. Hierdie benadering het besondere aantrekkingskrag vir jonger gehore.

- *Opvoedingsprogramontwikkeling by geaffilieerde museums:* Gedurende die 2011/12-boekjaar het die Museumdiens vier nuwe opvoedingsprogramme vir geaffilieerde museums en leerders ontwikkel. Hierdie programme bied ondersteuning vir die Nasionale Kurrikulumverklaring se uitkomst en voeg die waarde van leersentra toe tot die museums. Die programme was baie gewild onder beide opvoeders en leerders en geaffilieerde museums het 'n duidelike toename, tot 36 750, in die aantal deelnemers in die oorsigjaar gerapporteer, waarvan 15 564 by provinsiale museums. 'n Hoogtepunt van hierdie vier opvoedkundige programme is die boekie, *Recording your Community History: Nduli, a Case Study*, geborg deur die Nasionale Erfenisraad. Die boekie vul die formele leerproses aan deurdat dit riglyne vir die optekening van gemeenskapsgeskiedenis aan leerders, navorsers en gemeenskaps- en erfenisaktiviste bied. Dit dien as 'n instrument om wanbalanse reg te stel oor die wyse waarop museums die geskiedenis van plekke en hulle mense aangebied het. Die ander drie programme was: die Nobelplein opvoedingsprogram; 'n program oor medisinale plante; en 'n opvoedkundige program oor die argitektuur van George om die stigting van die dorp 200 jaar gelede te gedenk.

Politieke stryds- en vryheidsterreine in die Wes-Kaap (kultuurtoerisme-roetes): In sy 2010/11-begrotingstoespraak het die Minister van Kultuursake en Sport, dr. Ivan Meyer, aangekondig dat die Museumdiens 'n elektroniese databasis sou opstel van terreine wat te doen het met die stryd vir vryheid in die Wes-Kaap. Die Museumdiens het 'n navorsingsprojek gedoen om terreine met spesiale betekenis in hierdie verband in verskeie gemeenskappe te identifiseer en op te teken. Elke inskrywing bevat 'n illustrasie, 'n fisiese adres en 'n kort historiese narratiewe teks oor die terrein. Terreine wat in hierdie dokument gedek word, behels onder meer oorlogsgedenktekens, monumente, slagvelde, geboue, strate en terreine van gedwonge verskuiwings en politieke konflik. Dit was die eerste fase van die projek en na verwagting sal die lys terreine in die Wes-Kaap mettertyd uitgebrei word. Die inligting word tans vertaal en sal in al drie amptelike tale op die Departement se webwerf geplaas word.

Erfenishulpbronbestuur en Geografiese Naamdiens

Erfenishulpbronbestuursdiens

Die primêre rol van die Erfenishulpbronbestuursdiens is die verskaffing van professionele, administratiewe en tegniese ondersteuning aan Erfenis-Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronbestuursowerheid.

Die Departement het, in samewerking met EWK en in die gees van bevordering van Provinsiale Strategiese Doelwit 8: "Burgerlike deelname en insluiting", gereël dat Slawe-vrylatingsdag op 1 Desember 2011 gedenk word. Geleenthede is aangebied by die Elim- en Pniëlsendingnedersettings wat beide tasbare en ontasbare erfenis verwant aan die vrylating van slawe vergestalt. Daarbenewens is kerke en ander instellings dwarsoor die provinsie versoek om hulle klokke om 12:00 namiddag op Vryheidsdag te lui. Daar word beoog om dit 'n jaarlikse gebeurtenis te maak en na verwagting sal die aantal deelnemers voortdurend toeneem ná die belowende begin wat in 2011 gemaak is.

Personeel was ook verantwoordelik vir die produksie en verspreiding van pamflette om onlangs-verklaarde provinsiale erfenisterreine te bevorder, d.i. Community-Huis in Soutrivier, Kaapstad ('n simbool van die veggees van die massa-arbeidsbeweging wat 'n veldtog teen apartheid gevoer het) en Ratelgat ('n belangrike Griekwa-erfenisterrein naby Vanrhynsdorp).

Geografiese Naamdiens

Die oorsigjaar was die eerste volle jaar waarin 'n ondersoekproses na die oorsprong en agtergrond van geografiese name in die provinsie op 'n volgehoue grondslag gedoen is. Die hersieningsproses is nodig om die akkuraatheid van spelling en die taalgebruik van bestaande geografiese name te verifieer en om die oorsprong van hierdie name vas te stel. Die werk is deur 'n enkele navorsers gedoen, wat deur die loop van die jaar 405 name kon hersien.

Die huidige Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Naamkomitee (WKPGNK) is in die loop van die vorige finansiële jaar aangestel. Die komitee se regsmandaat is ingevolge die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1995 (Wet 59 van 1995). Die Komitee is 'n adviesliggaam vir die Minister van Kultuursake en Sport en vir die Raad vir Nasionale Geografiese Name.

Gedurende 2011/12 het die komitee drie keer vergader. Afgesien van vergaderings, het die lede van die WKPGNK 'n belangrike rol gespeel deur die doelwitte van die Wet aan munisipaliteite oor te dra.

Deur die jaar is werksessies in elke distriksmunisipaliteit en in die Kaapse Metro gehou om die bepalings en toepaslikheid van die Wet in die gebiede onder hulle jurisdiksie aan plaaslike owerhede bekend te maak. Werksessies op distriksvlak is deur verteenwoordigers van plaaslike munisipaliteite bygewoon.

Taaldiens

Die Taaldiens bestaan uit twee eenhede, d.i. die Taalbeleid-eenheid en die Vertalings- en Tolkdienste-eenheid.

Die Taalbeleid-eenheid is primêr daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat die Wes-Kaapse Taalbeleid geïmplementeer word. Dit is ook verantwoordelik vir die bestuur en uitvoering van die professionele, tegniese en administratiewe pligte van die Wes-Kaapse Taalkomitee. Betekenisvolle prestasies gedurende die oorsigjaar word hieronder beskryf.

- *Lewering van ondersteuningsdienste aan die Wes-Kaapse Taalkomitee ooreenkomstig die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, Wet 13 van 1998:* Die Taalkomitee het op 25 Maart, 17 Augustus en 16 November 2011 vergader, en weer op 26 Maart 2012. Op 20 Februarie 2012 het die Komitee Internasionale Moedertaaldag gevier deur 'n daglange konferensie te belê, getitel "Die Stand van Veeltaligheid in die Wes-Kaap". Die geleentheid is deur hooggeplaastes, akademici en taaldeskundiges toegesprek.
- *Verseker die gelyke status van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap:* Dit word deur die volgende inisiatiewe verrig:
 - *Die Provinsiale Taalforum (PTF):* Die PTF-lidmaatskap bestaan uit taalpraktisyns in diens van Wes-Kaapse staatsdepartemente. Dit is in 2006 deur die Departement van Kultuursake en Sport gestig om die doeltreffende implementering van die Provinsiale Taalbeleid te help verseker. Afgesien van taalpraktisyns in provinsiale staatsdepartemente, sluit die PTF ook verteenwoordigers in van twee munisipaliteite (Eden Distriksmunisipaliteit en die Stad Kaapstad), die Provinsiale Wetgewer, die nasionale Parlement en die provinsiale kantoor van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad. Die Provinsiale Taalforum vergader tweemaandeliks om taalverwante sake van wedersydse belang te bespreek; aan ontwikkeling van terminologie te werk; probleme wat taalpraktisyns ervaar te deel en oplossings daarvoor te vind; en vaardigheidsontwikkeling en opleiding deur spesialiste te ontvang. Op 30 September 2011 is Internasionale Vertaaldag deur die PTF gevier, in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI).
 - *Ontwikkeling van terminologie:* Vergaderings van die PTF het sessies ingesluit oor die ontwikkeling van terminologie vir isiXhosa en Afrikaans as 'n staande item op die agenda. Hierdie sessies is gebruik om die standaardisering van terme wat in die Wes-Kaapse Regering gebruik word, te verseker en om praktiese probleme met betrekking tot vertaling en redigering wat taalpraktisyns in die uitvoer van hulle pligte ervaar, te bespreek. 'n Afrikaanse stylgids vir staatsdepartemente is opgestel en isiXhosa-terme is geïnkorporeer in 'n databasis wat binnekort bekend gestel sal word.
 - *Professionele vaardigheidsontwikkeling:* Die PTF het as 'n basis gedien vir verskaffing van tolkopleiding; verkryging van toegang tot instellings; die skep van 'n omgewing vir taalpraktisyns om hulle tolkvaardighede te slyp; verskaffing van 'n forum waar deskundiges op die gebied van simultane tolking praatjies kan gee oor die uitdagings in die beroep; en die

uitruil van inligting oor opleidingskursusse vir tolke. Die Forum het ook inligting verskaf oor vertaling- en redigeringkursusse en werkswinkels deur tersiêre instellings en taaldeskundiges van die Wes-Kaap in 'n deurlopende poging om die lewering van professionele taaldienste aan provinsiale staatsdepartemente te verseker.

- *Veeltalige naamborde*: Taaldienste het 'n deurlopende projek oor veeltalige naamborde in die verskeie provinsiale departemente ingestel. Die projek word deur die lede van die Provinsiale Taalforum uitgevoer – taalpraktisyns in elke departement neem verantwoordelikheid vir implementering van die projek in hulle eie departement.
- *Xhosa-boekklubs*: Ten einde 'n leeskuil in die Wes-Kaap te bevorder, werk die Departement al sedert die begin van 2008 daaraan om die probleem van swak leeswerk in Xhosa te bestry. Die grootste uitdaging wat geïdentifiseer is, was die gebrek aan bewustheid van en onvoldoende waardering vir die belangrikheid van lees. Die lede van die Xhosa-boekklubs het bestaan uit leerders, ouer persone en werklose jeugdiges wat gewillig was om by leesklubs aan te sluit. Die doel was om die groei van geleterde gemeenskappe te ondersteun en om gemeenskappe te help om verantwoordelikheid vir hierdie boekklubs te aanvaar en te eien. Die verwagting is dat dit alle individue wat toegang tot die leesklubs het, sal bemagtig. Die klubs is tans in hulle tweede ontwikkelingsfase, met die fokus op effektiewe voorspraak en sterk en positiewe werksverhoudings met die ander belanghebbers, veral senior burgers.
- *XhosAfrika Netwerk*: 'n Nuwe burgerlike samelewingsinisiatief rondom taal het in 2011 in die Wes-Kaap tot stand gekom. Met die naam XhosAfrika Netwerk, is die visie daarvan om veeltaligheid te bevorder, met die doel om die invloed van isiXhosa en Afrikaans in die openbare domein te verhoog. Die XhosAfrika Netwerk bevorder die samewerking van twee taalgroepe, naamlik isiXhosa en Afrikaans, sowel as die versterking, verdere ontwikkeling en gebruik van isiXhosa om die voortbrenging van kennis, die skep van welvaart, en die groei van selfrespek te ondersteun. Die netwerk bestaan uit regeringsamptenare, verteenwoordigers van NRO's, staatsdepartemente, universiteite, entiteite vir taalontwikkeling, uitgewers en taalpraktisyns.
- *Gebaretaal Kommunikasieklubs*: Die Taalbeleid Implementeringseenheid het aangebied om oefensessies in SA Gebaretaal by Noluthando Skool vir Dowes in Khayelitsha aan te bied. Die deelnemers het bestaan uit onderwysers, sowel as ouers en voogde van die Dowe kinders van Noluthando Skool. Die doelwitte van die projek was onder meer om SAGT as 'n voorheen gemarginaliseerde taal te ontwikkel, bewusmaking van die behoeftes van die Dowe gemeenskap, en verbetering van verhoudings deur linguïstiese diversiteit te bevorder. Tien oefensessies vir basiese Gebaretaal is vir die 2011/12-boekjaar beplan. Dusver is nege oefensessies gehou: op 25 Augustus, 1 September, 8 September, 13 Oktober, 10 November en 1 Desember 2011, en op 2 Februarie en 9 Februarie 2012. Die laaste sessie was op 23 Februarie 2012.
- *Nama almanak*: Taaldienste het 'n Nama almanak opgestel wat aan die begin van 2011 ontwerp en gedruk is. Hierdie inisiatief is goed ontvang en Taaldienste het voortgegaan met 'n tweede Afrikaans/Nama/isiXhosa-almanak vir die 2012-kalenderjaar. As gevolg van beperkte ruimte op die almanak, verskyn Engels nie saam met die Afrikaans- en isiXhosateks nie. 'n Afrikaans/Nama/Engelse weergawe van die almanak is egter op aanvraag beskikbaar.

Die Vertalings- en Tolkdienste-eenheid is verantwoordelik vir voorsiening van taaldienste (insluitende vertaling, redigering, proeflees en tolking) in die drie amptelike tale aan al die departemente en openbare entiteite van die Wes-Kaapse Regering. Gedurende die oorsigjaar is 638 dokumente na Afrikaans, Engels en isiXhosa vertaal. Die eenheid het by 12 geleenthede tolk-ondersteuningsdienste verskaf.

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

AANGEPAS: NASIONAAL-SPESIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (werklike uitset) 2010/11	Wesenlike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Wesenlik (2011/12)	
2.2.1	Getal strukture ondersteun	4	5 (Distrikskultuurforums ondersteun)	5	-
2.2.2	Getal diensvlakoooreenkomste gesluit	1	2	3	Die Departement het 'n ekstra ooreenkoms met Metrorail gesluit.
2.2.3	Getal borgskappe / beurse toegeken	Nuwe aanwyser	80	65	<p>Hoewel die komponent 80 organisasies wou befonds, is die getal toekennings afhanklik van die mate waarin aansoekers die vereistes nakom en die aard en gehalte van hulle voorstelle. 'n Onafhanklike paneel het die aansoeke beoordeel en aanbevelings gemaak oor wie befonds moet word.</p> <p>In totaal het 236 organisasies aansoek gedoen, maar slegs 66 organisasies het aan die beoordelingsproses se maatstawwe voldoen. Volgens die oordragbetalingskredule, is 65 organisasies via oordragbetalings befonds.</p>
2.2.4	Getal funksies georganiseer	44	25	40	<p>Die samewerking met kuns en kultuur-belanghebbers het tot gevolg gehad dat Zabalaza-fees en die Baxter Teater fasilitering en beoordelingsdienste geborg het.</p> <p>Die Knysna en Hessequa Munisipaliteite het die koste van lokaal, klank en spyseniering geborg. Dit het dit moontlik gemaak om 'n aantal funksies wat aanvanklik nie in die aktiwiteitsplan ingesluit is nie, aan te bied.</p> <p>Die Kunsteweek is aanvanklik slegs vir Beaufort-Wes beplan. Ondersteuning van die plaaslike munisipaliteite het dit egter moontlik gemaak om bykomende funksies in Murraysburg, Merweville, Prins Alfred Hamlet en Laingsburg te hou.</p>
2.2.5	Getal deelnemers gelok	3 073	5 000	3 656	Dit is besluit om pogings te fokus op identifisering van 'n kerngroep persone met die toepaslike vlak van potensiaal vir gespesialiseerde opleiding om hulle vaardighede van 'n ontwikkelingsfase tot 'n professionele vlak te ontwikkel.
2.2.6	Getal belangrike dae in die kultuurkalender wat aangebied is	1	2	2	-

AANGEPAS: NASIONAAL-SPEKIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (werklike uitset) 2010/11	Wesenlike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Wesenlik (2011/12)	
2.2.7	Getal kunstenaars opgelei	147	50	102	Meer kunstenaars kon opgelei word as gevolg van die belangstelling in vennootskap wat deur die Zabalaza Dramafees en plaaslike munisipaliteite in die Eden Distrik getoon is. Samewerking met belanghebbers het beteken dat die koste van opleidingsprogramme gedeel kon word.
2.2.8	Getal kultuuradministrateurs opgelei	60	50	95	Die Departement het in samewerking met die Stad Kaapstad 'n konsep-inisiasieraamwerk voltooi. Dit het met die Stad saamgewerk om gesamentlik die Inisiasie Indaba in Desember 2011 te reël, voor die aanvang van die inisiasieseisoen in Desember 2011. Samewerking met Artscape het toegang tot 'n wyer groep deelnemers gegee, insluitende administrateurs uit plattelandse gemeenskappe.
2.2.9	Getal leederskap-/mentorskapprogramme geïnisieer	4	3	3	-
2.2.10	Getal prestasieprogramme aan ontwikkelde, gevestigde en opkomende kunstenaars aangebied	Nuwe aanduiding	-	-	Sien aantekening*
2.2.11	Getal programme per fasiliteit	Nuwe aanduiding	1 program by elk van die 2 HOP- Kuns en Kultuurgeriewe	2	In die kolom "Teiken vir 2011/2012" word gemeld dat twee projekte geïmplementeer sou word. Meesterklasse in musiek is by die Guga S'thebe Kunssentrum in Langa gehou. Mosaïekkunsprodukte is by die kwaNokuthula Kunssentrum in Plettenbergbaai deur handwerkkunstenaars van die Eden Distrik ontwerp en gemaak.
2.2.12	Getal kultuuraktiwiteite aangebied	Nuwe aanduiding	1	2	Nadat die Inisiasieraamwerk in samewerking met die Stad Kaapstad tot stand gebring is, is die Inisiasie Indaba in vennootskap met die Stad gehou.

* 2.2.10. Die Departement bied nie self prestasieprogramme aan nie; dit gee oordragbetalings aan 'n aantal kuns en kultuurorganisasies om gevestigde en opkomende kunstenaars te ontwikkel.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (wesentliche uitset) 2010/11	Wesentliche prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Wesentlik (2011/12)	
2.2.13	Oordragbetalings aan die WKKK om dit in staat te stel om sy regsmandaat uit te voer	R100 000	R150 000	R150 000	-
2.2.14	Getal vennootskappe met professionele organisasies en instellings	11	6	8	Meer hulpbronne is beskikbaar gestel wat 'n verhoogde getal vennootskappe tussen professionele organisasies en instellings en die kleiner NRO-sektor tot gevolg gehad het.
2.2.15	Die bestuur, koördinerings en monitering van volle en subkomiteevergaderings en aktiwiteite van die WKKK	18	19	12	Die ampstermyn van die vorige WKKK het in November 2011 geëindig. Aanstelling van lede van WKKK is teen die einde van die finansiële jaar gefinaliseer en dus is geen vergaderings in die laaste kwartaal van die jaar gehou nie.
2.2.16	Getal kunstenaars wat deur befondsing van NRO's opgelei is	554	300	722	Groter jaarlikse hulptoelae (oordragbetalings) wat aan minder NRO's betaal is op grond van bewys van die gehalte van hulle opleidingsprogramme, het beteken dat daar 'n beduidende verhoging in die getal kunstenaars was wat gedurende die oorsigjaar opleiding ontvang het.
2.2.17	Getal mentorprogramme wat in befondsde organisasies geïnisieer is	15	12	7	Ten einde mentorskapprogramme te laat slaag, was meer intensiewe konsultasie nodig. Dit het tot gevolg gehad dat minder mentorskapprogramme aangebied is. Hierdie aangeleentheid sal in die 2012/2013-finansiële jaar aandag geniet.
2.2.18	Gehoortontwikkeling in terme van getal persone wat openbare opvoerings bywoon	5 660	5 000	32 146	Die geraamde teiken is op historiese data gebaseer, maar weens ekstra fondse wat in die aansuiweringsbegroting ontvang is in die bedrag van R8,5 miljoen, is ondersteuning aan NRO's verhoog.

Subprogram 2.3: Museumdiens

AANGEPAS: NASIONALE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (wesentliche uitset) 2010/11	Wesentliche prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Wesentlik (2011/12)	
2.3.1	Getal persone wat fasiliteite besoek	331 184	400 000	368 332	-
2.3.2	Getal uitreikprogramme geïmplementeer	Nuwe aanwyser	4	4	-
2.3.3	Getal brosjures en publikasies versprei	5	1	1	-

AANGEPAS: NASIONALE-SPEIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
2.3.4	Getal uitstallings aangebied	2	2	1	Minder beplande permanente uitstallings is aangebied omdat fondse verskuif is om dringend aandag aan sekuriteitsprobleme by die Worcester Museum te gee. Navorsing is afgehandel, maar die uitstallings kon nie opgerig word nie. Dit is na die 2012/13-finansiële jaar oorgedra.
2.3.5	Getal programme wat kultuurtoerisme bevorder	1	1	1	-

AANGEPAS: PROVINSIE-SPEIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
2.3.6	Getal plaaslike permanente geskiedenis- uitstallings wat deur die Museumdiens by geaffilieerde museums geïnstalleer is	2	2	-	Die beplande permanente uitstallings is nie aangebied nie omdat fondse geskuif is om dringend aandag aan sekuriteitsprobleme by die Worcester Museum te gee. Navorsing is afgehandel, maar die uitstallings kon nie gebou word nie. Dit is na die 2012/13-finansiële jaar oorgedra.
2.3.7	Opstel van 'n gekonsolideerde Wes- Kaapse Museumdiensbeleid en nuwe provinsiale wetgewing vir museums	'n Konsepbeleid is deur die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning afgeteken	Promulgering van nuwe wetgewing oor museums en gefaseerde implementering van nuwe provinsiale wetgewing vir museums	Hierdie teiken is nie behaal nie.	'n Konsepbeleid is opgestel en op 15 Februarie 2012 bekend gestel vir wye oorleg. Openbare kommentaar is teen 31 Maart 2012 ontvang. Die proses het langer as verwag geduur.
2.3.8	Aanstelling en oriëntering van beheerliggaamde vir geaffilieerde museums	-	-	25	Verteenwoordigers van die Premier word vir 'n twee jaar-ampstermyn aangestel by geaffilieerde museums. Die huidige ampstermyn het op 31 Maart 2012 geëindig, maar in die lig van finalisering van die nuwe Wes-Kaapse Museumbeleid en in afwagting op nuwe wetgewing vir museums, het die Minister 'n 12 maande-verlenging van die verteenwoordigers se ampstermyn goedgekeur.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (wesentliche uitset) 2010/11	Wesentliche prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Wesentlik (2011/12)	
2.3.9	Getal provinsie-gesteunde museums in stand gehou	18	18	19	Die Lwandle Trekarbeidmuseum wat op 24 Februarie 2012 as 'n provinsie-gesteunde museum geproklameer is, het ook 'n subsidie van die Departement ontvang.
2.3.10	Getal plaaslike museums in stand gehou	4	4	4	-
2.3.11	Getal funksies wat deur die Museumdiens in vennootskap met geaffilieerde museums aangebied is	3	2	2	-
2.3.12	Getal deelnemers in skole-uitreikprogramme wat deur die Museumdiens aangebied is	278	400	741	'n Versoek vir 'n uitreikprogram oor medisinale plante is ontvang nadat die nuwe reisende uitstalling oor hierdie onderwerp deur die Museumdiens bekend gestel is. Die program is by skole in die Suid-Kaapstreek aangebied.
2.3.13	Getal geaffilieerde museums wat gehelp is met die opstel, hersiening, implementering en monitering van versamelingsbeleid	13	12	12	-
2.3.14	Getal geaffilieerde museums wat gehelp is met die opstel, hersiening, implementering en monitering van voorkomende bewaringsplanne	12	12	12	-
2.3.15	Getal historiese navorsingsprojekte afgehandel	3	3	3	-
2.3.16	Getal geaffilieerde museums wat gehelp is om hulle opvoedingsprogramme te hersien	2	2	3	Een bykomende projek is afgehandel sonder dat enige bykomende hulpbronne benodig is.
2.3.17	Getal nuwe opvoedingsprogramme wat deur die Museumdiens opgestel is	3	3	4	Die komponent het twee opvoedingsbeamptes en albei het twee projekte afgehandel.
2.3.18	Getal geaffilieerde museums wat voldoen aan SAMV se Professionele Standaard en Transformasie-aanwysers	6	6	6	-

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIEFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider	Basislyn (wesentliche uitset) 2010/11	Wesentliche prestatie teen teiken		Rede vir afwyking	
		Teiken (2011/12)	Wesentlik (2011/12)		
PROVINSIALE MUSEUMS: BARTOLOMEU DIAS MUSEUM, MOSSELBAAI, GEORGE MUSEUM, WORCESTER MUSEUM EN DIE KAAPSE MEDIESE MUSEUM					
2.3.19	Getal funksies wat deur provinsiale museums aangebied is	32	20	25	Meer funksies is deur provinsiale museums aangebied as gevolg van vennootskappe met 'n aantal belanghebbers, insluitende die Ambassade van Japan en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur; en deur deelname aan Internasionale Dag vir Monumente en Terreine.
2.3.20	Getal museumversamelings of voorwerpe wat deur provinsiale museums bekom is	81	80	161	As gevolg van die beplande nuwe uitstillingsprojekte wat ten doel het om die kultuurlandskap van die Wes-Kaap te verander, het provinsiale museums aktief nuwe artefakte versamel en verwerk.
2.3.21	Museumversamelingplanne by provinsiale museums geïmplementeer	Nuwe aanwyser	4	4	-
2.3.22	Getal voorkomende bewaringsplanne wat by provinsiale museums geïmplementeer is	4	4	4	-
2.3.23	Getal tydelike of reisende uitstillings wat by provinsiale museums geïnstalleer is	23	16	19	Meer tydelike uitstillings as beplan is by provinsiale museums geïnstalleer as deel van 'n nuwe inisiatief om artefakte uit te stal wat nooit voorheen uitgestel is nie (Artefak van die Maand-projek).
2.3.24	Getal deelnemers in opvoedingsprogramme wat deur provinsiale museums aangebied is	15 997	2 800	15 564	Die bevordering van opvoedingsprogramme by geaffilieerde museums het gevolg na geslaagde gesprekke met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement oor die rol van museums in die skoolkurrikulum. Dit het baie hoër syfers tot gevolg gehad as die geprojekteerde syfers.
2.3.25	Getal besoeke van skole aan provinsiale museums	378	8	306	Die verhoging in die getal besoeke van skole aan provinsiale museums is te wyte aan die ooreenkoms met die WKOD oor fommelle besoeke van leerders aan museums om deel te neem aan gestruktureerde opvoedingsprogramme.

Subprogram 2.4: Erfenishulpbrondienste

AANGEPAS: NASIONALE-SPEFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanwyser		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
2.4.1	Getal erfenisterreine wat bevorder is	Nuwe aanduider	4	4	-
2.4.2	Getal geografiese plekname wat hersien is	50	50	405	Hierdie is die eerste jaar waarin h voltydse navorsing geografiese name hersien. Die pas van vordering met die navorsing kon nie akkuraat voorspel word nie.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPEFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
2.4.3	Oordragbetaling aan Erfenis Wes-Kaap om dit in staat te stel om sy regsmandaat uit te voer	Nuwe aanwyser	R1 380 000	R1 380 000	-
2.4.4	Raadslede van Erfenis Wes-Kaap aangestel vir die volgende ampstermyn van die Raad	Aanstelling van nuwe Raad van Erfenis Wes-Kaap vir 'n 3 jaar-termyn	-	-	-
2.4.5	Raadslede en komitees bevoeg gemaak om hulle verpligtinge / mandaat na te kom	1	1	-	'n Opleidingswerkwinkel oor "Bestuur van Openbare Entiteite" is tot die nuwe finansiële jaar uitgestel om tyd toe te laat vir verkryging van 'n geskikte diensverskaffer.
2.4.6	Getal vergaderings van Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Naamkomitee	Nuwe aanduider	3	3	-
2.4.7	Lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Naamkomitee aangestel vir ampstermyn	Nuwe aanduider	-	-	Sien aantekening*
2.4.8	Getal plaaslike owerhede bevoeg gemaak om veranderings aan en standaardisering van geografiese plekname te hanteer	Nuwe aanduider	Ses konsultasies met plaaslike owerhede op munisipale distriksvlak	6	-

* 2.4.7 Die WKPGNK se huidige ampstermyn eindig eers in 2014.

Subprogram 2.5: Taaldiens

AANGEPAS: NASIONALE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (wesentliche uitset) 2010/11	Wesentliche prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Wesentlik (2011/12)	
2.5.1	Getal taalkoördinasiestrukture ondersteun	1	1	1	-
2.5.2	Getal publikasies oor veeltaligheid versprei	3	2	2	-
2.5.3	Getal literêre uitstillings aangebied	Nuwe aanduider	-	-	-
2.5.4	Getal dokumente vertaal	817	516	638	Die versoeke vir vertaling het die teiken oorskry.
2.5.5	Hoeveelheid tolkdienste aangebied	17	14	12	Daar was minder versoeke vir tolkdienste as verwag.
2.5.6	Getal persone bemagtig om vertalings te lewer	25	24	24	-

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (wesentliche uitset) 2010/11	Wesentliche prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Wesentlik (2011/12)	
2.5.7	Oordragbetaling aan die Wes-Kaapse Taalkomitee om sy regsmandaat uit te voer	R150 000	R170 000	R220 000	'n Bykomende R50 000 is toegewys in die Aansuiweringsbegroting
2.5.8	Getal volle en subkomiteevergaderings van die WTKK waar administratiewe ondersteuning deur die Departement voorsien word	4	4 volle vergaderings 1 strategiese beplanningsvergadering 1 subkomiteevergadering	4	-
2.5.9	Getal Provinsiale Taalforumvergaderings	6	6	8	Daar was twee bykomende funksies: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Werkswinkel om die vaardighede van taalpraktisyns te verbeter (22 Julie 2011) • 'n Geleentheid wat op Internasionale Vertaaldag (30 September 2011) gehou is.
2.5.10	Getal projekte gerig op die bevordering van veeltaligheid	5	-	2	Twee projekte – die Taalgedragskode en Veeltalige Naamborde – is deur die Provinsiale Taalforum geïdentifiseer.
2.5.11	Getal projekte gerig op herstel van vorige linguïstiese wanbalanse	2	2	2	-

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
2.5.12	Getal projekte gerig op die aktiewe ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal	7	2	2	-
2.5.13	Getal departemente aan wie dienste verskaf is	12	13	12	-

2.2.3 Program 3: Biblioteek-en Argiefdienste

Doel

Om omvattende biblioteek- en argiefdienste in die Wes-Kaap te verskaf. Die program is in drie subprogramme ingedeel, naamlik: Bestuurs-, Biblioteek- en Inligtingsdienste; en Wes-Kaapse Argief en Rekorddienste. Die subprogram: Biblioteek- en Inligtingsdiens behels die Sentrale Organisasie en Streksorganisasie. Die subprogram: Argiefdienste bestaan uit Argiefbestuur en Rekordbestuur.

Strategiese doelwitte

- Om biblioteekdienste aan alle burgers van die Wes-Kaap te ondersteun en verbeter;
- Om 'n behoorlike rekordbestuursdiens in regeringsliggame te verseker; en
- Om argiefmateriaal te bewaar en toegang daartoe te voorsien.

Prestasie-aanwysers en teikens: prestasies

Biblioteekdiens

Ten einde die leeskultuur te verbeter, het Biblioteekdienste 222 461 items biblioteekmateriaal geprosesseer, wat aan 343 biblioteeksentrums in die Wes-Kaap versprei is. Daarbenewens het Biblioteekdienste 206 574 items namens openbare biblioteke bekom en ingeteken op 6 931 tydskrifte en koerante.

Twee sentrums is gedurende die finansiële jaar bygevoeg – Harareplein Biblioteek in Khayelitsha (Stad Kaapstad) en Klappmuts Biblioteek (Stellenbosch Munisipaliteit). Die uitgebreide diens, algemeen bekend as Wieliewaentjies, wat poog om biblioteekdienste na afgeleë plattelandse areas te neem, het begin om ses terreine in die klein plattelandse gemeenskappe van Toekoms (Mosselbaai Munisipaliteit), Versveld (Bergrivier Munisipaliteit), Laaste Drift (Witzenberg Munisipaliteit), Waboomskraal (George Munisipaliteit), Fairview (Knysna Munisipaliteit) en Brakfontein (Hessequa Munisipaliteit) te bedryf.

Biblioteekdienste poog om biblioteekinfrastruktuur te verskaf wat voldoen aan die spesifieke behoeftes van die gemeenskappe wat hulle bedien. Die Departement het R4 miljoen bygedra tot 'n nuwe biblioteekfasiliteit in die Paarl (Drakenstein Munisipaliteit). Die amptelike opening was op 9 Maart 2012, presies 45 jaar nadat die Paarl by die Provinsiale Biblioteekdiens geaffilieer is.

Ten einde 'n leeskultuur en die gebruik van openbare biblioteke te bevorder, het 15 promosieprojekte plaasgevind. Twee hoogtepunte was die Nasionale Boekweek wat van 5 tot 10 September 2011 by die Promenade winkelsentrum in Mitchells Plain gehou is en die bekendstelling van Nasionale

Biblioteekweek by die Paarl Biblioteek op 16 Maart 2012. Die tema van die biblioteekweekveldtog was "Bly verbind @ jou biblioteek" en die doel daarvan was om openbare biblioteke as deel van die wêreld van populêre sosiale media, soos Facebook, uit te beeld. Kleurvolle bemarkingsmateriaal is aan alle openbare biblioteke versprei vir gebruik gedurende Biblioteekweek. Hierdie jaarlikse veldtog poog om openbare biblioteekdienste te bevorder en om 'n leeskuultuur in te skerp.

Vaardighedsontwikkeling was gedurende die oorsigjaar een van die sleutelprestasie-areas vir Biblioteekdienste. Sestien opleidingsprogramme vir openbare biblioteekpersoneel is gedurende die 2011/12-finansiële jaar verskaf. Hierdie opleidingsingrypings oor verskeie aspekte van openbare biblioteekprosedures en -prosesse het die bevoegdheid van openbare biblioteekpersoneel verhoog en dienslewering in hulle gemeenskappe verbeter. In totaal is 373 biblioteekwerkers opgelei.

Die Direkoraat dra by tot ontwikkeling van 'n responsiewe ekonomiese infrastruktuurnetwerk in ooreenstemming met die gebiedende noodsaaklikheid vir die regeringstelsel om effektief en aanspreeklik te wees. Dit het 72 biblioteeksentrums in 13 munisipaliteite befonds om van PALS na SLIMS (die "SITA Library Information Management System" deur Brocade aangedryf) te migreer. Ongeveer R2 miljoen is aan hierdie projek bestee.

In vennootskap met die Sentrum vir E-innovering (SE-I), Departement van die Premier, het Biblioteekdienste voortdurend inligting- en kommunikasietegnologie aan plattelandse openbare biblioteke deur middel van fondse uit voorwaardelike toekennings verskaf. In die oorsigjaar het 21 biblioteke uit hierdie IKT-inisiatief voordeel getrek.

Ten einde by te dra tot verbeterde bevoegdheid van personeel by stedelike en plattelandse biblioteke om passend te reageer op gemeenskappe se kennis- en inligtingsbehoefte, het die getal bykomende personeellede wat by openbare biblioteke aangestel is, gestyg tot 292. Hierdie poste is deur fondse uit die Voorwaardelike Toekennings gefinansier.

Munisipale Vervangingsfondse

Munisipale vervangingsfondse is vir die eerste keer tydens die aansuiweringsbegroting van die 2011/12-finansiële jaar ontvang. Die doel van hierdie fonds is om munisipale belegging in biblioteekdienste aan te vul en om die toekomstige professionele lewering en ontwikkeling van sodanige dienste in die vyftien Kategorie B3-munisipaliteite in die Wes-Kaap vol te hou. 'n Bedrag van R31 770 000 is van Provinsiale Tesourie ontvang, waarvan R31 268 miljoen as een deel na die vyftien munisipaliteite oorgedra is. Altesaam 201 openbare biblioteekpersoneellede is betaal deur vervangingsfondse wat na die B3-munisipaliteite oorgedra is.

'n Bedrag van R502 000 is aangewend vir personeel- en bedryfskoste van die eenheid wat verantwoordelik is vir die koördinerende en bestuur van die fondse. Maandelikse verslae is deur munisipaliteite ingedien. Gebaseer op goedgekeurde memoranda van ooreenkoms en sakeplanne, is uitgaweverslae ontleed en gemoniteer vir nakoming. Alle uitsette is behaal - 15 B3-munisipaliteite het munisipale vervangingsfondse ontvang en besoldiging vir 201 biblioteekpersoneellede is deur munisipale vervangingsfondse gefinansier. Die totale bedrag van toegewese fondse is teen die einde van die finansiële jaar bestee.

Argiefdiens

Nasionale Argiefweek, wat poog om bewustheid van argiefdienste te skep en die gebruik daarvan te bevorder, is van 9 tot 13 Mei 2011 gevier rondom die tema "Argiewe vir die Verlede, Hede en Toekoms: Ons Geboue-nalatenskap in die Kaap". Gedurende die week is 1 038 besoekers ontvang en bekend gestel aan die voorraad vir bewaring en funksies van die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens.

Erfenisweek is van 20 tot 23 September 2011 in samewerking met die Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse tak van die Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika gevier.

Die Argiefdiens het verhoogde gebruik aangeteken. Altesaam 8 790 navorsers het gedurende die oorsigjaar 48 309 rekords nageslaan. Die aanvraag na argiefdienste word ook bewys deur die hoë getal navrae wat ontvang en verwerk is (1 563).

As deel van die Mutual Kultuurerfenisprojek wat deur die Nasionale Argief van Nederland geadministreer word, het personeel 'n werkwinkel bygewoon oor die implementering van internasionale argiefsagtewarestandaarde om die argief van die VOC (Vereenigde Oost-Indische Compagnie) se voorraad op die internet beskikbaar te stel.

Die Genealogiese Vereniging van Utah, VSA, het steeds argiefrekords gedigitaliseer as deel van 'n gesamentlike projek om elektroniese toegang tot historiese rekords te verbeter. Gedurende die jaar is 198 173 afbeeldings van 870 rekords van die Slawekantoor, "Opgaafrollen" en Streekskantoor van die Departement van Binnelandse Sake geskandeer.

Ten einde die rekordbestuurspraktyke te verbeter om aan die beginsels van aanspreeklikheid, deursigtigheid en goeie bestuur te voldoen, is 54 rekordklassifiseringstelsels goedgekeur, 34 regeringsliggame ondersoek en 165 rekordbestuurders opgelei.

Om tred te hou met die moderniseringsproses van die Wes-Kaapse Regering, is die plan van eenvormige lêers vir gebruik deur provinsiale departemente gedurende die oorsigjaar goedgekeur. Die aanvanklike stappe is ingestel vir ingebruikneming van "Open Text" as Elektroniese Dokument Rekordbestuurstelsel om personeel met die nodige inligtingstechnologie-vaardighede toe te rus vir die doeltreffende verrigting van hul werk.

Subprogram 3.2: Biblioteekdienste

AANGEPAS: NASIONALE-SPESIEFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
3.2.1	Getal nuwe biblioteekfasiliteite gebou	-	-	-	Sien aantekening*
3.2.2	Getal biblioteekgeboue opgegradeer	-	-	-	Sien aantekening*
3.2.3	Getal gemeenskapsbiblioteke van IKT-infrastruktuur voorsien	-	-	-	Sien aantekening*
3.2.4	Getal biblioteekmateriale verkry	147 524	150 000	206 574	Die teiken is oorskry as gevolg van bykomende geld wat beskikbaar was uit personeelbesparings en inkomstevordering.
3.2.5	Getal promosieprojekte uitgevoer	13	17	15	Beplande publikasies is nie gedoen nie as gevolg van vertragings wat veroorsaak is deur die skuif na eenvormige provinsiale handelsmerkgewing.
3.2.6	Getal personeellede opgelei by gemeenskapsbiblioteke	321	579	373	Opleidingskursusse is gekanselleer as gevolg van die 100% voorraadopnameprogram.

AANGEPAS: NASIONALE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
3.2.7	Getal moniteringsbesoeke gedoen	948	1 360	1 436	Bykomende besoeke is gedoen as gevolg van die 100% voorraadopnameprogram

Aantekening:

3.2.1 Geen fondse is uit die billike aandeelbegroting beskikbaar gestel om biblioteekgeboue op te gradeer nie. Dit is uit die Voorwaardelike Toekenning gefinansier.

3.2.2 Geen fondse is uit die billike aandeelbegroting beskikbaar gestel om biblioteekgeboue op te gradeer nie. Dit is uit die Voorwaardelike Toekenning gefinansier.

3.2.3 Geen fondse is uit die billike aandeelbegroting beskikbaar gestel om biblioteekgeboue op te gradeer nie. Dit is uit die Voorwaardelike Toekenning gefinansier.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
3.2.8	Getal opleidingsprogramme vir openbare biblioteekpersoneel aangebied	14	20	16	Opleidingskursusse is gekanselleer as gevolg van die 100% voorraadopnameprogram.
3.2.9	Getal biblioteke verbind met nuwe gerekenariseerde biblioteek en inligtingsbestuurstelsels	Nuwe aanduider	72	72	-
3.2.11	Getal biblioteekmateriale verwerk	303 326	269 000	222 461	Die migrasie na SLIMS het prosesse in hierdie afdeling vertraag aangesien personeel nuwe prosedures vir die vaslê en skakeling van biblioteekmateriaal moes aanleer.
3.2.12	Getal biblioteekmateriale gekatalogiseer	Nuwe aanduider	6 800	4 995	Die migrasie na SLIMS het prosesse in hierdie afdeling vertraag aangesien personeel nuwe katalogiseringsprosedures moes aanleer.
3.2.13	Getal tydskrifinskrywings	7 027	7 005	6 931	Sekere publikasies is gestaak.

Subprogram 3.3: Argief

AANGEPAS: NASIONAAL-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
3.3.1	Getal rekordklassifiseringstelsels goedgekeur	48	36	54	Die getal wysigings aan en byvoegings tot klassifiseringstelsels is afhanklik van die getal versoeke wat van kliëntekantore ontvang word.

AANGEPAS: NASIONAAL-SPEKIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
3.3.2	Getal regeringsliggame geïnspekteer	31	34	34	-
3.3.3	Getal rekordbestuurders opgelei	153	130	165	Een bykomende kursus is in Calitzdorp aangebied as respons op 'n versoek van die Eden Distriksmunisipaliteit.
3.3.4	Getal wegdoeningsmagtigings uitgereik	12	12	12	-
3.3.5	Getal navrae ontvang	1 616	1 300	1 563	Die getal navrae wat ontvang word, hang af van die vlak van openbare aanvraag.
3.3.6	Getal navrae verwerk	1 616	1 300	1 563	Die getal navrae wat verwerk word, hang af van die hoeveelheid navrae wat ontvang word.
3.3.7	Getal datagekodeerde inskrywings by NOAIHS se databasis ingedien	60 275	60 000	60 453	-
3.3.8	Getal navorsers wat bewaarplekke besoek het	8 608	7 500	8 790	Die getal besoekers aangeteken in die leeskamer het die teiken oorskry. Dit kan as gevolg wees van onlangse aktiwiteite oor argiefbewustheid.
3.3.9	Getal argiefgroepe wat vir herkryging gerangskik is	20	20	20	-
3.3.10	Getal argivalia (argiefstukke) gerestoureer	554	500	719	(117 dokumente) Die teiken is oorskry aangesien die meeste dokumente 'n verskeidenheid soorte behandeling nodig gehad het. Bladsye is dus afsonderlik getel.
3.3.11	Getal argieffasiliteite ontwikkel	-	-	-	-
3.3.12	Getal argieffasiliteite opgegradeer	-	-	-	-
3.3.13	Getal IKT-fasiliteite vir openbare gebruik voorsien	-	-	-	-
3.3.14	Getal lineêre meters oorplasing van regeringsliggame ontvang	257.16	250	256.60	-
3.3.15	Getal bewustheids- en promosieprojekte gedoen	8	10	10	-
3.3.16	Getal programme oor mondellinges geskiedenis	2	2	-	Hoewel geen mondelinge geskiedenisprogramme afgehandel is nie, is briewe gestuur aan instellings wat mondelinge geskiedenisprogramme bedryf. In die Departement is Museumdienste besig met mondellinges geskiedenisprogramme, waaroor verslag gedoen word onder APP-aanwyser no 2.3.10.

AANGEPAS: NASIONAAL-SPEKIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weslike uitset) 2010/11	Weslike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weslike (2011/12)	
3.3.17	Getal geleenthede waaraan provinsiaal, nasionaal en internasionaal deelgeneem is	2	7	7	-
3.3.18	Getal rekordklassifiseringstelsels geassesseer	117	45	113	Die getal wysigings aan en byvoegings tot klassifiseringstelsels is afhanklik van die getal versoeke wat van kliëntekantore ontvang word.
3.3.19	Getal rekords wat deur navorsers geraadpleeg is	47 369	42 000	48 309	Die getal rekords wat geraadpleeg is, word direk beïnvloed deur die getal besoekers wat ontvang word.
3.3.20	Hoeveelheid lineêre meters gerangskik	297.80	282	304.41	-

2.2.4 Program 4: Sport en Ontspanning

Doel

Om sport en ontspanning te bevorder wat sal bydra tot versoening en die ontwikkeling van die Wes-Kaap deur billike, toeganklike en bekostigbare geriewe, programme en dienste te verskaf. Ingrypings sluit in: 1) die bevordering van 'n gesonde leefstyl en die ontwikkeling van skolesport deur massadeelname, ontsluiting van talent en behoorlike administrasie; en 2) die aanbied van belangrike sportgeleenthede, met spesiale klem op die skep en handhawing van 'n nalatenskap en kultuur van uitmuntendheid in sport te bevorder en fasiliteer.

Strategiese doelwitte

- Om ontwikkelingsprogramme vir sport en ontspanning te voorsien;
- Om gespesialiseerde dienste vir sport en ontspanning te voorsien;
- Om kliënte- en wetenskaplike ondersteuning vir sport en ontspanning te voorsien;
- Om ontspanningsaktiwiteite te bevorder; en
- Om toegang tot, en geleenthede in, sport by alle skole en hulle leerders te skep.

Prestasie-aanduiders en –teikens: prestasies

Sport en Ontspanning werk daaraan om 'n etos te vestig wat 'n gesonde leefstyl, lewenslange aktiwiteit en uitmuntendheid in en deur sport steun. Die elemente van die program is: i) Ontspanning; ii) Skolesport; en iii) Sport.

Ontspanning behels die begrippe van: verskaffing van toegang; skep van geleentheid; sowel as volhoubaarheid en volhoubare deurvoer. Hierdie elemente lê ten grondslag van die MGO- (Massa Deelname; Geleentheid en Toegang tot Ontwikkeling en Groei) program in Ontspanning.

Deur die MGO-program word MGO-sentrums dwarsdeur die provinsie ingestel om ontspanningsgeleenthede te verskaf, waarvan die fokus in hierdie stadium hoofsaaklik val op: i) skoolgaande kinders; ii) plaaswerkers; en iii) senior burgers.

Die ontspanningsprogramme wat by die MGO-sentrums aangebied word, kulmineer in jaarlikse feesgeleenthede, naamlik:

- Die Plaaswerkersfees (April 2011);
- Die Vryheidsdagfees (April 2011);
- Die Goue Spele (September 2011); en
- Die Inheemse Spele (Maart 2012).

Ten einde effektiewe en doelmatige lewering, sowel as volhoubaarheid en sukses in en deur ontspanning te bevorder, neem die Departement aktiwiteitskoördineerders in diens op 'n kontrakbasis. Benewens hulp met die implementering en groei van ontspanning, word die aktiwiteitskoördineerders voorsien van toegang tot werksgeleenthede, asook geleenthede vir kapasiteitsbou. Met dié doel het die aktiwiteitskoördineerders, asook permanente personele, kursusse in bestuur, geleenthedsbestuur, lewensvaardighede en noodhulp geloop.

Bogenoemde aktiwiteite ondersteun die opvoeding en groei van werknemers in diens van die verdere uitbou van ontspanning in die Wes-Kaap. Die administreerders van ontspanning in die Departement het nou die bevoegdheid om te verseker dat ontspanning 'n katalisator is vir 'n filosofie van "gesonde leefstyl" en "lewenslange aktiwiteit", en dat dit die grondslag vorm waarop die Departement se Skolesport en Sporteenhede gebou word.

Deur die MGO-program verskaf die Skolesport-subprogram 'n gestruktureerde, georganiseerde en daaglikse naskoolse vaardigheidsontwikkelingsprogram vir skoolgaande kinders. Daarbenewens bied dit 'n aantal distriks- en provinsiale talentidentifiseringskampe aan vir leerders met die potensiaal om op 'n hoër vlak te presteer. Waar moontlik, word diegene wat geïdentifiseer is as kinders met 'n besondere talent, by die Wes-Kaapse Sportskool (WKSS) geregistreer.

Die MGO-program het die geleentheid geskep vir sterker inter- en intradepartementele bande. Verskeie provinsiale departementele eenhede werk nou saam met sekere MGO-sentrums. Van besondere betekenis is die voedingskema wat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling by 'n aantal MGO-sentrums aanbied. Dit het gebyk uiters effektief te wees en het enorme waarde toegevoeg tot gemeenskapontwikkeling in die provinsie.

As gevolg van die kennis opgedoen uit die MGO-program, het Skolesport 'n stelsel van "Fokuskode" ingevoer. Die fokus hier is op 'n spesifieke sportkode by 'n spesifieke MGO-sentrum. Die spesifieke sportkode word bevorder deur 'n stelsel wat gerig is op: i) die ontwikkeling van 'n breë poel potensiële atlete in die gekeurde kode; ii) identifikasie van talentvolle atlete in die kode; en iii) kodespesialisering vir gekeurde atlete.

Noudat dit bogenoemde stelsel geïnisieer het, bou die Skolesportsubprogram goeie werksverhoudings met die verskeie sportrade en toepaslike federasies. Dit help om die skolesportkodes met hulle administrasie te laat skakel, dit wil sê, met die federasies en die sportrade. Skolesport gee uitvoering aan die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan deur 'n loodsprojekstelsel in sagtebal in te voer van rig-die-afrigter-af. Daarbenewens gee die Departement ook uitvoering aan die NSOP en WKSS deur die skole se strukture en implementeringstrategieë in ooreenstemming met die nasionale plan te bring.

Die WKSS, in samewerking met die Departement, gaan voort met sy ontwikkeling en met sy programme van strewe-na-uitmuntendheid. Die fokus van die skool is: i) die verskaffing van toegang; ii) die skep van geleentheid; iii) talent-identifikasie; iv) uitmuntendheid in sport; en v) verdere navorsing. Die sportskool het 'n groot aantal suksesverhale ten opsigte van die 14 sportkodes wat dit aanbied.

Om effektiewe en doelmatige lewering, sowel as volhoubaarheid en sukses in en deur sport te bevorder, neem die Departement aktiwiteitskoördineerders in diens op 'n kontrakbasis. Benewens hulp met die implementering en groei van skolesport, word die aktiwiteitskoördineerders voorsien van toegang tot werksgeleenthede, asook geleenthede vir kapasiteitsbou. Met dié doel het die aktiwiteitskoördineerders, asook permanente personelede, kursusse in bestuur, geleenthedsbestuur, lewensvaardighede en noodhulp geloop.

Bogenoemde aktiwiteite ondersteun die opvoeding en groei van werknemers in diens van die verdere uitbou van skolesport in die Wes-Kaap. Die bestuurders van skolesport in die Departement het nou die bevoegdheid om te verseker dat die Skolesport-subprogram die katalisator is vir 'n filosofie van "uitmuntendheid deur sport", en dat dit die skakel vorm tussen die aktiwiteite van die Ontspanning- en Sport-subprogramme.

As deel van sy filosofie van en strewe na "uitmuntendheid in en deur sport", het Sport in Mei 2011 seremonies van befondsingstoewysing in elk van die vier sportstreke gehou. Memoranda van ooreenkoms is met 111 federasies onderteken, insluitende sportrade, plaaswerkersvereniging en belanghebbendes in die gestremdheidssektor.

Betaling aan befondsde entiteite is met byna ses maande vorentoe geskuif na Junie 2012, gevolg deur 'n proses van monitering en evaluering. Dit is opgevolg deur driesydige vergaderings oor die befondsing van entiteite wat deur die burgerlike samelewing, belanghebbendes, sportrade en sportfederasies bygewoon is.

Raadplegende sport en ontspanning-*izindaba* is in elk van die vier sportstreke van die Wes-Kaap gehou, wat gekulmineer het in 'n provinsiale Indaba wat die Wes-Kaap se insette in die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan gekonsolideer het. Die *Indaba* is goed bygewoon deur afgevaardigdes van federasies, NRO's, universiteite, munisipaliteite en sportrade.

Gedurende die 2011/2012-begrotingsjaar het die Departement die eerste fase van die fasiliteit-oudit voltooi ter voorbereiding van die opstel van 'n fasiliteitplan vir die provinsie. Altesaam R2 miljoen is oorgedra na die Saldanha- en Oudtshoorn-munisipaliteite vir die vestiging van streeksakademies.

Die Departement het met die beplanning, aanbied en bestuur van 30 geleenthede oor al vier sportstreke, van yshokkie tot judo, hulp verleen. Dit het 'n beduidende bydrae tot sporttoerisme gelewer.

Die jaarlikse provinsiale sporttoekenningsgeleentheid het uitmuntendheid beloon en erkenning gegee aan die bydraes wat in 2011 deur atlete, individue en organisasies op die breër terrein van sport en ontspanning gemaak is.

2011/2012 JAARLIKSE PROVINSIALE SPORTTOEKENNINGS	
KATEGORIE	ONTVANGER
Administrateur van die Jaar	Ruth Saunders (Handbal)
Span van die Jaar	Kaapse Kobras (Krieket)
Afrigter van die Jaar	Allister Coetzee (Rugby)
Federasie van die Jaar	WP Rugbyvoetbalunie
Mediatoekenning van die Jaar	Mark Ward en Eugene Gunning
Erkenning van Tegniese Uitmuntendheid	Hillary Jane Beaton (Sport vir Gestremdes/ Atletiek)
Sportvrou van die Jaar (Sport vir Gestremdes)	Ilse Carstens (Atletiek)
Sportman van die Jaar (Sport vir Gestremdes)	Stephanus van der Merwe (Atletiek)

2011/2012 JAARLIKSE PROVINSIALE SPORTTOEKENNINGS	
KATEGORIE	ONTVANGER
Ministeriële Eervolle Vermelding	Prof. Andre Odendaal (Krieket)
Professor Tim Noakes Wetenskap/Navorsingstoekening	Marius Smit (Toutrek) Dr. Omar Esau (Skaak)
Junior Sportvrou van die Jaar	Alexandra Quenet (Tweekamp)
Junior Sportman van die Jaar	Llewellyn Groenveld (Moderne Vyfkamp)
Sportvrou van die Jaar	Chantelle Doddemeade (Judo)
Sportman van die Jaar	Schalk Burger (Rugby)
Eerol	Randall Petersen, Jan Hendrik Momberg, John de Jongh, Dave Spence, Clive Claassen, Francois du Toit, Issy Bloomberg, Pieter Bredell

Die Steve Tshwete-rugbytoernooi, wat jaarliks in die Khayelitsha Rugbystadion plaasvind, het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van township-rugby. Die Departement van Kultuursake en Sport en die Westelike Provinsie Rugby-Unie is die hoofbonders van die geleentheid. Die toernooi het 'n platform verskaf vir Sondag-ligaklubs, wat duidelik baie kompetender is.

Die Departement het op 17 Junie 2011 met welslae 'n NRO-spitsberaad in Houtbaai aangebied. Die doel van die geleentheid was om met hierdie groeiende sektor in sport te skakel en om dit met sportfederasies en sportklubs op streeksvlak te laat skakel. 'n Databasis van rolspelers in die NRO-sportsektor is opgestel.

Die Departement het ook daarin geslaag om 'n verhouding met al vier universiteite in die Wes-Kaap te vestig. Gesamentlike projekte het in die oorsigjaar 'n aanvang geneem.

Die Departement het verskeie federasies in die vier streke deur oordragbetalings befonds om afrigters, tegniese beamptes en sportadministrateurs op te lei. Kapasiteitsbou bly steeds 'n prioriteitsgebied aangesien DKES besondere aandag skenk hieraan en befonding toewys aan federasies, spesifiek vir opleiding.

Wes-Kaapse atlete het ondersteuning van die Departement ontvang om deel te neem aan die Suid-Afrikaanse Spele wat in Oktober 2011 in Polokwane gehou is. 'n Totaal van 527 atlete en beamptes het die provinsie verteenwoordig, en die span het die algehele tweede plek behaal. Wes-Kaapse atlete het 132 medaljes gewen, waarvan 47 goud en 42 silwer.

Die WVI-Voorwaardelike Toekening help gemeenskappe met werkskepping, kapasiteitsbou en die verkryging van vervoer, toerusting en uitrustings. Programme wat fokus op vroue, meisies en mense met gestremdhede is deur die hele oorsigjaar gehou.

'n Merkwaardige prestasie is behaal deur Petronella Kleinschmidt (72 jaar oud) wat op ouderdom 25 begin het met karate. Sy was die eerste swart vrou om 'n nasionale en internasionale skeidsregter te word en is die mees senior vrou op die ranglys in haar gekose karatestyl in Afrika. Sy het nou haar Agtste Dan in daardie styl behaal.

Nog 'n grootse prestasie deur 'n vrou was dié van Genèveve Lenz van Westelike Provinsie Tafeltennis. Sy het 'n reeks skeidsregterseksamens afgelê op liga-, provinsiale en nasionale vlak en het op al hierdie vlakke opgetree as skeidsregter. In 2006 het sy die Internasionale Skeidsregterseksamen afgelê. Terwyl sy in Switserland was vir die Para-Wêreldkampioenskappe, het sy die Para-skeidsregterseksamen afgelê. Sy

is tans die enigste vrou in Suid-Afrika wat die Para-eksamen afgelê het. Nog 'n besondere prestasie is dat sy die enigste aktiewe vroulike "Blue Badge"-skeidsregter in Afrika is. Slegs "Blou Badge"-skeidsregters mag by die Olimpiese Spele diens doen. Sy sal 'n skeidsregter wees by die Londen Olimpiese Spele in 2012.

Subprogram 4.2: Sport

AANGEPAS: NASIONAAL-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanduider		Basislyn (weselike uitset) 2010/11	Weselike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Weselik (2011/12)	
4.2.1	Getal geaffilieerde provinsiale sportfederasies ondersteun	107	110	111	-
4.2.2	Getal nuwe fasiliteite gebou	1	1	-	Die Departement het nie fondse oorgedra aan die Swartland Munisipaliteit nie. Die munisipaliteit het die Mediasentrum by die Eugene Louw Sportkompleks gebou en voltooi deur sy eie fondse aan te wend.
4.2.3	Getal fasiliteite opgegradeer	4	2	2	-
4.2.4	Getal atlete wat deur hoë-prestasie-programme ondersteun is	25	20	58	Hierdie aanwyser word deur die federasies bepaal volgens die getal atlete wat in nasionale spanne ingesluit word. Die maatstaf is van historiese data geneem.
4.2.5	Getal sportadministrateurs wat vrywilligers opgelei het	489	120	126	-
4.2.6	Getal afrigters opgelei	58	120	126	-
4.2.7	Getal tegniese beamptes opgelei	196	120	128	-
4.2.8	Getal persone in leederskapprogramme	-	-	-	-
4.2.9	Getal atlete wat bevoordeel is uit sportontwikkeling	5 016	8 000	8 944	Toe die komponent die aktiwiteite van federasies nagegaan het, het dit ontdek dat dit sy teikens sou oorskry.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanwyser		Basislyn (werklike uitset) 2010/11	Werklike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Werklik (2011/12)	
4.2.10	Getal sub-unies gevestig en ondersteun	5	-	-	-
4.2.11	Getal geleenthede vir gestremdes ondersteun	Nuwe aanwyser	5 (4 streeks- en 1 provinsiaal)	5	-
4.2.12	Getal geleenthede vir vroue en meisies ondersteun	Nuwe aanwyser	2	6	Toe die komponent die aktiwiteite van federasies nagegaan het, het dit ontdek dat dit sy teikens sou oorskry.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPEIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanwyser		Basislyn (werklike uitset) 2010/11	Werklike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Werklik (2011/12)	
4.2.13	Getal hoofgeleenthede gehou	22	30	30	-
4.2.14	Getal fiksheid- en welstandsprogramme by gimnasium	7	4	5	-
4.2.15	Getal sport en ontspanningsdae gehou	0	3	-	Sedert 1998 het Streeks- en Provinsiale Sportdae gewoonlik op 'n Vrydag plaasgevind. In 2009 het die Kabinet besluit dat dit op 'n Saterdag gehou moet word. Weens 'n dramatiese afname in die getal deelnemers, is die sportdae in 2010 en 2011 gekanselleer aangesien die getal deelnemers nie die koste geregverdig het nie. Kabinet het in 2012 besluit dat die sportdae weer op Vrydae sou plaasvind. As gevolg van die nuwe Kabinetsbesluit, sal sportdae weer ingestel word.
4.2.16	Getal werknemers wat die gimnasium gebruik	1 228	600	554	-
4.2.17	Getal toekennings	6	6	6	-
4.2.18	Getal persone wat erkenning gekry het	440	360	399	-
4.2.19	Getal sportkomitees ingestel en ondersteun	5	8	8	-

Subprogram 4.3: Ontspanning

AANGEPAS: NASIONAAL-SPEIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanwyser		Basislyn (werklike uitset) 2010/11	Werklike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Werklik (2011/12)	
4.3.1	Getal ontspanningstrukture en/of organisasies gevestig en ondersteun	2	7	6	-
4.3.2	Getal ontspannings-sportgeleenthede en/of programme gehou	81	50	49	-
4.3.3	Getal persone wat deelneem aan ontspannings-sportgeleenthede en/of programme	28 913	15 000	12 848	Die geteikende getal deelnemers is as gevolg van die vrywillige aard van die programme, nie behaal nie.

Subprogram 4.4: Skolesport

AANGEPAS: NASIONAAL-SPEKIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanwyser		Basislyn (werklike uitset) 2010/11	Werklike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Werklik (2011/12)	
4.4.1	Getal leerders wat deelneem aan interprovinsiale (nasionale) sportkompetisies	1 339	2 150	-	Die nasionale mandaat van SRSA is dat skolesport nie enige nasionale toernooie mag hê nie en dat alle provinsies op die vestiging van behoorlike sportstrukture en deelname op die laer vlak moet fokus.
4.4.2	Getal nasionale spanne gelewer	22	24	-	Die nasionale mandaat van SRSA is dat skolesport nie enige nasionale toernooie mag hê nie en dat alle provinsies op die vestiging van behoorlike sportstrukture en deelname op die laer vlak moet fokus.
4.4.3	Getal talentvolle atlete opgeneem in hoë-prestasie-strukture en programme (streekspanne)	2 285	6 450	-	Die nasionale mandaat van SRSA is dat skolesport nie enige nasionale toernooie mag hê nie en dat alle provinsies moet fokus op die vestiging van behoorlike sportstrukture en deelname op die laer vlak.
4.4.4	Getal streekspanne gelewer	52	72	-	Die nasionale mandaat van SRSA is dat skolesport nie enige nasionale toernooie mag hê nie en dat alle provinsies op die vestiging van behoorlike sportstrukture en deelname op die laer vlak moet fokus.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPEKIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS					
Prestasie-aanwyser		Basislyn (werklike uitset) 2010/11	Werklike prestasie teen teiken		Rede vir afwyking
			Teiken (2011/12)	Werklik (2011/12)	
4.4.5	Getal skoolgebaseerde kodes wat interskool-ligawedstryde speel in elk van die distrikte	17	17	14	Geen watersport- of tafeltenniswedstryde is weens die swak verhouding tussen die skolesportkode en die federasie gespeel nie. Geen tennis word gespeel nie weens 'n dis-funksionele tennisstruktuur.
4.4.6	Getal distriksgebaseerde geleenthede vir inheemse spele	7	8	8	-
4.4.7	Getal afrigtergebaseerde afrigtingsklinieke gehou	4	4	5	Die Sagtebal Junior Vroue Wêreldkampioenskap het 'n geleentheid gebied om 'n bykomende kliniek te hou.
4.4.8	Getal atletiekgebaseerde afrigtingsklinieke gehou	4	4	4	-
4.4.9	Getal toekenningsgeleenthede	5	6	6	-
4.4.10	Gedetailleerde Jaarverslag van die Wes-Kaapse Sportskool	Nuwe aanwyser	1	1	-
4.4.11	'n Skolesportstrategie ontwikkel /geïmplementeer /verfyn /gehandhaaf	Nuwe aanwyser	1	1	-
4.4.12	Gedetailleerde Jaarverslag oor navorsing en/of beleidsontwikkeling	Nuwe aanwyser	1	1	-

DEEL 3: FINANSIËLE JAARSTATE

3.1 Verslag van die Ouditkomitee vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

Ons lê graag ons verslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2012 voor.

Ouditkomiteelede en bywoning

Ooreenkomstig Kabinetsbesluit 55/2007, word die Departement van Kultuursake en Sport deur die Maatskaplike Kluster Ouditkomitee bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit die lede hieronder genoem en moet minstens vier keer per jaar vergader soos uiteengesit in sy goedgekeurde opdrag. Gedurende die huidige jaar is 7 vergaderings gehou.

Naam van Lid	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. R Kingwill	7
Mnr. Z Hoosain	6
Mnr. L van der Merwe	6
Mnr. M Mdludlu (termyn verval 31 Desember 2012)	6
Me. A Jones (termyn verval 31 Desember 2012)	5
Mnr. M Burton (aangestel 1 Januarie 2012)	1

Verskoning is aangebied en aanvaar vir vergaderings wat nie bygewoon is nie. 'n Korum van lede was by al die vergaderings verteenwoordig.

Ouditkomitee se verantwoordelikheid

Die ouditkomitee rapporteer dat dit al sy verantwoordelikhede voortspruitend uit **artikel 38(1)(a) van die WOFB** en **Tesourieregulasie 3.1** nagekom het.

Die ouditkomitee rapporteer ook dat dit sy toepaslike formele opdrag as sy Ouditkomitee-handves aanvaar het, sy sake ter nakoming van hierdie handves gereguleer het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, vervul het.

Die doeltreffendheid van interne beheer

In ooreenstemming met die WOFB en die King III-Verslag oor die Vereistes van Korporatiewe Beheer, bied Interne Oudit aan die ouditkomitee en Bestuur die gerusstelling dat die interne beheermaatreëls voldoende en effektief is. Dit is moontlik gemaak deur 'n risikogebaseerde Interne Ouditplan, Interne Oudit se assessering van die toereikendheid van beheermaatreëls wat die risiko's mitigeer en die Ouditkomitee se monitering van implementering van korrektiewe stappe.

Informasietegnologie

Ons het die verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die Bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika bestudeer. Behalwe die sake wat vermeld word in die Ouditeur-Generaal se audit- en bestuursverslae, asook die sake hieronder beklemtoon, is geen materiële tekorte in die interne beheerstelsel waargeneem nie.

Gebiede wat deur die Interne Oudit vir verbetering beklemtoon is

Gedurende die jaar is kernbeheertekortkominge deur Interne Oudit op die volgende gebiede opgemerk:

- Oordragbetalings – Sport;
- Projekbestuur – Sport; en
- Programprestasie

Regstellende optrede is deur bestuur goedgekeur en word deur die Ouditkomitee gemoniteer.

Doeltreffendheid en doelmatigheid van risikobestuur

Gedurende die jaar is vordering gemaak met die implementering van ondernemingwye risikobestuur (ORB) en die inagneming van die hoofrisiko's van die Departement. Die Ouditkomitee sal die vordering op 'n kwartaallikse basis moniteer.

Die gehalte van In-Jaar-Bestuursverslae en Kwartaalverslae ooreenkomstig die WOFB en Wet op die Verdeling van Inkomste ingedien

Die ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaalverslae wat in die oorsigjaar deur die Rekenpligtige Beampte van die Departement opgestel en uitgereik is.

Evaluering van Finansiële State

Die ouditkomitee het:

- Die geouditeerde Finansiële Jaarstate wat in die Jaarverslag ingesluit moet word, bestudeer en met die Ouditeur-Generaal en die Rekenpligtige Beampte bespreek
- Die Ouditeur-Generaal se Bestuursverslag en Bestuur se reaksie daarop bestudeer;
- Veranderinge aan rekeningkundige beleidsrigtings en -praktyke soos gerapporteer in die Finansiële Jaarstate bestudeer;
- Die Departement se prosesse vir voldoening aan regs- en regulatoriese bepalings bestudeer;
- Die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos in die Jaarverslag berig, bestudeer;
- Aanbevole veranderinge aan die interim finansiële state, soos deur die Departement vir die ses maande eindigend 30 September 2011 voorgelê, bestudeer en waar toepaslik, aanbeveel; en
- Aanpassings wat uit die Oudit voortspruit, bestudeer.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die Ouditeur-Generaal se mening ten opsigte van die Finansiële Jaarstate en stel voor dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar word en saam met die verslag van die Ouditeur-Generaal gelees word.

Interne Oudit

Die Ouditkomitee doen verslag dat vyf verslae van die sewe beplande gebiede van die goedgekeurde Interne Ouditplan teen 31 Maart 2012 ter tafel gelê is. Die oorblywende twee verslae is aan die jaareinde uitgereik.

Soos in die vorige jaar gerapporteer, is die Komitee van mening dat verdere ouditdekking vereis word en dat daar 'n behoefte vir bykomende kapasiteit is om die verhoogde dekking van verdere hoë-risikogebiede te ondersteun.

Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste sake is wat uit die regulatoriese audit voortgespruit het nie. Regstellende optrede oor die gedetailleerde bevindinge wat uit die huidige regulatoriese audit voortspruit, sal steeds deur die Ouditkomitee op 'n kwartaallikse basis gemoniteer word.

Waardering

Die Ouditkomitee spreek graag hul waardering uit teenoor die beamptes van die Departement, die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, die Provinsiale Ondernemingsrisikobestuurseenheid (ORBE) en die Interne Oudit-eenheid vir die samewerking en inligting wat hulle voorsien het sodat ons hierdie verslag kon opstel.



Mnr. R Kingwill

Voorsitter van die Maatskaplike Kluster-Ouditkomitee

Datum: 14 Augustus 2012

3.2 Verslag van die Rekenpligtige Beampte

Verslag deur die Rekenpligtige Beampte aan die Uitvoerende Owerheid en Provinsiale Wetgewer van die Wes-Kaap

3.2.1 Algemene oorsig van die stand van finansiële sake

Beleidsbesluite en strategiese aangeleenthede

In die oorsigtydperk is 'n museumbeleid ingevoer wat 'n oorkoepelende raamwerk vir die institusionele argitektuur van museums regdeur die provinsie sal voorsien.

In ooreenstemming met die Wes-Kaapse Kabinet se klemverskuiwing van 'maatskaplike kohesie' na 'maatskaplike insluiting', het die Departement sy visie verander na 'n "maatskaplik inklusiewe, aktiewe en kreatiewe Wes-Kaap".

Belangrike bestedingsbesluite en strategiese aangeleenthede vir die Departement

Die Departement is in groot mate afhanklik van die fondse wat deur die Voorwaardelike Toekenning vir die lewering van sy dienste ontvang word. Die Departement het 'n Voorwaardelike Toekenning van Nasionale Tesourie ontvang vir die bedrag van R95 658 miljoen, bestaande uit R42 964 miljoen vir die Massadeelnameprogram-toekenning, R48 694 miljoen vir die Gemeenskapsbiblioteekdiens-toekenning, en R4 miljoen vir die Uitgebreide Openbare Werke-program Geïntegreerde Toekenning vir Provinsies. Voorwaardelike Toekenning-befondsing maak 27% van die Departement se totale uitgawes uit.

Tydens die Aansuiweringsbegroting vir 2011/12, het die Departement 'n bykomende R31 770 miljoen ontvang vir die verskaffing van biblioteekdienste aan Kategorie B3-munisipaliteite. Hierdie munisipale vervangingsfondse sal help om die kwessie van die "onbefondsde mandaat" vir hierdie sektor op te los. Die befondsing sal deur die Mediumtermyn-uitgawe-raamwerk- (MTUR) tydperk voortduur.

Voorafbepaalde doelwitte (VDs)

Die Departement het 'n totaal van 173 Prestasie-aanduiders (Pa's) in die 2011/12 Jaarprestasieplan gepubliseer. Die Ouditeur-Generaal het saamgestem dat 155 Pa's as 'n basis gebruik sou word om prestasie mee te meet. Die oorblywende 18 Pa's is nie in berekening gebring nie, omdat 12 'n nul-teiken gehad het en 6 weens faktore buite die Departement se beheer nie bereikbaar was nie.

Die wesenlike prestasie van die 155 Pa's was soos volg:

- 35 Pa's is bo 120% waardeer;
- 84 Pa's is tussen 100% en 120% waardeer;
- 8 Pa's is tussen 90% en 99% waardeer;
- 11 Pa's is tussen 80% en 89% waardeer; en
- 17 Pa's is onder 80% waardeer.

Die Departement het dus 'n prysenswaardige prestasie van 89% van die Prestasie-aanduiders in die Jaarlikse Prestasieplan behaal.

3.2.2 Belangrike geleenthede

In die oorsigjaar het die Departement 'n groot rol gespeel in die aanbieding van verskeie geleenthede, onder meer:

- die “Discovery Big Walk”
- die Argus Fietstoer
- die 2011 Kunste-, Kultuur-, Erfenis-, Museum-, Biblioteek- en Argieftoekennings;
- die Wes-Kaapse Sporttoekennings;
- Die Sport Legende-toekennings;
- die Erfenis-spitsberaad; en
- die Munisipale Sport- en Ontspanningspitsberaad.

3.2.3 Belangrike projekte

Die Departement het in die oorsigtydperk 'n belangrike bydrae gelewer tot kultuurtoerisme en kuns- en kultuurfeeste deur by te dra tot geleenthede soos:


- die Absa Klein-Karoo Nasionale Kunstefees;
- Die Kaapstad Karnival;
- *Die Burger se Suidoosterfees*;
- die Griekwa Nasionale Konferensie se onthullingseremonie van die gedenkplaat wat Ratelgat as 'n provinsiale erfenisterrein verklaar;
- Die Kaapstad Fees; en
- die Suid-Atlantiese Kuns- en Kultuurtrust (Kaapstad Internasionale Jazz-kunstefees).

Daarbenewens het die Departement ondersteuning gebied aan:

- 111 sportorganisasies in die Westelike Provinsie, Boland, Suid-Westelike Distrikte en Weskus;
- 65 kultuurorganisasies in die genres van dans, musiek, beeldende kunste, drama en literatuur;
- die Wes-Kaapse Sportskool (voortgesette ondersteuning); en
- 343 biblioteeksentrums om 'n kultuur van lees en leer te bevorder.

Uitbreiding van die naskoolse MGO- (Massa deelname; Geleentheid en toegang en Ontwikkeling en groei) sentrumprojek het ook plaasgevind. Hierdie projek voorsien naskoolse sport- en ontspanningsaktiwiteite vir jong mense. Altesaam was daar 176 MGO-sentrums in werking gedurende die oorsigtydperk.

3.2.4 Bestedingstendense



Vir die 2011/12-finansiële jaar is die Departement se oorspronklike begroting van R313 158 miljoen in die aansuiweringsbegroting na R352 480 miljoen verhoog, 'n verhoging van R39 322 miljoen, of 12,55%. Die bykomende toewysing het bestaan uit:

- R2 682 miljoen vir 'n volle voorraadopname van biblioteekbiblioteekmateriaal, befonds deur die Provinsiale Tesourie;
- R31 770 miljoen in plaas van vervangingsfondse na B3-munisipaliteite;
- R287 000 vir die Werknemerbystandsprogram van Begrotingspos 1;
- R333 000 inkomstebehoud – biblioteekboeke; en
- R4 250 miljoen oorgedra van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie om befonding aan kultuurorganisasies aan te vul.

3.2.5 Virement

Virement nr.	Van Program	Ekonomiese klassifisering	R'000	Na Program	Ekonomiese klassifisering	R'000	
1	Program 1:	Vergoeding van werknemers	(1,211)	Program 3:	Goedere en Dienste	540	
		Goedere en Dienste	(1,525)				
		Departementele Agentskappe en Rekenings	(130)		Program 4:	Goedere en Dienste	418
						Oordragte en subsidies	1,835
						Masjinerie en Toerusting	73
		Subtotaal	(2,866)		Subtotaal	2,866	
2	Program 2	Vergoeding van werknemers	(36)	Program 4	Goedere en Dienste	36	
		Subtotaal	(36)		Subtotaal	36	
		Grooftotaal	(2,902)		Grooftotaal	2,902	

Rede vir die virement

Begrotingspos 13 het beskikbare fondse geïdentifiseer onder vergoeding van werknemers as gevolg van die laat en stadige vul van poste. Bykomende sportverwante projekte is geïdentifiseer en uit personeelbesparings befonds. Programbestuurders is gevra om voorstelle in te dien vir befonding uit die besparings. Die Departementshoof het, in oorleg met die Minister, die finale toewysing van besparings goedgekeur. Die gevolg van die bykomende projekte het die algehele begrotings vir Goedere en Dienste, Oordragte en Subsidies en Kapitaalbates verhoog.

Virement in 'n hoofafdeling is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur, terwyl virement tussen hoofafdelings deur Provinsiale Tesourie goedgekeur is. Dit is in ooreenstemming met die Departement se virementmagtiging.

Diens deur die Departement gelewer

Die dienste wat deur die Departement gelewer is, word in Deel 2 van hierdie verslag bespreek.

Tariefbeleid

Alle tariewe word in 'n tariefregister opgeteken en word jaarliks hersien.

Gratis dienste

Alle dienste van die Departement word gratis aan die publiek gelewer.

Vorraad

Vorraad word in Bylae 4 by die Finansiële Jaarstate gerapporteer.

3.2.6 Bevoegdheidsbeperkings

Onbefondsde mandate

Die Provinsiale Biblioteekdiensordonnansie, wat op 9 Oktober 1981 van krag geword het, tesame met Regulasies betreffende 'n Gratis Provinsiale Biblioteekdiens (Regulasie 689 van 1980), is die enigste twee stukke wetgewing wat steeds die prestasies van biblioteke as 'n funksie juridies reguleer.

Die doel van die Ordonnansie is om die Wet met betrekking tot die verskaffing van gratis biblioteekfasiliteite te wysig, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband daarmee. Die administrasie van hierdie Ordonnansie in sy geheel, is kragtens Proklamasie 115 van 1994, gepubliseer in *Staatskoerant* 15813 van 17 Junie 1994, met ingang 1994 aan die Provinsie van Wes-Kaap oorgemaak.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 bepaal egter dat alle biblioteke, met uitsondering van nasionale biblioteke, 'n uitsluitlik provinsiale wetgewende bevoegdheid is. Die opvatting van munisipaliteite is dat hulle geen finansiële verantwoordelikheid vir die lewering van biblioteekdienste het nie. Nóg die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) nóg die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) maak voorsiening vir openbare biblioteke en hulle finansiering deur munisipaliteite. Om die aangeleentheid van hierdie onbefondsde mandaat reg te stel, word die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Biblioteek- en Inligtingsdienste tans opgestel en verdere oorlegpleging met toepaslike belanghebbendes is aan die gang.

'n Groot deurbraak betreffende die befonding van die openbare biblioteekdiens is in die 2011/12-finansiële jaar gemaak met die aankondiging dat 'n toewysing aan die Wes-Kaap ter bedrae van

R31,770 miljoen vir munisipale vervangingfondse gedoen word om te begin met regstelling van die onbefondsde biblioteekmandaat. Hierdie befondsing is in die aansuiweringsbegroting in November 2011 aan die Departement toegewys. Die 15 finansiële mees sukkelende Kategorie B3-munisipaliteite in die Wes-Kaap is as die aanvanklike begunstigdes van hierdie munisipale vervangingsfonds geïdentifiseer. Die bedrae wat na hierdie munisipaliteite oorgeplaas moes word, is tydens die aansuiweringsbegroting in die *Staatskoerant* gepubliseer en die oordragte is in Januarie 2012 gedoen. 'n Totale bedrag van R31,268 miljoen is oorgedra.

Hierdie bedrae wat oorgedra is, was om ongeveer 96 - 100% van hierdie munisipaliteite se 2011/12-begroting vir biblioteekpersoneelkoste te vervang, sowel as 'n kleiner persentasie van bedryfskoste vir biblioteke in sommige van die B3-munisipaliteite.

'n Spesifieke afdeling is in die Biblioteekdiens tot stand gebring om die munisipale vervangingsfonds te ontplooi, uit te brei, bestuur en monitor en om hierdie munisipaliteite te help om die biblioteekdienste wat gelewer word, te verbeter. Drie personeellede het in die vierde kwartaal in die afdeling begin werk en een personeelid het in April 2012 begin. In hierdie kwartaal is raadplegingsbesoeke in al 15 munisipaliteite gedoen.

Mensekapitaal

Die mikro-ontwerp van die organisatoriese struktuur van die Departement is in die oorsigjaar gefinaliseer. Hoewel die implementering en ontplooiing van die nuwe struktuur eers in die nuwe finansiële jaar sal begin, word dit as 'n belangrike verbetering ten opsigte van optimalisering van die funksionaliteit van die Departement beskou. Die rol en funksie van die Korporatiewe Dienste-sentrum is verder verfyn om die Departement te help met die administratiewe bestuur van sy mensekapitaalkomponent.

3.2.7 Aanwending van skenkerfondse

Geen skenkerfondse is vir die 2011/12-boekjaar ontvang nie.

3.2.8 Handelsentiteite en openbare entiteite

Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK)

Die WKKK is ooreenkomstig die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet 14 van 1998) ingestel. Ingevolge artikel 47(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999 soos gewysig deur Wet 29 van 1999 (WOFB)), het die Minister van Finansies die WKKK as 'n bylae 3C-provinsiale openbare entiteit met ingang 1 Junie 2001 ingeskryf. Oordragbetalings ter bedrae van R150 000 is ooreenkomstig die MTUR-toewysing aan die WKKK gedoen en dit moes aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen.

Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK)

Die WTK is ooreenkomstig die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998) ingestel. Ingevolge artikel 47(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (WOFB), het die Minister van Finansies die WTK as 'n bylae 3C-provinsiale openbare entiteit met ingang 1 Junie 2001 ingeskryf. Die doel van die Taalkomitee is om te verseker dat die drie amptelike tale van die Wes-Kaap gelyke status geniet en dat die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap aktief bevorder word. Oordragbetalings ter bedrae van R220 000 is aan die WTK gedoen ooreenkomstig die

MTUR-toewysing en dit moes voldoen aan artikel 38(1)(j) van die WOFB. Verskeie taalverwante projekte en programme is gedurende die jaar uitgevoer.

Erfenis Wes-Kaap (EWK)

Erfenis Wes-Kaap is in 2002 met die aanstelling van die Raad gestig, ooreenkomstig die regulasies wat in Januarie 2003 deur die Minister afgekondig is. Die organisasie se bestaan en mandaat is ooreenkomstig die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) en regulasies kragtens dieselfde wetgewing. Sy sleutelmandaat is om die kultuurerfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, beskerm en bewaar, soos bepaal deur die Wet. In die uitvoer van sy sake skakel dit met nasionale en plaaslike regering. Oordragbetalings ter bedrae van R1 380 000 is aan EWK gedoen en dit moes aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen.

3.2.9 Organisasies aan wie oordragbetalings gedoen is

Lyste van entiteite aan wie oordragbetalings gedoen is, en die doel van daardie oordragbetalings, verskyn in Deel 2 van hierdie verslag.

3.2.10 Openbare-privaat vennootskappe (OPV's)

Geen OPV-ooreenkomste is in die 2011/12-finansiële jaar aangegaan nie.

3.2.11 Korporatiewe beheer-reëlings

Bedrog en risikobestuur

Die Departement het 'n aktiewe Bedrog en Risikobestuurkomitee wat verteenwoordigend is van al die lede van die Departement se Senior Bestuursdiens (SBD). Die Bedrogvoorkomingsplan is deur die Minister hersien en goedgekeur. Bedrog-, diefstal- en korrupsiebewustheidsveldtogte is van stapel gestuur om begrip en bewustheid van bedrog, diefstal en korrupsie te kweek. Alle werknemers het 'n gedragskode onderteken wat deurlopend afdwing word.

Ondernemingsrisikobestuur provinsiaal is in die Departement van die Premier gesentraliseer. Die Provinsiale Ondernemingsrisikobestuurseenheid (PORBE) het die Departement gehelp met fasilitering ten opsigte van hersiening en opdatering van risikoregisters. 'n Implementeringsplan is met PORBE onderteken om te verseker dat risiko's voortdurend bestuur en gemitigeer word.

Interne Oudit en Ouditkomitee

Die aktiwiteite van die Departement word deur die Gedeelde Maatskaplike Kluster Ouditkomitee van die Wes-Kaap nagegaan. Die komitee het die interne ouditplan vir die 2011/12-finansiële jaar goedgekeur. Alle beplande interne oudits is vir die oorsigtydperk uitgevoer, waarvan twee na afloop van jaareinde gerapporteer is. Die interne oudit-dekking is gebaseer op die Departement se strategiese risikoregister.

Die Departement het 'n effektiewe Ouditkomitee gehad wat ooreenkomstig die goedgekeurde opdrag gefunksioneer het. Dit het by verskeie geleenthede gedurende die loop van die finansiële jaar vergader om die effektiwiteit van interne beheerstelsels, die interne ouditfunksie en risiko-areas in die Departement na te gaan.

Interne beheer

Dit is die verantwoordelikheid van die rekenpligtige beampte om voortdurend interne kontroles te assesseer. Ten einde dit te doen, is kwartaallike sleutelkontrolevergaderings met die Ouditeur-generaal, programbestuurders van die Departement en die Minister gehou. Hierdie is 'n deurlopende proses om te verseker dat die Departement skoon oudits kry.

Rampherstel- en kontinuïteitsakeplanne

Rampherstel- en kontinuïteitsakeplanne vir alle kantore van DKES is opgestel en goedgekeur om die algemene prosedures te omlin wat gevolg moet word in geval van 'n ernstige ontwrigting (of dreigement daarvan) wat die bedrywighede van die Departement sou raak.

Verantwoordelikhede van die Rekenpligtige Beampte

Die Departement het beleid en prosedures ingestel om die Rekenpligtige Beampte te help om te voldoen aan artikels 38, 39 en 40 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999. Met betrekking tot oordragbetalings, het die Rekenpligtige Beampte voldoening aan artikel 38(1)(j) van die WOFB verseker voordat die fondse oorgeplaas is.

3.2.12 Beëindigde aktiwiteite/ aktiwiteite beëindig te word

Geen aktiwiteite is in die huidige boekjaar beëindig nie.

3.2.13 Nuwe/ voorgestelde aktiwiteite

Die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingsdienste was in die oorsigjaar steeds onder bespreking. Die Konsepwetsontwerp is by uiteenlopende forums onder bespreking en oorlegpleging sal in die volgende finansiële jaar voortgaan.

Die dooiepunt oor openbare biblioteekbefondsing bly steeds 'n uitdaging vir verskaffing van openbare biblioteekdienste. Gedurende die 2011/12-finansiële jaar is 'n voorstel vir oplossing van die onbefondsde mandaat kwessie aan die Provinsiale Tesourie en Nasionale Tesourie voorgelê. Die uitslag was 'n deurbraak-aankondiging wat op 1 Maart 2011 deur die provinsiale Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme gedoen is betreffende finansiële bystand aan finansiële sukkelende munisipaliteite wat in die 2011/12-finansiële jaar voorsien sal word.

Gedurende die oorsigjaar is die MGO-sentrummodel verder verfyn en vennootskappe is met ander regeringsorganisasies gesmee om hierdie inisiatief te ondersteun.

3.2.14 Batebestuur

Staafkodes is op al die bates in die Departement aangebring en op LOGIS (Logistiese Inligtingstelsel) vasgelê. 'n Batebestuurstrategie is opgestel en geïmplementeer en batekontroleurs is aangestel om die behoorlike bestuur van bates te verseker. 'n Bate-voorraadopname is in die oorsigtydperk gedoen.

Gedurende die 2010/11-finansiële jaar het Nasionale Tesourie 'n gids uitgereik waarvolgens departemente rekenskap moet gee van biblioteekmateriaal as bates. Die verandering in die rekeningkundige raamwerk vir die hantering van biblioteekboeke as bates in die 2011/12-finansiële jaar het verandering in ons prestasie-omgewing tot gevolg gehad. Dit het dit nodig gemaak om 'n beleid

en prosedures oor die hantering van biblioteekboeke as bates op te stel. Dit het ook genoodsaak dat 'n voorraadopname van meer as 6.3 miljoen items wat in 358 lokale landwyd gehuisves word, voor die einde van die finansiële jaar gedoen moes word ten einde 'n geloofwaardige batreëregister van biblioteekmateriaal te verseker. Verandering is aan die Standaardtabel van Rekeninge (STR) items aangebring om die nuwe verwikkelings te hanteer.

In Maart 2012 het Nasionale Tesourie 'n hersiene gids uitgereik waarin departemente die opsie verleen is om biblioteekboeke as voorraad vir die 2011/12-finansiële jaar te openbaar en om die verandering in die rekeningkundige raamwerk vanaf 1 April 2012 te implementeer. Hoewel die Departement die nuwe rekeningkundige raamwerk geïmplementeer het, is daar besluit om biblioteekmateriaal as voorraad, eerder as bates, te openbaar as gevolg van die uitdagings wat met implementering van die nuwe rekeningkundige raamwerk ondervind is. Hierdie uitdagings sal in die 2012/2013-boekjaar aandag geniet.

3.2.15 Voorraad

Voorraad word in Bylae 4 by die Finansiële Jaarstate gerapporteer.

3.2.16 Gebeure ná die verslagdatum

Dit is nie in die huidige verslag van toepassing nie.

3.2.17 Inligting oor voorafbepaalde doelwitte

Prestasie-inligting word in Deel 2 van hierdie verslag aangebied.

3.2.18 SKOOR-besluite

Die Komitee het gemeld dat:	Stappe tot op hede gedoen om besluite uit te voer
a) Dit teleurgesteld was oor die feit dat die Departement regressief beweeg het van 'n ongekwalifiseerde ouditmening met geen bevindings oor voorafbepaalde doelwitte en/of nakoming van wette en regulasies nie, na 'n finansiële ongekwalifiseerde ouditmening met bevindings oor voorafbepaalde doelwitte en/of nakoming.	
b) Dit het kennis geneem van die goeie werk om te verseker dat die interne ouditplan afgehandel word, maar het oor bevoegdheidsaangeleenthede in die Interne Oudit kommer uitgespreek.	
c) Die Komitee het aan die Departement erkenning gegee vir 'n finansiële ongekwalifiseerde ouditmening met bevindings oor voorafbepaalde doelwitte en/of nakoming van wette en regulasies.	

Die Komitee het kommer oor onderstaande aangeleenthede uitgespreek:	
a) Wesenlike wanvoorstellings wat tydens die ouditproses reggestel is ten opsigte van eie inkomste (R3 miljoen) en openbaarmakings-aantekeninge: oploping R1,6m en verpligtinge (R1,4m).	Die R3m in eie inkomste is deur die Departement ontdek voordat die Finansiële Jaarstate voorgelê is en met die OG bespreek. Die Departement het samesprekings met Provinsiale Tesourie gevoer om die aangeleentheid op te los.
b) Regstellings moes aan die openbaarmakingsaantekeninge gedoen word. Hierdie regstellings was nodig omdat huidige rekeningkundestelsels in die Departement nie kon verseker dat die bedrae wat openbaar gemaak word, volledig is nie.	Die Departement het 'n gebrek aan vaardigheid en/of monitering en oorsig in hierdie verband aangedui. Verpligtings en Oplopings is nie met betrekking tot Biblioteekdienste se SLIMS-stelsel wat in Januarie 2011 ingevoer is, openbaar gemaak nie. Probleme is ondervind met verkryging van finansiële inligting uit die stelsel omdat die stelsel nie vir finansiële uitsette ontwerp is nie. Nie-digitale prosesse is geïmplementeer om te verseker dat die inligting akkuraat openbaar gemaak word.
c) Toekennings is aan verskaffers gedoen wat nie verklaar het of hulle in diens van die Staat, of verwant aan enige persoon in diens van die Staat is nie. Die Departement het nie aan die vereistes van Tesourieregulasies en Praktyknotas voldoen nie.	Die Ouditeur-generaal se aanbeveling is op 4 Julie 2011 geïmplementeer.
d) Vertraging in afhandeling van sake deur die Forensiese Ondersoekenheid (FOE). Gedurende die oorsigjaar het FOE slegs drie sake vir die Departement afgehandel en daar was geen ander ondersoeke voorhande nie.	Die Rekenpligtige Beampte vergader op 'n gereelde grondslag met die FOE om te verseker dat die Departement se sake binne 'n redelike tyd hanteer word.

3.2.19 Voorafwysigings aan ouditverslae

In die 2010/11-boekjaar was daar geen wysigings aan die Ouditverslag nie.

3.2.20 Vrystellings en afwykings van Nasionale Tesourie ontvang

Ooreenkomstig artikel 79 van die WOFB, het Nasionale Tesourie afwyking van die openbaarmaking van amortisasietabelle vir finansiële bruikhuurkontrak-uitgawes ten opsigte van Staatsgarage- (SG) voertuie, soos ooreenkomstig die departementele Rapporteringsraamwerkgidis vereis, goedgekeur. Stappe word ingestel om volle openbaarmaking van SG-voertuiguitgawes as finansiële bruikhuurkontrakte, insluitende amortisasietabelle, in die 2012/13-finansiële jaar te verseker.

3.2.21 Tussentydse finansiële state

Vir die oorsigtydperk het die Departement kwartaallikse Tussentydse Finansiële State uitgereik. Tussentydse Finansiële State vir die tydperk geëindig 30 September 2011 en 31 Maart 2012 is met openbaarmakingsaantekeninge voorgelê. Hierdie state is deur Provinsiale Tesourie geassesseer.

3.2.22 Ander

Dit is nie in die huidige verslag van toepassing nie.

3.2.23 Goedkeuring

Die Finansiële Jaarstate in Deel 3 van hierdie Jaarverslag uiteengesit, is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.



Mnr. BC Walters

Rekenpligtige Beampte

31 Augustus 2012

3.3 VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR BEGROTINGSPOS NR. 13: DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT

VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

Inleiding

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport geoudit, soos uiteengesit op bladsye 85 tot 131 bestaande uit die appropriasiestaat, die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2012, die finansiële prestasieverlag, staat van verandering in netto bates en kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig, en die aantekeninge, bestaande uit 'n opsomming van belangrike rekeningkundige beleidrigtings en ander verduidelikende inligting.

Rekenpligtige beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële state

2. Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die opstel van hierdie finansiële state ooreenkomstig die Departementele Finansiële Verslagraamwerk soos voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) (WOFB) en die Wet op die Verdeling van Inkomste van Suid-Afrika, 2011 (Wet No. 6 van 2011) (WVI), en vir sodanige Interne beheer as wat die rekenpligtige beampte nodig ag om finansiële state op te stel wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, ongeag of dit uit bedrog of foute voortspruit.

Ouditeur-Generaal se verantwoordelikheid

3. My verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek oor hierdie finansiële state, gebaseer op my audit. Ek het my audit verrig in ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet No. 25 van 2004 (WOO)), die Algemene Kennisgewing ooreenkomstig daardie Wet uitgereik en Internasionale Standaard oor Ouditring. Daardie standaard vereis dat ek aan etiese vereistes voldoen en die audit beplan en verrig ten einde redelike sekerheid te kry of die finansiële state vry van wesenlike wanvoorstelling is.
4. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om auditbewyse oor die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state te kry. Die prosedures wat gekies word, hang van die ouditeur se oordeel af, insluitende die assessering van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, as gevolg van bedrog of foute. Wanneer daardie risiko-assesserings gedoen word, oorweeg die ouditeur interne beheer rakende die entiteit se opstelling van die finansiële state om auditprosedures te ontwerp wat onder omstandighede geskik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne beheer uit te spreek nie. 'n Oudit behels ook 'n evaluering van die geskiktheid van rekeningkundige beleide wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings deur die bestuur, asook evaluering van die algemene aanbieding van die finansiële state.
5. Ek is van mening dat die auditbewyse wat ek verkry het, voldoende en geskik is om 'n grondslag vir my auditmening te bied.

Mening

6. Na my mening bied die finansiële state in alle wesentliche opsigte 'n billike weergawe van die finansiële posisie van die Departement van Kultuursake en Sport soos op 31 Maart 2012, en sy finansiële prestasie en sy kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die Departementele finansiële verslagdoeningraamwerk soos deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die WOFB en WVI voorgeskryf.

Bykomende aangeleenthede

7. Ek vestig die aandag op onderstaande aangeleenthede. My mening ten opsigte van hierdie aangeleenthede het nie verander nie.

Ongeouditeerde aanvullende skedules

8. Die aanvullende inligting uiteengesit op bladsye 132 tot 141, vorm nie deel van die finansiële state nie en word as bykomende inligting aangebied. Ek het hierdie skedules nie geoudit nie en gevolglik spreek ek nie 'n mening daaroor uit nie.

Finansiële verslagraamwerk

9. Die finansiële verslagraamwerk soos deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf en deur die Departement toegepas, is 'n voldoeningsraamwerk. Die bewoording van my mening oor 'n voldoeningsraamwerk moet weerspieël dat die finansiële state binne hierdie raamwerk opgestel is en nie 'n "billike aanbieding" is nie. Artikel 20(2)(a) van die WOO, vereis egter dat ek 'n mening oor die billike aanbieding van die finansiële state uitspreek. Die bewoording van my mening weerspieël dus hierdie vereiste.

VERSLAG OOR WETLIKE EN ANDER REGULATORIESE VEREISTES

10. Ingevolge die WOO en die *Algemene Kennisgewing* ingevolge daarvan afgekondig, doen ek verslag oor die bevindings hieronder met betrekking tot prestasie teen voorafbepaalde doelwitte, nakoming van Wette en regulasies en interne beheer, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek nie.

Voorafbepaalde doelwitte

11. Ek het prosedures uitgevoer om bewyse te bekom van die bruikbaarheid en betroubaarheid van die inligting in die prestasie-jaarverslag soos uiteengesit in bladsye 38 tot 67 van die Jaarverslag.
12. Die gerapporteerde prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is teen die algehele maatstawwe van bruikbaarheid en betroubaarheid geëvalueer. Die bruikbaarheid van inligting in die prestasie-jaarverslag hou verband daarmee of dit in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se jaarverslagbeginsels aangebied word en of die gerapporteerde prestasie met die beplande doelwitte strook. Die bruikbaarheid van inligting hou verder verband daarmee of aanduiders en teikens meetbaar (d.i. duidelik omskryf, verifieerbaar, spesifiek, meetbaar en tydgebonde) en toepaslik is soos vereis deur *Nasionale Tesourie Raamwerk vir bestuur van inligting oor programprestasie*.

Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die geselekteerde program word geassesseer om te bepaal of dit die feite voldoende weergee (d.i. of dit geldig, akkuraat en volledig is).

13. Daar was geen wesenlike bevindings oor die prestasie-jaarverslag betreffende die bruikbaarheid en betroubaarheid van die inligting nie.

Bykomende aangeleenthede

14. Hoewel daar geen wesenlike bevindings oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die prestasie-inligting in die prestasie-jaarverslag geïdentifiseer is nie, vestig ek die aandag op onderstaande aangeleentheid:

Bereiking van beplande teikens

15. Uit die totale getal beplande teikens, is slegs 119 in die oorsigjaar behaal. Dit verteenwoordig 23,2% van die beplande teikens wat nie in die oorsigjaar behaal is nie. Dit was as gevolg daarvan dat die instelling nie relevante stelsels en bewysgewende vereistes in die jaarlikse strategiese beplanningsproses oorweeg het nie.

Nakoming van wette en regulasies

16. Ek het prosedures uitgevoer om bewys te bekom dat die entiteit toepaslike wette en regulasies betreffende finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede, nagekom het. My bevinding oor wesenlike nienakoming van spesifieke aangeleenthede in sleutel- toepaslike wette en regulasies soos uiteengesit in die *Algemene Kennisgewing* uitgereik ooreenkomstig die WOO, is soos volg:

Mensehulpbronbestuur

17. Voldoende toepaslike ouditbewyse dat 'n behoorlike proses gevolg is om voor aanstelling aansprake in die kandidate se aansoeke te verifieer, soos deur Staatsdiensregulasie (SDR) 1/VII/D.8 vereis, kon nie verkry word nie.

Interne beheer

18. Ek het interne beheer wat verband hou met my oudit van die finansiële state, prestasie-jaarverslag en nakoming van wette en regulasies oorweeg. Die aangeleentheid hieronder gerapporteer onder die grondbeginsels van interne beheer, is beperk tot die beduidende leemtes wat tot die bevinding oor nakoming van wette en regulasies wat by hierdie verslag ingesluit is, gelei het.

Leierskap

19. Mensehulpbronbestuur om 'n voldoende en paslik vaardige werksmag te verseker, word aan perke gelê deurdat nuutaangesteldes se kwalifikasies en ander aansprake nie voldoende nagegaan word nie.

ANDER VERSLAE

Ondersoeke

20. 'n Ondersoek is gedoen na beweerde finansiële wangedrag, met betrekking tot misbruik van museumfondse deur die museumbestuurder – die bestuurder is gedissiplineer en herontplooï.
21. 'n Ondersoek is geloods na die beweerde misbruik van sy posisie deur 'n administratiewe klerk in die Subdirektoraat: Museumbestuur en Ondersteuningsdienste, tot onregverdige voordeel van 'n

diensverskaffer – die amptenaar se diens is vir een week sonder betaling opgeskort en die persoon het 'n finale skriftelike waarskuwing gekry.

Auditor - General

Kaapstad

31 Julie 2012



3.4 Finansiële Jaar state

- **Begrotingstaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

Begroting per program									
BEGROTINGSTAAT	2011/12							2010/11	
	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
1. Administrasie									
Lopende betaling	39,266	(2,264)	(2,736)	34,266	33,919	347	99.0%	35,129	35,104
Oordragte en subsidies	130	-	(130)	-	-	-		-	-
Betaling vir kapitaalbates	59	2,253	-	2,312	2,311	1	100.0%	1,850	1,848
Betaling vir finansiële bates	-	11	-	11	11	-	100.0%	56	56
	39,455	-	(2,866)	36,589	36,241	348		37,035	37,008
2. Kultuursake									
Lopende betaling	55,096	(1,337)	(166)	53,593	53,561	32	99.9%	45,996	45,906
Oordragte en subsidies	19,435	(30)	130	19,535	19,535	-	100.0%	12,712	12,712
Betaling vir kapitaalbates	361	1,366	-	1,727	1,725	2	99.9%	914	890
Betaling vir finansiële bates	4	1	-	5	5	-	100.0%	25	25
	74,896	-	(36)	74,860	74,826	34		59,647	59,533

3. Biblioteek en Argiefdienste									
Lopende betaling	81,756	(725)	540	81,571	81,565	6	100.0%	74,425	74,132
Oordragte en subsidies	72,668	4	-	72,672	72,672	-	100.0%	43,036	43,003
Betaling vir kapitaalbates	2,700	721	-	3,421	3,420	1	100.0%	1,825	1,819
Betaling vir finansiële bates	6	-	-	6	6	-	100.0%	6	6
	157,130	-	540	157,670	157,663	7		119,292	118,960
4. Sport en Ontspanning									
Lopende betaling	64,108	(2,977)	454	61,585	60,795	790	98.7%	59,364	59,241
Oordragte en subsidies	16,640	1,600	1,835	20,075	20,075	-	100.0%	16,919	16,913
Betaling vir kapitaalbates	230	1,340	73	1,643	2,230	(587)	135.7%	2,363	2,284
Betaling vir finansiële bates	21	37	-	58	58	-	100.0%	84	84
	80,999	-	2,362	83,361	83,158	203		78,730	78,522
TOTAAL	352,480	-	-	352,480	351,888	592	99.8%	294,704	294,023

	2011/12		2010/11	
	Finale begroting	Werklike uitgawes	Finale begroting	Werklike uitgawes
TOTAAL (oorgebring)	352,480		294,704	
Rekonsiliasie met staat van finansiële prestasie				
TEL BY				
Departementele ontvangste	1,122		635	
Werklike bedrae per staat van finansiële prestasie (totale inkomste)	353,602		295,339	
Werklike bedrae per staat van finansiële prestasie (totale uitgawes)		351,888		294,023

Begroting per ekonomiese klassifisering									
	2011/12							2010/11	
	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	130,199	(1,851)	(2,292)	126,056	125,700	356	99.7%	118,440	118,190
Goedere en dienste	110,027	(6,039)	384	104,372	104,140	232	99.8%	96,474	96,193
Oordragte en subsidies									
Provinsies en munisipaliteite	74,466	-	-	74,466	74,466	-	100.0%	45,405	45,405
Departementele agentskappe en rekenings	2,022	-	(130)	1,892	1,892	-	100.0%	785	785
Instellings sonder winsoogmerk	32,047	1,553	1,965	35,565	35,565	-	100.0%	25,359	25,359
Huishoudings	338	21	-	359	359	-	100.0%	1,064	1,031
Betalings vir kapitaalbates									
Masjinerie en toerusting	3,350	6,246	73	9,669	9,665	4	100.0%	6,962	6,845
Sagteware en ander ontasbare bates	-	21	-	21	21	-	100.0%	44	44
Betalings vir finansiële bates									
	31	49	-	80	80	-	100.0%	171	171
TOTAAL	352,480	-	-	352,480	351,888	592	99.8%	294,704	294,023

2011/12								2010/11	
Detail per subprogram: Program 1: Administrasie	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
1.1 Kantoor van die Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport									
Lopende betaling	4,845	(122)	(260)	4,463	4,448	15	99.7%	5,191	5,187
Betaling vir kapitaalbates	-	243	-	243	243	-	100.0%	225	225
Betaling vir finansiële bates	-	3	-	3	3	-	100.0%	35	35
1.2 Korporatiewe dienste									
Lopende betaling	19,386	(1,249)	(1,096)	17,041	17,041	-	100.0%	22,881	22,866
Betaling vir kapitaalbates	16	1,810	-	1,826	1,825	1	99.9%	1,559	1,557
Betaling vir finansiële bates	-	7	-	7	7	-	100.0%	11	11
1.3 Bestuursdienste									
Lopende betaling	15,035	(893)	(1,380)	12,762	12,430	332	97.4%	7,057	7,051
Oordragte en subsidies	130	-	(130)	-	-	-	-	-	-
Betaling vir kapitaalbates	43	200	-	243	243	-	100.0%	66	66
Betaling vir finansiële bates	-	1	-	1	1	-	100.0%	10	10
TOTAAL	39,455	-	(2,866)	36,589	36,241	348	99.0%	37,035	37,008
								2010/11	

2011/12									
Program 1 Per ekonomiese klassifisering: Administrasie	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	27,157	-	(1,211)	25,946	25,662	284	98.9%	26,051	26,030
Goedere en dienste	12,109	(2,264)	(1,525)	8,320	8,257	63	99.2%	9,078	9,074
Oordragte en subsidies aan:									
Departementele agentskappe en rekenings	130	-	(130)	-	-	-		-	-
Betaling vir kapitaalbates									
Masjinerie en toerusting	59	2,253	-	2,312	2,311	1	100.0%	1,837	1,835
Sagteware en ander ontasbare bates	-	-	-	-	-	-		13	13
Betalings vir finansiële bates									
	-	11	-	11	11	-	100.0%	56	56
TOTAAL	39,455	-	(2,866)	36,589	36,241	348	99.0%	37,035	37,008

Detail per subprogram: Program 2: Kultuursake	2011/12							2010/11	
	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
2.1 Bestuur									
Lopende betaling	5,216	(1,496)	-	3,720	3,717	3	99.9%	1,336	1,314
Oordragte en subsidies	612	1,090	85	1,787	1,787	-	100.0%	-	-
Betaling vir kapitaalbates	186	187	-	373	372	1	99.7%	-	-
2.2 Kuns en Kultuur									
Lopende betaling	10,063	1,059	277	11,399	11,381	18	99.8%	9,401	9,387
Oordragte en subsidies	13,675	(1,137)	45	12,583	12,583	-	100.0%	8,862	8,862
Betaling vir kapitaalbates	11	505	-	516	515	1	99.8%	431	426
Betaling vir finansiële bates	3	-	-	3	3	-	100.0%	11	11
2.3 Museumdienste									
Lopende betaling	32,015	(221)	(453)	31,341	31,341	-	100.0%	28,654	28,605
Oordragte en subsidies	3,530	17	-	3,547	3,547	-	100.0%	3,300	3,300
Betaling vir kapitaalbates	132	637	-	769	769	-	100.0%	459	440
Betaling vir finansiële bates	1	1	-	2	2	-	100.0%	7	7

2.4 Erfenishulpbron-dienste									
Lopende betaling	4,297	(336)	-	3,961	3,961	-	100.0%	3,591	3,591
Oordragte en subsidies	1,380	-	-	1,380	1,380	-	100.0%	400	400
Betaling vir kapitaalbates	-	16	-	16	16	-	100.0%	-	-
2.5 Taaldiens									
Lopende betaling	3,505	(343)	10	3,172	3,161	11	99.7%	3,014	3,009
Oordragte en subsidies	238	-	-	238	238	-	100.0%	150	150
Betaling vir kapitaalbates	32	21	-	53	53	-	100.0%	24	24
Betaling vir finansiële bates	-	-	-	-	-	-		7	7
TOTAAL	74,896	-	(36)	74,860	74,826	34	100.0%	59,647	59,533

Program 2 per ekonomiese klassifisering: Kultuursake	2011/12							2010/11	
	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	43,763	(547)	(666)	42,550	42,521	29	99.9%	39,649	39,618
Goedere en dienste	11,333	(790)	500	11,043	11,040	3	100.0%	6,347	6,288
Oordragte en subsidies aan:									
Departementele agentskappe en rekenings	1,892	-	-	1,892	1,892	-	100.0%	785	785
Instellings sonder winsoogmerk	17,402	(47)	130	17,485	17,485	-	100.0%	11,446	11,446
Huishoudings	141	17	-	158	158	-	100.0%	481	481
Betaling vir kapitaalbates									
Masjinerie en toerusting	361	1,366	-	1,727	1,725	2	99.9%	883	859
Sagteware en ander ontasbare bates	-	-	-	-	-	-		31	31
Betalings vir finansiële bates	4	1	-	5	5	-	100.0%	25	25
TOTAAL	74,896	-	(36)	74,860	74,826	34	100.0%	59,647	59,533

Detail per subprogram: Program 3: Biblioteek en Argiefdienste	2011/12							2010/11	
	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
3.1 Bestuur									
Lopende betaling	979	121	-	1,100	1,098	2	99.8%	906	902
3.2 Biblioteekdiens									
Lopende betaling	71,865	(759)	601	71,707	71,703	4	100.0%	65,661	65,374
Oordragte en subsidies	72,636	15	-	72,651	72,651	-	100.0%	43,028	42,995
Betaling vir kapitaalbates	2,628	634	-	3,262	3,261	1	100.0%	1,758	1,752
Betaling vir finansiële bates	6	-	-	6	6	-	100.0%	-	-
3.3 Argief									
Lopende betaling	8,912	(87)	(61)	8,764	8,764	-	100.0%	7,858	7,856
Oordragte en subsidies	32	(11)	-	21	21	-	100.0%	8	8
Betaling vir kapitaalbates	72	87	-	159	159	-	100.0%	67	67
Betaling vir finansiële bates	-	-	-	-	-	-	-	6	6
TOTAAL	157,130	-	540	157,670	157,663	7	100.0%	119,292	118,960

Progam 3 Per ekonomiese klassifisering: Biblioteek - en Argiefdienste	2011/12							2010/11	
	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	39,086	(220)	(415)	38,451	38,449	2	100.0%	35,943	35,832
Goedere en dienste	42,670	(505)	955	43,120	43,116	4	100.0%	38,482	38,300
Oordragte en subsidies aan:									
Provinsies en munisipaliteite	72,466	-	-	72,466	72,466	-	100.0%	42,958	42,958
Instellings sonder winsoogmerk	5	-	-	5	5	-	100.0%	5	5
Huishoudings	197	4	-	201	201	-	100.0%	73	40
Betaling vir kapitaalbates									
Masjinerie en toerusting	2,700	700		3,400	3,399	1	100.0%	1,825	1,819
Sagteware en ander ontasbare bates	-	21	-	21	21	-	100.0%	-	-
Betalings vir finansiële bates	6	-	-	6	6	-	100.0%	6	6
TOTAAL	157,130	-	540	157,670	157,663	7	100.0%	119,292	118,960

Detail per subprogram: Program 4: Sport en Ontspanning	2011/12							2010/11	
	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
4.1 Bestuur									
Lopende betaling	3,653	22	307	3,982	3,982	-	100.0%	2,049	2,049
Oordragte en subsidies	400	(275)	105	230	230	-	100.0%	350	350
Betaling vir kapitaalbates	-	15	-	15	15	-	100.0%	-	-
4.2 Sport									
Lopende betaling	30,185	(413)	147	29,919	29,133	786	97.4%	29,085	29,084
Oordragte en subsidies	5,870	275	730	6,875	6,875	-	100.0%	6,130	6,130
Betaling vir kapitaalbates	50	503	73	626	1,213	(587)	193.8%	2,056	1,977
Betaling vir finansiële bates	21	-	-	21	21	-	100.0%	35	35
4.3 Ontspanning									
Lopende betaling	14,691	(1,170)	-	13,521	13,518	3	100.0%	9,501	9,416
Oordragte en subsidies	-	-	-	-	-	-	-	54	48
Betaling vir kapitaalbates	180	233	-	413	413	-	100.0%	-	-
Betaling vir finansiële bates	-	6	-	6	6	-	100.0%	12	12
4.4 Skolesport									
Lopende betaling	15,579	(1,416)	-	14,163	14,162	1	100.0%	16,053	16,021

Departement van Kultuursake en Sport – Jaarverslag 2011/2012

Oordragte en subsidies	10,370	1,600	1,000	12,970	12,970	-	100.0%	9,875	9,875
Betaling vir kapitaalbates	-	589	-	589	589	-	100.0%	307	307
Betaling vir finansiële bates	-	31	-	31	31	-	100.0%	35	35
4.5 FIFA Wêreldbeker 2010									
Lopende betaling	-	-	-	-	-	-		2,676	2,671
Oordragte en subsidies	-	-	-	-	-	-		510	510
Betaling vir finansiële bates	-	-	-	-	-	-		2	2
TOTAAL	80,999	-	2,362	83,361	83,158	203	99.8%	78,730	78,522

Program 4 Per ekonomiese klassifisering: Sport en Ontspanning	2011/12							2010/11	
	Aangesuiwerde begroting	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale begroting	Finale begroting	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	20,193	(1,084)	-	19,109	19,068	41	99.8%	16,797	16,710
Goedere en dienste	43,915	(2,480)	454	41,889	41,727	162	99.6%	42,567	42,531
Oordragte en subsidies aan:									
Provinsies en munisipaliteite	2,000	-	-	2,000	2,000	-	100.0%	2,447	2,447
Instellings sonder winsoogmerk	14,640	1,600	1,835	18,075	18,075	-	100.0%	13,908	13,908
Huishoudings	-	-	-	-	-	-		510	510
Betaling vir kapitaalbates									
Masjinerie en toerusting	230	1,927	73	2,230	2,230	-	100.0%	2,417	2,332
Betalings vir finansiële bates									
	21	37	-	58	58	-	100.0%	84	84
TOTAAL	80,999	-	2,362	83,361	83,158	203	99.8%	78,730	78,522

• **Aantekeninge by die Begrotingstaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

1. **Besonderhede van oordragte en subsidies ooreenkomstig Begrotingswet (ná Virement)**

Besonderhede van hierdie transaksies kan in Aantekening 6 (Oordragte en subsidies) en Bylae 1 (A – E) by die Finansiële Jaarstate gelees word.

2. **Besonderhede van bewilligde bedrae spesifiek en eksklusief bewillig (ná Virement)**

Besonderhede van hierdie transaksies kan in Aantekening 1 (Jaarlikse Begroting) by die Finansiële Jaarstate gelees word.

3. **Besonderhede oor betalings vir finansiële bates**

Besonderhede van hierdie transaksies per program kan in Aantekening 5 (Finansiële transaksies in bates en laste) by die Finansiële Jaarstate gelees word.

4. **Verduidelikings van wesentliche afwykings van Bewilligde Bedrae (ná Virement)**

4.1 Per Program

	Finale Begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Afwyking as 'n % van Finale Begroting
	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	36,589	36,241	348	0.95%
Kultuursake	74,860	74,826	34	0.05%
Biblioteek en Argiefdienste	157,670	157,663	7	0.00%
Sport en Ontspanning	83,361	83,158	203	0.24%

4.2 Per ekonomiese klassifisering	Finale Begroting	Werklike uitgawes	Afwyking	Afwyking as 'n % van Finale Begroting
	R'000	R'000	R'000	R'000
Lopende betalings				
Vergoeding van werknemers	126,056	125,700	356	0.28%
Goedere en dienste	104,372	104,140	232	0.22%
Oordragte en subsidies				
Provinsies en munisipaliteite	74,466	74,466	-	0.00%
Departementele agentskappe en rekenings	1,892	1,892	-	0.00%
Instellings sonder winsoogmerk	35,565	35,565	-	0.00%
Huishoudings	359	359	-	0.00%
Betalings vir kapitaalbates				
Masjinerie en toerusting	9,669	9,665	4	0.04%
Sagteware en ander nie-tasbare bates	21	21	-	0.00%
Betaling vir finansiële bates	80	80	-	0.00%

• **Staat van finansiële prestasie vir die jaar eindigende 31 Maart 2012**

		<i>Aantekening:</i>	2011/12	2010/11
			R'000	R'000
PRESTASIE				
INKOMSTE				
Jaarlikse Begroting	1		352,480	294,704
Departementele inkomste	2		1,121	635
TOTALE INKOMSTE			353,601	295,339
UITGAWES				
Lopende uitgawes				
Vergoeding van werknemers	3		125,700	118,190
Goedere en dienste	4		104,140	96,193
Totale lopende uitgawes			229,840	214,383
Oordragte en subsidies				
Oordragte en subsidies	6		112,282	72,580
Totale oordragte en subsidies			112,282	72,580
Uitgawes vir kapitaalbates				
Tasbare kapitaalbates	7		9,665	6,845
Sagteware en ander ontasbare bates	7		21	44
Totale uitgawes vir kapitaalbates			9,686	6,889
Betalings vir finansiële bates	5		80	171
TOTALE UITGAWES			351,888	294,023
SURPLUS VIR DIE JAAR			1,713	1,316
Rekonsiliasie van netto surplus vir die jaar				
Bewilligde fondse	11		592	681
Departementele inkomste	2		1,121	635
SURPLUS VIR DIE JAAR			1,713	1,316

• **Staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2012**

	<i>Aantekening</i>	2011/12	2010/11
		R'000	R'000
POSISIE			
BATES			
Lopende bates		691	3,006
Kontant en kontantekwivalente	8	135	2,495
Voorafbetalings en voorskotte	9	32	3
Ontvangbare rekeninge	10	524	508
TOTALE BATES		691	3,006
LASTE			
Lopende laste		667	3,002
Bewilligde fondse aan Inkomstefonds afgestaan te word	11	637	676
Departementele inkomste en NNS-ontvangste aan Inkomstefonds afgestaan te word	12	30	16
Oortrokke bankrekening	13	-	2,295
Bedrae betaalbaar	14	-	15
TOTALE LASTE		667	3,002
NETTO BATES		24	4
Verteenwoordig deur:			
Verhaalbare Inkomste		24	4
TOTAAL		24	4

• **Staat van verandering in netto bates vir die jaar geëindig
31 Maart 2012**

	<i>Aantekening</i>	2011/12	2010/11
NETTO BATES		R'000	R'000
Verhaalbare inkomste			
Beginsaldo		4	15
Oordragte		20	(11)
Skulde verhaal (ingesluit by departementele ontvangste)		(7)	(21)
Skulde gedebiteer		27	10
Eindsaldo		<u>24</u>	<u>4</u>
TOTAAL		<u><u>24</u></u>	<u><u>4</u></u>

• **Kontantvloei staat vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

	<i>Aan- tekening</i>	2011/12	2010/11
KONTANTVLOEI		R'000	R'000
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIVITEITE			
Ontvangste		358,566	299,100
Jaarlikse bewilligde fondse ontvang	1.1	352,480	294,704
Departementele inkomste ontvang	2	6,086	4,396
Netto (toename)/afname in bedryfskapitaal		(60)	6
Afgestaan aan Inkomstefonds		(6,703)	(4,788)
Lopende betalings		(229,840)	(214,383)
Betalings vir finansiële bates		(80)	(171)
Oordragte en subsidies betaal		(112,282)	(72,580)
Netto kontantvloei beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	15	9,601	7,184
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIVITEITE			
Betalings vir kapitaalbates	7	(9,686)	(6,889)
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		(9,686)	(6,889)
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE			
Toename/(afname) in netto bates		20	(11)
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		20	(11)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente		(65)	284
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk		200	(84)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	16	135	200

• **Rekeningkundige beleidsrigtings vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

Die Finansiële State is ooreenkomstig onderstaande beleide opgestel wat konsekwent in alle wesenlike aspekte toegepas is, tensy anders vermeld. Waar toepaslik en betekenisvol, is bykomende inligting egter openbaar gemaak om die bruikbaarheid van die finansiële state te verhoog en om te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999), en die Tesourieregulasies wat ooreenkomstig die Wet en die Wet op die Verdeling van Inkomste, Wet van 2011, uitgereik is.

1. Aanbieding van die Finansiële State

1.1 Basis van opstelling

Die finansiële state is opgestel op 'n gewysigde kontantbasis van rekeningkunde, behalwe waar anders vermeld. Die gewysigde kontantbasis behels die kontantbasis van rekeningkunde aangevul met bykomende openbaarmakingsitems. Met die kontantbasis van rekeningkunde word transaksies en ander gebeure erken wanneer kontant ontvang of betaal word.

1.2 Geldeenheid van aanbieding

Alle bedrae is in die geldeenheid van die Suid-Afrikaanse Rand (R), wat ook die funksionele geldeenheid van die Departement is.

1.3 Afronding

Tensy anders vermeld, is alle finansiële syfers afgerond tot die naaste een duisend rand (R'000).

1.4 Vergelykende syfers

Vergelykende inligting van die vorige tydperk is by die huidige jaar se finansiële state ingesluit. Waar nodig, is syfers in die vorige tydperk se finansiële state herklassifiseer om te verseker dat die formaat waarin die inligting aangebied word, ooreenstem met die formaat van die huidige jaar se finansiële state.

1.5 Vergelykende syfers – Begrotingstaat

'n Vergelyking tussen werklike bedrae en finale begroting per hoofklassifikasie van uitgawes is by die Begrotingstaat ingesluit.

2. Inkomste

2.1 Bewilligde fondse

Bewilligde fondse bestaan uit Departementele toewysings, asook regstreekse vorderings teen die Inkomstefonds (d.i. statutêre bewilliging).

Bewilligde fondse word in die finansiële rekords erken op die datum waarop die bewilliging van krag word. Aansuiwerings wat in die aansuiweringsbegrotingsproses gedoen word, word in die finansiële rekords erken op die datum waarop die aansuiwerings van krag word.

Onbestede bewilligde fondse word in die Provinsiale Inkomstefonds teruggestort. Enige bedrae wat aan die einde van die finansiële jaar aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie as betaalbaar erken.

Enige bedrag wat aan die einde van die finansiële jaar uit die Provinsiale Inkomstefonds opeisbaar is, word in die staat van finansiële posisie as ontvangbaar erken.

2.2 Departementele inkomste

Alle Departementele inkomste word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer dit ontvang word en word daarna in die Provinsiale Inkomstefonds gestort, tensy anders vermeld.

Enige bedrag wat aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie as betaalbaar erken.

Geen aangroeiing word gemaak vir ontvangbare bedrae van die laaste ontvangsdatum tot die einde van die verslagtydperk nie. Hierdie bedrae word egter in die openbaarmakingsaantekening by die finansiële jaarstate aangedui.

3. Uitgawes

3.1 Vergoeding van werknemers

3.1.1 Salarisse en lone

Salarisse en lone word in die staat van finansiële prestasie as 'n uitgawe erken wanneer finansiële magtiging vir betaling op die stelsel gegee word (nie later nie as 31 Maart elke jaar).

Ander werknemervoordele wat aanleiding gee tot 'n regtens erkende of konstruktiewe verpligting word teen nominale waarde in die openbaarmakingsaantekeninge by die finansiële state aangedui en word nie in die staat van finansiële prestasie of posisie erken nie.

Werknemer koste word gekapitaliseer by die koste van 'n kapitaalprojek wanneer 'n werknemer meer as 50% van sy/haar tyd aan die projek bestee. Hierdie betalings maak deel uit van uitgawes vir kapitaalbates in die staat van finansiële prestasie.

3.1.2 Maatskaplike bydraes

Werkgewerbydraes tot nadiens-voordeelplanne ten opsigte van huidige werknemers, word in die staat van finansiële prestasie as 'n uitgawe erken wanneer finale magtiging vir betaling op die stelsel gegee word (nie later nie as 31 Maart elke jaar).

Geen voorsiening vir aftreevoordele word in die finansiële state van die Departement gemaak nie. Enige potensiele laste word in die finansiële state van die Provinsiale Inkomstefonds aangedui en nie in die finansiële state van die werkgewer-departement nie.

Werkgewersbydrae wat deur die Departement gemaak word vir sekere van sy vorige werknemers (soos mediese voordele), word in die staat van finansiële prestasie as oordragte aan huishoudings geklassifiseer.

3.2 Goedere en dienste

Betalings wat in die jaar gemaak word vir goedere en/of dienste word in die staat van finansiële prestasie as 'n uitgawe erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel gegee word (nie later nie as 31 Maart elke jaar).

Die uitgawe word as kapitaal geklassifiseer as die goedere en/of dienste vir 'n kapitaalprojek verkry is of as die totale koopprys groter is as die kapitalisasiedrempel (tans R5 000). Alle ander uitgawes word as lopend geklassifiseer.

3.3 Betalings vir finansiële bates

Skuld word afgeskryf wanneer dit as onverhaalbaar geïdentifiseer word. Skuld wat afgeskryf is, word beperk tot die bedrag van besparings en/of onderbesteding van bewilligde fondse. Die afskrywing vind aan die einde van die jaar plaas, of wanneer fondse beskikbaar is. Geen voorsiening word vir onverhaalbare bedrae gemaak nie, maar 'n skatting word in die openbaarmakingsaantekeninge by die finansiële state aangedui.

Alle ander verliese word erken wanneer magtiging vir die erkenning daarvan verleen word.

3.4 Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word as 'n uitgawe erken wanneer die finansiële magtiging vir betaling op die stelsel gegee word (nie later nie as 31 Maart elke jaar).

3.5 Ongemagtigde uitgawes

Wanneer dit bevestig is, word ongemagtigde uitgawes in die staat van finansiële posisie as 'n bate erken totdat die uitgawes óf deur die betrokke owerheid goedgekeur is óf van die verantwoordelike persoon verhaal is óf as onverhaalbaar afgeskryf is in die staat van finansiële prestasie.

Ongemagtigde uitgawes wat goedgekeur is met befondsing, word de-erken uit die staat van finansiële posisie wanneer die ongemagtigde uitgawes goedgekeur en die betrokke fondse ontvang is.

Waar die bedrag sonder befondsing goedgekeur word, word dit op die datum van goedkeuring in die staat van finansiële prestasie as uitgawes erken.

3.6 Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word in die staat van finansiële prestasie as uitgawes erken volgens die aard van die betaling en nie as 'n afsonderlike lynitem op die voorkant van die staat nie. As die uitgawes verhaalbaar is, word dit as 'n bate hanteer totdat dit in die staat van finansiële prestasie van die verantwoordelike persoon verhaal is of as onverhaalbaar afgeskryf is.

3.7 Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes word in die staat van finansiële prestasie as uitgawes erken. As die uitgawes nie deur die betrokke owerheid gekondoneer word nie, word dit as 'n bate hanteer totdat dit verhaal is of as onverhaalbaar afgeskryf is.

4. Bates

4.1 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word teen koste in die staat van finansiële posisie gedra.

Oortrokke bankrekenings word afsonderlik aangedui op die voorblad van die staat van finansiële posisie.

Vir doeleindes van die kontantvloeistaat, behels kontant en kontantekwivalente kontant voorhande, deposito's gehou, ander hoogs likiede korttermynbeleggings en oortrokke bankrekenings.

4.2 Ander finansiële bates

Ander finansiële bates word teen koste in die staat van finansiële posisie gedra.

4.3 Voorafbetalings en voorskotte

Bedrae vooraf betaal of voorgeskiet word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die betalings gemaak word, en de-erken soos en wanneer die goedere/dienste ontvang word of die fondse gebruik word.

Voorafbetalings en voorskotte wat aan die einde van die jaar uitstaande is, word teen koste in die staat van finansiële posisie gedra.

4.4 Ontvangbare rekeninge

Ontvangbare rekeninge ingesluit in die staat van finansiële posisie spruit voort uit kontantbetalings gedoen wat verhaalbaar is van 'n ander party (insluitende departementele werknemers) en word by invordering of afskrywing de-erken.

Ontvangbare rekenings uitstaande teen die jaareinde word in die staat van finansiële posisie gedra teen koste plus enige opgelope rente.

4.5 Voorraad

Voorraad wat kwalifiseer vir erkenning moet aanvanklik teen koste weergegee word. Waar voorraad kosteloos of teen 'n nominale vergoeding verkry is, is die koste daarvan hulle billike waarde op die datum van verkryging.

Alle voorraaditems teen die jaareinde word deur die geweege gemiddelde koste of EIEU-kosteformule toe te pas, weergegee.

Vir die verslagtydperk, word biblioteekboeke/-materiaal wat vir verspreiding aangekoop is, in die voorraadskedules/lyste van die departement verantwoord.

4.6 Kapitaalbates

4.6.1 Roerende bates

Aanvanklike erkenning

'n Kapitaalbate word teen koste aangeteken by ontvangs van die item. Die koste van 'n bate word gedefinieer as die totale koste van verkryging. Waar die koste nie akkuraat bepaal kan word nie, word die roerende kapitaalbate teen billike waarde aangedui. Waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die kapitaalbate teen R1 in die bateregister opgeneem.

Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is, word teen R1 in die register opgeneem.

Latere erkenning

Latere uitgawes van 'n kapitaalaard word in die staat van finansiële prestasie as “uitgawes vir kapitaalbate” aangeteken en word by voltooiing van die projek in die bateregister van die Departement gekapitaliseer.

Herstelwerk en instandhouding word as lopende “goedere en dienste” in die staat van finansiële prestasie aangedui.

4.6.2 Onroerende bates

Aanvanklike erkenning

'n Kapitaalbate word teen koste aangeteken by ontvangs van die item. Die koste van 'n bate word as die totale koste van verkryging gedefinieer. Waar die koste nie akkuraat bepaal kan word nie, word die onroerende kapitaalbate teen R1 verklaar, tensy die billike waarde van die bate betroubaar geraam is.

Latere erkenning

Onvoltooide werk van 'n kapitale aard word in die staat van finansiële prestasie aangeteken as “uitgawes vir kapitaalbetes”. By voltooiing word die totale koste van die projek opgeneem in die bateregister van die departement wat die bate regtens besit of in dié van die provinsiale/nasionale Departement van Openbare Werke.

Herstelwerk en instandhouding word as lopende “goedere en dienste” in die staat van finansiële prestasie aangedui.

5. Laste

5.1 Bedrae betaalbaar

Erkende bedrae betaalbaar behels hoofsaaklik bedrae wat aan ander regeringsentiteite verskuldig is. Hierdie bedrae betaalbaar word teen koste gedra in die staat van finansiële posisie.

5.2 Verbintenisse

Verbintenisse word nie in die staat van finansiële posisie as 'n las erken of in die staat van finansiële prestasie as uitgawes erken nie, maar word by die openbaarmakingsnota ingesluit.

5.3 Aangroeiings

Aangroeiings word nie in die staat van finansiële posisie as 'n las erken of in die staat van finansiële prestasie as uitgawes erken nie, maar word by die openbaarmakingsnota ingesluit.

5.4 Werknemersvoordele

Korttermyn-werknemersvoordele wat tot 'n huidige wetlike of konstruktiewe verpligting aanleiding gee, word in die openbaarmakingsnota by die finansiële jaarstate aangedui. Hierdie bedrae word nie in die staat van finansiële prestasie of die staat van finansiële posisie erken nie.

5.5 Huurverbintenisse

Finansiële bruikhuurkontrakte

Finansiële bruikhuurkontrakte word nie as bates en laste in die staat van finansiële posisie erken nie. Finansiële bruikhuurkontrakbetalings word as 'n uitgawe erken in die staat van finansiële prestasie en word tussen die kapitaal- en rentedele toegedeel. Die las van finansiële bruikhuurkontrakte word in die openbaarmakingsnota by die finansiële jaarstate aangedui.

Bedryfsbruikhuurkontrakte

Bedryfsbruikhuurkontrakbetalings word in die staat van finansiële prestasie as 'n uitgawe erken. Die bedryfsbruikhuurverbintenisse word in die openbaarmakingsnota by die finansiële state aangedui.

5.6 Waardedaling

Die Departement toets vir waardedaling waar daar 'n aanduiding is dat 'n ontvangbare rekening verswak is. 'n Assessering van enige aanduiding van moontlike waardedaling word by elke verslagdatum gedoen. 'n Raming word gedoen van ontvangbare rekeninge, gebaseer op hersiening van alle uitstaande bedrae teen jaareinde.

6. Ontvangbare rekeninge vir departementele inkomste

Ontvangbare rekeninge vir departementele inkomste word in die openbaarmakingsnota by die finansiële jaarstate aangedui.

7. Netto bates

7.1 Kapitalisasiereserwe

Die kapitalisasiereserwe behels finansiële bates en/of laste wat in 'n vorige verslagtydperk ontstaan het, maar wat in die huidige verslagtydperk vir die eerste keer in die staat van finansiële posisie erken word. Bedrae word in die kapitalisasiereserwe erken wanneer dit in die huidige tydperk geïdentifiseer word, en word na die Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate verkoop word en die betrokke fondse ontvang word.

7.2 Verhaalbare inkomste

Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer 'n betaling wat in 'n vorige finansiële jaar gedoen is, in die huidige finansiële jaar van 'n debiteur verhaalbaar word. Bedrae word óf na die Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer dit verhaal word, óf na die staat van finansiële prestasie oorgedra wanneer dit afgeskryf word.

8. Verwante party-transaksies

Spesifieke inligting rakende verwante party-transaksies word by die openbaarmakingsnota ingesluit.

9. Sleutelbestuurspersoneel

Vergoeding wat betaal is aan sleutelbestuurspersoneel, insluitende hulle familieledede, waar van toepassing, word by die openbaarmakingsnota ingesluit.

10. SG-voertuiguitgawes en verpligtings

Die Nasionale Tesourie het as gevolg van die laat finalisering van die verskil oor die rekeningkundige hantering van SG-voertuie, 'n afwyking van die openbaarmaking van die toedeling van finansiële bruikhuurkontrak-uitgawes en toekomstige finansiële verpligtings tussen kapitaal en rente, soos voorgeskryf deur die rekeningkundige beleid in paragraaf 5.5 hierbo, goedgekeur. Toekomstige finansiële bruikhuurkontrakverpligtings is openbaar gemaak deur die VPIX-koers as die basis vir jaarlikse verhogings toe te pas.

• Aantekeninge by die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

1. Jaarlikse begroting

1.1 Jaarlikse begroting

Hierby ingesluit is fondse bewillig ooreenkomstig die Begrotingswet (en die Aansuiwerings Begrotingswet) vir nasionale departemente (Bewilligde fondse) en provinsiale departemente.

	Finale Begroting 2011/12 R'000	Werklike fondse ontvang 2011/12 R'000	Fondse nie aangevra/ nie ontvang nie R'000	Begroting Ontvang 2010/11 R'000
Administrasie	36,589	36,589	-	37,035
Kultuursake	74,860	74,860	-	59,647
Biblioteek en Argiefdiens	157,670	157,670	-	119,292
Sport en Ontspanning	83,361	83,361	-	78,730
TOTAAL	352,480	352,480	-	294,704

1.2 Voorwaardelike toekennings**

	<i>Aantekening</i>	2011/12 R'000	2010/11 R'000
Totale toekennings ontvang	30	95,658	90,170

Provinsiale toekennings ingesluit by totale toekennings ontvang

**Daar moet op gelet word dat die voorwaardelike toekennings ingesluit is by die bedrae in die totale begroting in Aantekening 1.1

	<i>Aantekening</i>	2011/12	2010/11
		R'000	R'000
2. Departementele inkomste			
TOTALE INKOMSTE			
Verkope van goedere en dienste buiten kapitaalbates	2.1	264	226
Boetes, strafbedrae en verbeurings	2.2	1,461	1,032
Rente, dividende en huur op grond	2.3	4	1
Transaksies in finansiële bates en laste	2.4	107	137
Oordrag ontvang	2.5	4,250	3,000
Totale inkomste gevorder		6,086	4,396
Min: Eie inkomste ingesluit by begroting	12	4,965	3,761
Departementele inkomste ontvang		1,121	635
2.1 Verkope van goedere en dienste buiten kapitaalbates			
Verkope van goedere en dienste deur die departement verskaf		241	218
Verkope deur markinstelling		67	48
Ander verkope		174	170
Verkope van skroot, afval en ander gebruikte bedryfgoedere		23	8
TOTAAL		264	226
2.2 Boetes, strafbedrae en verbeurings			
Strafbedrae		1,461	1,032
TOTAAL		1,461	1,032
Agterstallige inkomste van munisipaliteite gevorder vir boetes op verlore boeke			
2.3 Rente, dividende en huur op grond			
Rente		4	1
TOTAAL		4	1
2.4 Transaksies in finansiële bates en laste			
Ontvangbare rekeninge		3	20
Ander ontvangste, insluitende verhaalbare inkomste		104	117
TOTAAL		107	137
2.5 Oordragte ontvang			
Ander regeringseenhede		4,250	3,000
TOTAAL		4,250	3,000

	<i>Aantekening</i>	2011/12	2010/11
		R'000	R'000
3. Vergoeding van werknemers			
3.1 Salarisse en lone			
Basiese salaris		86,058	81,744
Prestasietoekenning		1,722	1,611
Diensgebaseer		205	299
Vergoedend/omstandigheidsgebaseer		3,200	2,209
Periodieke betalings		7	3
Ander niepensioengewende toelaes		16,780	15,391
TOTAAL		107,972	101,257
3.2 Maatskaplike bydraes			
Werkgewerbydraes			
Pensioen		10,247	9,886
Medies		7,448	7,013
Bedingingsraad		33	34
TOTAAL		17,728	16,933
Totale vergoeding van werknemers		125,700	118,190
Getal werknemers		665	715

Aantekening: Die getal werknemers verteenwoordig al die permanente en kontrakwerknemers van die departement.

	<i>Aantekening</i>	2011/12	2010/11
		R'000	R'000
4. Goedere en dienste			
Administratiewe fooie		183	172
Reklame		2,260	3,492
Bates onder R5,000	4.1	879	545
Beurse (werknemers)		184	163
Spyseniering		5,392	4,844
Kommunikasie		4,381	3,881
Rekenaardienste	4.2	5,155	9,648
Konsultante, kontrakteurs en agentskaps-/ uitgekontrakteerde dienste	4.3	6,461	8,831
Onthaal		30	74
Ouditkoste – ekstern	4.4	2,611	3,078
Vlootdienste			
Vorraad	4.5	31,140	29,376
Behuising			
Bedryfsbruikhuurkontrakte		916	906
Eiendomsbetalings	4.6	1,993	3,374
Huurgeld en huur		112	-
Vervoer verskaf as deel van departementele aktiwiteite		5,552	4,910
Reis en verblyf	4.7	13,126	9,321
Lokale en fasiliteite		1,095	1,702
Opleiding en personeelontwikkeling		1,990	1,212
Ander bedryfsuitgawes	4.8	20,680	10,664
TOTAAL		104,140	96,193
4.1 Bates onder R5,000			
Tasbare bates		869	527
Masjinerie en toerusting		869	527
Nie-tasbare bates		10	18
Rekenaarsagteware		10	18
TOTAAL		879	545
4.2 Rekenaardienste			
SITA-rekenaardienste		5,150	9,626
Eksterne rekenaardiensverskaffers		5	22
TOTAAL		5,155	9,648

	<i>Aantekening</i>	2011/12 R'000	2010/11 R'000
4.3	<i>Konsultante, kontrakteurs en agentskaps- / uitgekonnekteerde dienste</i>		
	Besigheids- en raadgewende dienste	3,725	1,327
	Regresskoste	5	246
	Kontrakteurs	2,648	7,134
	Agentskaps- en ondersteunings/uitgekonnekteerde dienste	83	124
	TOTAAL	6,461	8,831
4.4	<i>Ouditkoste – ekstern</i>		
	Reëlmatigheidsoudits	2,611	3,078
	TOTAAL	2,611	3,078
4.5	<i>Vorraad</i>		
	Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal	22,511	22,031
	Voedsel en voedselvoorraad	56	103
	Ander verbruikbare materials	6,017	4,663
	Materiale en voorraad	50	122
	Skryfbehoeftes en drukwerk	2,423	2,450
	Mediese voorraad	83	7
	TOTAAL	31,140	29,376
4.6	<i>Eiendomsbetalings</i>		
	Munisipale dienste	923	766
	Ander	1,070	2,608
	TOTAAL	1,993	3,374
4.7	<i>Reis en verblyf</i>		
	Werknemer koste	13,126	9,321
	Binnelandse reiskoste	13,067	8,905
	Internasionale reiskoste	59	416
	TOTAAL	13,126	9,321
4.8	<i>Ander bedryfsuitgawes</i>		
	Leederskappe	294	128
	Professionele liggame, lidmaatskaps- en inskrywingsgelde	10	13
	Hervestigingskoste	22	106
	Ander	20,354	10,417
	TOTAAL	20,680	10,664

	<i>Aantekening</i>	2011/12 R'000	2010/11 R'000
5. Betalings vir finansiële bates			
Wesenlike verliese deur misdadigergedrag		-	13
Diefstal	5.3	-	13
Ander wesenlike verliese afgeskryf	5.1	36	95
Skulde afgeskryf	5.2	44	63
TOTAAL		80	171

5.1 Ander wesenlike verliese afgeskryf
Aard van verliese

Ongelukskade GVZ536G – T Plaatjies	2	-
Ongelukskade GVZ641G – NP Mpashe	21	-
Ongelukskade GVS899G – C Gertze	3	-
Ongelukskade GVX283G – JH Mitchell	1	-
Ongelukskade GVZ433G – MP Mitchell	6	-
Ongelukskade GVS713G – M Janse v Rensburg	1	-
Ongelukskade Cabs Car Hire – EM Jobs	2	-
Ongelukskade GVY597G – C Alexander	-	17
Ongelukskade GVY797G – D vd Westhuizen	-	16
Ongelukskade GVX376G – B Jobodwana	-	4
Ongelukskade GVZ084G – NP Mpashe	-	4
